2.1.2.1 Voorsiening van die nodige *personeel* vir die doeltreffende funksionering van die mediasentrum (par. 3.1)

2.1.2.2 Bepaling van behoeftes vir die opstel van die jaarlikse *mediabegroting* (par. 3.2)

2.1.2.3 Evaluering van bestaande *mediafasiliteite* en beplanning om in die kort- en langtermynbehoeftes te voorsien (par. 3.3)

2.1.2.4 Opbou van 'n funksionele *mediavoorraad* deur volle personeelbetrokkenheid (par. 3.4)

2.1.2.5 Doeltreffende *organisering* van die mediavoorraad (par. 3.5)

2.1.3 Mediadienste sluit in:

2.1.3.1 *Ontsluiting van inligting* in die mediasentrum deur die onderwerpkatalogus, bronnelyste en uitstallings (par. 4.1)

2.1.3.2 *Beskikbaarstelling* van die mediavoorraad aan die gebruikers (par. 4.2)

2.1.3.3 *Bekendstelling* van die mediasentrum en mediadienste ter bevordering van mediagebruik (par. 4.3)

2.1.3.4 Voorsiening van *inligting- en konsultasiedienste* aan onderwysers en leerlinge (par. 4.4)

2.1.3.5 Bywoning van *indiensopleidingkursusse* en die opstel van 'n *voorligtingprogram* vir die personeel oor aspekte van mediagebruik wat as 'n behoefte geïdentifiseer is (par. 4.5)

2.1.4 Mediagebruik in die skool sluit in:

2.1.4.1 Onderrig van *Mediagebruikersleiding* in vaste onderrigperiodes vir die senior primêre en junior sekondêre skoolfase *in die mediasentrum*, en vir die junior primêre skoolfase, spesiale klasse en die senior sekondêre skoolfase *in die klaskamer* (par. 5.1).

2.1.4.2 *Integrering van media* met klas- en vakonderwys as deel van die vakbeleid en die gebruik van media in 'n les en vir werkopdragte (par. 5.2).

2.1.4.3 *Buitekurrikulêre gebruik* van media vir sport, ontspanning, kulturele aktiwiteite en persoonlike behoeftes en belangstellings van leerlinge (par. 5.3).

2.2 DIE MEDIAKOMITEE

2.2.1	**Doelstelling van die mediakomitee**	4
2.2.2	**Samestelling en funksionering van die mediakomitee**	4
2.2.3	**Funksies van die mediakomitee**	5

2.2.1 Doelstelling van die mediakomitee

In die departementele beleid (hfst. 1) word bepaal dat die mediakomitee "die doeltreffende gebruik van onderwysmedia en die funksionering van die mediasentrum" onder leiding van die hoof of adjunk-hoof beplan. Die doel van die mediakomitee is om die hoof in die professionele bestuur van al die komponente van die mediasentrum en mediagebruik in die skool by te staan.

2.2.2 Samestelling en funksionering van die mediakomitee

2.2.2.1 Die mediakomitee behoort so saamgestel te word dat alle vakke en skoolfases, asook kulturele en ander aktiwiteite, verteenwoordig word. Die getal lede word deur die grootte van die skool en die omvang van aktiwiteite bepaal.

2.2.2.2 Die hoof as professionele leier is die voorsitter van die mediakomitee met die adjunk-hoof as sekundus. Die departementshoofde vir vakke en skoolfases, vakverteenwoordigers, die media-onderwyser en 'n assistent-media-onderwyser is vanselfsprekend lede. In kleiner skole behoort die hele personeel die mediakomitee te vorm.

2.2.2.3 In groter skole kan ook subkomitees vir bepaalde projekte benoem word. Sodoende kan personneellede wat spesifiek in mediagebruik en die mediasentrum belangstel of 'n besondere aanleg het, bv. in kuns, fotografie, of voordragkuns, ook betrek word en die verantwoordelikheid gedeel word.

2.2.2.4 Die mediakomitee vergader minstens een keer per kwartaal en bepaal datums vir vergaderings op die skoolprogram. Die gebruiklike prosedures vir vergaderings word gevolg.

2.2.3 Funksies van die mediakomitee

Die mediakomitee is verantwoordelik vir die professionele bestuur van die mediasentrum en mediagebruik onder leiding van die hoof. Die mediakomitee sal vir die volgende verantwoordelik wees:

2.2.3.1 *Bepaal* die skoolmediabeleid as deel van die skoolbeleid (par. 2.3)

2.2.3.2 *Beplan* die mediaprogram waarin vir elk van die komponente van die professionele bestuur van die mediasentrum en mediagebruik voorsiening gemaak word (par. 2.4)

2.2.3.3 *Delegeer* verantwoordelikheid vir die bestudering van bepaalde komponente of onderafdelings (hoofstukke 3, 4 en 5) aan lede van die mediakomitee vir die opstel van werkprogramme (par. 2.4)

2.2.3.4 *Koördineer* die werkprogramme tydens 'n vergadering en bepaal prioriteite vir implementering op die jaarprogram (par. 2.4)

2.2.3.5 *Beheer* al die aktiwiteite en reël vir gereelde terugvoering tydens vergaderings

2.2.3.6 *Evalueer* die professionele bestuur van die mediasentrum en mediagebruik.

2.3 DIE SKOOLMEDIABELEID

2.3.1	**Inleiding**	**5**
2.3.2	**Komponente van die skoolmediabeleid**	**6**
2.3.3	**Voorbeeld van 'n skoolmediabeleid**	**6**
2.3.4	**Evaluering van die skoolmediabeleid**	**10**

2.3.1 Inleiding

Beleid is 'n verklaring van voorneme van *wat beoog word* of wat die *doelstellings* met 'n bepaalde handeling of optrede is. In die skoolmediabeleid bepaal die mediakomitee die skool se voornemens vir die implementering van die departementele beleid vir die mediasentrum en mediagebruik (par. 2.2).

2.3.2 Komponente van die skoolmediabeleid

In die skoolmediabeleid word vir die verskillende komponente van die professionele bestuur van die mediasentrums en mediagebruik voorsiening gemaak. Ter illustrasie word 'n voorbeeld van 'n skoolmediabeleid vir groter skole hieronder gegee. Die *voorbeeld is nie voorskriftelik nie* en behoort by die omstandighede en behoeftes van elke skool aangepas te word. Die mediabeleid behoort nie besonderhede te bevat nie; interne prosedures kan as bylae aangeheg word.

Die verwysing na paragrawe in die voorbeeld dui aan waar die mediakomitee verdere inligting kan bekom.

2.3.3 Voorbeeld van 'n skoolmediabeleid

2.3.3.1 DOELSTELLING

Om die departementele mediabeleid deur die volgende te implementeer:

- *Die inrigting van 'n funksionele mediasentrum vir die doeltreffende gebruik van onderwysmedia in die skool.*
- *Die benoeming van 'n mediakomitee wat onder leiding van die hoof die beleid van die skool vir die onderskeie komponente bepaal en op skrif stel.*
- *Die integrering van die skoolmediabeleid met die skoolbeleid.*

2.3.3.2 DIE PROFESSIONELE BESTUUR VAN DIE MEDIASENTRUM

(1) ***Die mediakomitee*** *(par. 2.2)*

'n Mediakomitee wat onder leiding van die hoof funksioneer, word vir die professionele bestuur van die mediasentrum en van mediagebruik saamgestel. Die mediakomitee stel die skoolmediabeleid en die mediaprogram vir die implementering van die beleid op.

Die mediakomitee word deur die hoof benoem en bestaan uit:

'n Adjunk-hoof (wat ook as sekundus vir die hoof optree)
Departementshoofde
Spesifieke vakverteenwoordigers
Die media-onderwyser; en
assistent-media-onderwyser

Assistent-media-onderwysers en ander belangstellende onderwysers word in subkomitees benoem om bepaalde projekte onder leiding van die media-onderwyser te onderneem.

Die funksies van die mediakomitee is om die hoof in die professionele bestuur van die mediasentrum en mediagebruik by te staan asook in die beplanning, koördinering en beheer van elke komponent en onder-afdeling van die skoolmediabeleid.

'n Interne prosedure vir die funksionering van die mediakomitee word opgestel.

(2) ***Die skoolmediaprogram*** *(par. 2.4)*

'n Mediaprogram vir die implementering van die mediabeleid word elke ses maande opgestel en met die skoolkurrikulum geïntegreer. Werkprogramme word beplan en met die skoolprogram geïntegreer.

(3) ***Evaluering van skoolmediabeleid en -program***

- *Die skoolmediabeleid word geëvalueer namate mediagebruik vorder sodat dit by veranderde behoeftes van onderwysers en leerlinge aanpas (par. 2.3.4).*
- *Die skoolmediaprogram en werkprogramme vir die uitvoering daarvan word geëvalueer om vordering te bepaal en programme betyds aan te pas (par. 2.4.4).*

2.3.3.3 *DIE BEPLANNING VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE MEDIASENTRUM*

(1) ***Mediapersoneel*** *(par. 3.1)*

By die funksietoewysing aan personeel word 'n media-onderwyser voltyds afgesonder vir die mediasentrum en is hy aan die hoof en die mediakomitee verantwoordelik. Assistent-media-onderwysers word benoem om onder leiding van die media-onderwyser vir spesifieke pligte verantwoordelikheid te neem. Die pligte word op hulle pligstate aangedui as buitemuurse aktiwiteite. Administratiewe hulp word sover moontlik gegee.

Leerlinghelpers is in die mediasentrum behulpsaam en word as toekomstige leerlingleiers opgelei. Aandag word aan die toewysing van pligte en verantwoordelikhede aan leerlinge gegee, 'n diensrooster word opgestel en beheer word uitgeoefen. Ouerhelpers word vir administratiewe werk onder leiding van die media-onderwyser gebruik.

(2) ***Mediabegroting*** *(par 3.2)*

In die skoolbegroting word vir die behoeftes van die mediasentrum voorsiening gemaak, sodat die mediasentrum oor die nodige voorraad en fasiliteite vir kurrikulêre en buite-kurrikulêre mediagebruik kan beskik.

(3) ***Mediafasiliteite*** *(par. 3.3)*

Die fisiese vereistes om die mediasentrum en die klaskamers vir doeltreffende mediagebruik toe te rus word by beplanning vir fasiliteite gehanteer.

(4) ***Mediavoorraad*** *(par 3.4)*

Alle onderwysers behoort die voorraad vir hulle vakke/klasse te ken en hulp aan die media-onderwyser te verleen deur die voorraad volgens sillabusbehoeftes te analiseer. Hulle identifiseer leemtes in die voorraad en raadpleeg die Mediagids vir gemotiveerde aanbevelings vir die uitbou van die voorraad. Die evalueringskriteria vir elke medium word vir die selektering van mediavoorraad vir aankope gebruik. Prioriteite vir besteding van fondse word gestel sodat in aktuele behoeftes voorsien kan word.

Die vervaardiging van transparante, klankopnames en skyfieklankprogramme en die opbou van pamflet- en ander versamelings word beplan nadat leemtes in die voorraad geïdentifiseer is.

Die leen van oudiovisuele programme van die Onderwysbiblioteek en die Nasionale Filmoteek word volgens 'n vaste prosedure gehanteer.

(5) ***Organisasie van die mediavoorraad*** *(par. 3.5)*

Die instandhouding van die organisasie van die mediavoorraad word deur die mediakomitee beplan en die media-onderwyser, ander mediapersoneel en leerlinghelpers word in die uitvoering van hulle pligte ondersteun.

(6) ***Evaluering van die funksionering van die mediasentrum***

Die mediakomitee evalueer die doeltreffendheid van die funksionering van die mediasentrum deur vraelyste wat onderwysers en leerlinge invul.

2.3.3.4 ***VOORSIENING VAN MEDIADIENSTE VIR MEDIAGEBRUIK***

(1) ***Ontsluiting van inligting in die mediasentrum*** *(par. 4.1)*

Die ontsluiting van inligting in die mediasentrum word volgens onderwerp, outeur en titel in die onderwerpkatalogus gedoen. Afgerolde kataloguskaarte word van die Onderwysmediadiens aangevra.

Inligting word verder deur bronnelyste, leeslyste en uitstallings ontsluit.

(2) ***Beskikbaarstelling van mediavoorraad aan gebruikers*** *(par. 4.2)*

Die mediasentrum is daagliks voor skool, gedurende pouses en in die namiddag vir gebruik oop. Alle leerlinge mag voorraad leen, ook die leerlinge van die junior primêre skoolfase sodra hulle verantwoordelikheid vir 'n lening kan aanvaar.

Die onderwysers gebruik die mediasentrum en die onderwysersnaslaanversameling, insluitende die voorraad wat sentraal verskaf is.

Oudiovisuele apparatuur is vir klaskamergebruik beskikbaar. Uitlening moet vroegtydig gereël word. Leerlinge mag apparatuur onder toesig van die onderwyser in die klaskamer, en die media-onderwyser in die mediasentrum, gebruik.

Interne leenprosedures en 'n mediasentrumrooster word vir die gebruikers opgestel.

(3) ***Bekendstelling van mediasentrum, mediavoorraad en mediadienste*** *(par. 4.3)*

Die mediasentrum en mediadienste word aktief aan leerlinge, onderwysers en ouers bekend gestel deur kennisgewings, duidelike aanwysings, plakkate, die skoolkoerant, bronne- en leeslyste, uitstallings, kompetisies, demonstrasies, boekvoorlesings, oueraande, funksies of ander inisiatiewe vir fondsinsameling. Bekendstellingaktiwiteite word met die skoolprogram geïntegreer.

(4) ***Inligting- en konsultasiedienste in die mediasentrum aan onderwysers en leerlinge*** *(par. 4.4)*

Die media-onderwyser bied met die ondersteuning van die mediakomitee professionele inligting- en konsultasiedienste deur uitreiking na gebruikers, die skep van 'n aangename atmosfeer en dienslewering volgens hulle behoeftes.

(5) ***Indiensopleiding en voorligting in mediagebruik*** *(par. 4.5)*

Die bywoning van indiensopleidingkursusse (oriënterings- en streek-) in mediagebruik word deur die mediakomitee beplan. Die mediakomitee reël vir terugrapportering aan hulle en vir oordrag van kursusinhoud aan die res van die personeel.

Werksessies en ander indiensopleidinggeleenthede word selektief benut sodat soveel personeellede moontlik 'n beurt vir bywoning kry. Die behoefte aan werksessies word geïdentifiseer en by die Onderwysmediadiens aanhangig gemaak.

'n Program vir voorligting in verskillende aspekte van mediagebruik word opgestel en in die mediasentrum aangebied. Nuwe personeel kry stelselmatig voorligting sodat hulle by die skoolmediaprogram kan inskakel.

(6) ***Evaluering van mediadienste vir mediagebruik***

Die mediakomitee stel kriteria op vir die evaluering van die mediadienste deur die gebruikers, sowel onderwysers as leerlinge. Leemtes word geïdentifiseer en prioriteite bepaal vir die verbetering van spesifieke mediadienste.

2.3.3.5 MEDIAGEBRUIK

(1) ***Onderrig van Mediagebruikersleiding vir ontwikkeling van inligting- en mediavaardighede*** *(par. 5.1)*

- *Mediagebruikersleiding word in die junior primêre skoolfase en spesiale klasse met die klasonderwys geïntegreer. Bloklenings vir die mediahoekie in elke klaskamer word gemaak. Die onderwyseresse behoort die voorraad te ken en aan voorraadbou deel te neem. Hulle werk saam met die media-onderwyser i.v.m. bloklenings, periodieke besoeke aan die mediasentrum en leiding aan leerlinge om self boeke uit te neem.*
- *Een periode per week word vir elke klas in die senior primêre en junior sekondêre skoolfase vir die onderrig van Mediagebruikersleiding op die rooster voorsien. Die betrokke onderwysers werk saam met die media-onderwyser in die stelselmatige ontwikkeling van mediavaardighede in die mediasentrum en die toepassing daarvan in die klaskamer waar bloklenings gebruik word.*
- *Onderwysers in die senior sekondêre skoolfase behoort saam met die media-onderwyser te reël vir een of meer klasbesoeke per kwartaal aan die mediasentrum gedurende 'n vakperiode. Inligting- en mediavaardighede word deur praktiese toepassing in die mediasentrum verder ontwikkel. Werkopdragte word beplan met inagneming van beskikbare voorraad, belangstelling en aanleg van leerlinge, sodat gedifferensieer kan word.*

(2) ***Kurrikulêre mediagebruik*** *(par. 5.2)*

Dit is beleid dat onderwysers 'n verskeidenheid media in die onderrig gebruik en dat media doelgerig geselekteer en met lesse geïntegreer word.

Departementshoofde gee by vakvergaderings leiding in die gebruik van media in die verskillende lesfases en in die keuse en hantering van werkopdragte aan leerlinge. Ervarings van effektiewe mediagebruik word onderling gedeel en by mediakomitee- en personeelvergaderings bespreek.

(3) ***Buitekurrikulêre mediagebruik*** *(par. 5.3)*

Die mediakomitee en die betrokke onderwysers voorsien ook in die behoeftes vir buitekurrikulêre mediagebruik, bv. sport en ontspanning, kulturele aktiwiteite en persoonlike behoeftes en belangstellings.

(4) ***Prosedures vir mediagebruik***

Interne prosedures vir samewerking met die media-onderwyser in die ontwikkeling van inligting- en mediavaardighede, die selektering van voorraad vir 'n les, 'n werkopdrag of 'n bloklening en die bespreking van tyd op die rooster, word opgestel.

(5) ***Evaluering van mediagebruik***

Lesse in Mediagebruikersleiding en lesse waarin media gebruik word, die doeltreffendheid van die ontwikkeling van inligting- en mediavaardighede, die integrering van onderwysmedia met vakonderwys en buitekurrikulêre mediagebruik word deurgaans geëvalueer.

2.3.4 Evaluering van die skoolmediabeleid

Soos blyk uit die voorbeeld hierbo word elke komponent van die mediabeleid afsonderlik deur die mediakomitee geëvalueer. In die proses behoort leemtes geïdentifiseer te word sodat die skoolmediabeleid jaarliks in sy geheel aan die hand van die doelstellings geëvalueer kan word en die nodige aanpassings gemaak kan word.

2.4 DIE SKOOLMEDIAPROGRAM

2.4.1	**Inleiding**	10
2.4.2	**Prosedure vir die opstel van 'n mediaprogram en werkprogramme**	10
2.4.3	**Voorbeeld van 'n skoolmediaprogram en werkprogramme vir 'n bepaalde jaar**	11
2.4.4	**Evaluering van mediaprogram en werkprogramme**	11

2.4.1 Inleiding

Die mediakomitee stel 'n mediaprogram vir die implementering van die skoolmediabeleid op en integreer die mediaprogram met die jaarprogram van die skool. Die mediaprogram vir byvoorbeeld elke 6 maande bestaan uit verskillende werkprogramme wat op bepaalde datums afgehandel moet word.

2.4.2 Prosedure vir die opstel van 'n mediaprogram en werkprogramme

2.4.2.1 Neem die skoolmediabeleid as uitgangspunt en gebruik 'n vorm (Bylae A) vir die beplanning van die mediaprogram (par. 2.4.3.2).

2.4.2.2 Kyk na elke komponent en onderafdeling van die mediabeleid in die eerste twee kolomme, identifiseer in die derde kolom die behoeftes wat in die mediaprogram aandag moet kry en waarvoor moontlike werkprogramme opgestel behoort te word. Bepaal prioriteite vir implementering en dui die datums daarvolgens in die laaste kolom aan.

2.4.2.3 Integreer die mediaprogram met die jaarprogram van die skool sodat die mediasentrum en mediagebruik deel van die algemene skoolprogram uitmaak en tyd, personeel, fondse, ens. voorsien kan word.

2.4.2.4 Beplan werkprogramme vir die onderafdelings van die komponente wat as prioriteite gestel is en gebruik 'n vorm (Bylae B) daarvoor (par. 2.4.3.3).

- Nommer en identifiseer die onderwerp vir 'n spesifieke werkprogram (par. 2.4.3.3(1) - (3)) en dui die datum waarop dit opgestel is aan.
- Formuleer die doelwit van die werkprogram in die eerste kolom en dui in die tweede kolom aan watter onderwysers betrokke is.
- Beskryf die werkprosedure in die derde kolom en vul die datums vir die aanvang en afhandeling van die werkprogram in die laaste kolom in.

2.4.2.5 Beplan vir die implementering van die werkprogram, kontroleer en evalueer gereeld.

2.4.3 Voorbeeld van 'n skoolmediaprogram en werkprogramme vir 'n bepaalde jaar

2.4.3.1 ***DIE SKOOLMEDIAPROGRAM : INLEIDING***

Met die opstel van die mediaprogram vir die implementering van die skoolmediabeleid vir 1989 het die mediakomitee die behoeftes van die onderwysers en leerlinge wat met die evaluering van die skoolmediabeleid en -program in 1988 geïdentifiseer is, in ag geneem. By die bepaling van prioriteite vir werkprogramme is ook rekening gehou met die wisseling van mediapersoneel (media-onderwyser en 'n assistent- media-onderwyser) en die toename in mediagebruik in 1988.

In die mediaprogram kry al die komponente deurlopend aandag en word in 1989 gekonsentreer op veral die volgende aspekte:

- *Die algemene administrasie en funksionering van die mediasentrum sodat die nodige mediadienste voorsien kan word*
- *Opvolging van Werkprogram 4/1987 en 2/1988 vir die betrokkenheid van personeel by voorraadbou, inligtingontsluiting en vervaardiging van programmatuur*
- *Stelselmatige ontwikkeling van inligting- en mediavaardighede tydens periodes vir Mediagebruikersleiding en noue samewerking tussen klas-, vak- en media-onderwysers vir betekenisvolle mediagebruik*
- *Verdere beplanning vir Werkprogram 3/1988 vir die insluiting van media in die vakbeleid, die integrering van media in 'n les en veral werkopdragte aan leerlinge, sodat leerlinge in soveel vakke moontlik geleentheid kry om mediavaardighede wat bemeester is, toe te pas*
- *Die bepaling van behoeftes vir buitekurrikulêre gebruik.*

2.4.3.2 ***VOORBEELD VAN DIE BEPLANNING VAN 'N MEDIAPROGRAM : IDENTIFISERING VAN BEHOEFTES, bl. 12***

2.4.3.3 ***VOORBEELDE VAN DIE BEPLANNING VAN WERKPROGRAMME, bl. 13 - 15***

2.4.4 Evaluering van mediaprogram en werkprogramme

2.4.4.1 Evalueer die onderskeie werkprogramme volgens die doelwit wat gestel is en die datum van aanvang en afhandeling, en rapporteer by elke mediakomiteevergadering.

2.4.4.2 Evalueer die mediaprogram volgens doelwitte vir werkprogramme gestel en pas dit aan volgens behoefte.

2.4.3.2 *VOORBEELD VAN DIE BEPLANNING VAN 'N MEDIAPROGRAM :- IDENTIFISERING VAN BEHOEFTES*

SKOOLMEDIABELEID		SKOOLMEDIAPROGRAM 1989	
KOMPONENT	**ONDERAFDELING**	**DOELWITTE VIR OPSTEL VAN WERKPROGRAMME**	**DATUM**
1. Professionele bestuur van die mediasentrum	1.1 Mediakomitee	Benoem nuwe lede	± 13 Jan
	1.2 Mediabeleid	Evalueer en pas aan	20 Jan
	1.3 Mediaprogram	Stel op tydens mediakomiteevergadering	20 Jan
2. Beplanning vir die funksionering van die mediasentrum	2.1 Mediapersoneel	Lei nuwe media-onderwyser op, reël met SO(kr) vir besoek van media-adviseur	Jan-Feb
	2.2 Mediabegroting	Bepaal behoeftes	Maart
	2.3 Mediafasiliteite	Handel Werkprogram 5/1988 af	Maart
	2.4 Mediavoorraad	Volg Werkprogramme 4/1987 en 2/1988 op	Volteoi Mei
	2.5 Organisering van die mediavoorraad	Katalogisering : stel werkprogram op Neem voorraad op : werkprogram	Jan - Jun
3. Beplanning vir die voorsiening van mediadienste vir mediagebruik	3.1 Ontsluiting van inligting	Volg Werkprogram 4/1987 en 2/1988 op (sluit aan by 2.4 en 2.5)	
	3.2 Beskikbaarstelling van mediavoorraad	Stel rooster op Stel prosedures op : werkprogram	Jan Einde Maart
	3.3 Bekendstelling van die mediasentrum	Stel werkprogram op en integreer met skoolprogram	Einde Feb
	3.4 Inligting- en konsultasiedienste	Sluit aan by 2.1 en 3.3	
	3.5 Indiensopleiding en voorligting	Indiensopleiding: Vra werksessie aan Stel program op vir bywoning en terugrapportering Gee voorligting aan nuwe onderwysers en aan alle onderwysers in mediagebruik	Jan Volgens datums Feb-Mrt Maandeliks
4. Beplanning vir mediagebruik	4.1 Mediagebruikersleiding	Oriënteer onderwysers t.o.v. Program vir Mediagebruikersleiding Ontwikkel inligting- en mediavaardighede stelselmatig : werkprogram	Feb April
	4.2 Kurrikulêre mediagebruik	Stel prosedures op (sluit aan by 3.4) Volg Werkprogram 3/1988 op Vakvergaderings : Werkopdragte en werkkaarte	Maart
	4.3 Buitekurrikulêre mediagebruik	Doen behoeftebepaling vir 'n werkprogram Stel werkprogram op	Voor einde Mei

Kyk Bylae A vir 'n vorm wat vir die beplanning van 'n mediaprogram benut kan word.

2.4.3.3 VOORBEELDE VAN DIE BEPLANNING VAN WERKPROGRAMME

(1) WERKPROGRAM 1/1989 : PROFESSIONELE BESTUUR VAN DIE MEDIASENTRUM (PAR 2.3.3.2)

DATUM OPGESTEL : 1988.11.11

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi
1. Samestelling en funksionering van mediakomitee	Hoof	1. Benoem lede in die plek van personeel wat poste elders aanvaar het	11 Jan	
		2. Lig nuwe lede kortliks in oor doel en funksies van die mediakomitee en hul verantwoordelikheid		
	Hoof en adjunk-hoof	3. Stel datums vas vir mediakomiteevergaderings en plaas op die skool se jaarprogram		20 Jan
2. Evaluering van mediabeleid	Drie ervare lede van mediakomitee en media-onderwyser	1. Werk bestaande skoolmediabeleid stelselmatig deur en maak aantekeninge van aanbevelings van veranderings vir voorlegging tydens mediakomiteevergadering	1 Des 1988	
		2. Senior lid bespreek moontlike wysigings vooraf met voorsitter van mediakomitee (Hoof of sekundus)	19 Jan	20 Jan
3. Opstel van mediaprogram tydens mediakomiteevergadering	Mediakomitee	1. Kyk na die verskillende komponente van die skoolmediabeleid, bepaal behoeftes en teken aan (kyk Bylae A vir vorm)	20 Jan	31 Jan
		2. Bepaal prioriteite vir implementering en dui datums in die laaste kolom van mediaprogram aan		
4. Beplanning van werkprogramme	Sub-komitee van die mediakomitee (insluitende media-onderwyser)	1. Stel werkprogramme op volgens die doelwitte gestel in die mediaprogram	20 Jan	31 Jan
	Hoof	2. Koördineer werkprogramme en versprei aan departementshoofde vir bekendstelling en bespreking met personeel daarby betrokke	1 Feb	7 Feb
5. Implementering van werkprogramme	Departementshoofde	1. Sien toe dat werkprogramme deur die personeel uitgevoer word	10 Feb	
		2. Rapporteer terug tydens mediakomiteevergaderings oor vordering wat gemaak is		

Kyk Bylae B vir vorm wat vir die beplanning van 'n werkprogram benut kan word.

(2) *WERKPROGRAM 2/1989 : VOORRAADBOU (PAR 3.4.6)*

SLUIT AAN BY WERKPROGRAM 4/1987 EN 2/1988

DATUM OPGESTEL : 1989.01.20

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi
1. Uitbou van Junior Versameling	1. Junior primêre skoolfase: alle onderwysers	1. Sifting van JPS-boekevoorraad volgens kriteria	2 Feb	29 Mei
		1.1 Onttrek boeke in samewerking met media-onderwyser vir: ° herbind ° herstel van boeke wat nie weer herbind kan word nie ° onttrek vir afskrywing, (merk boeke wat vir pamfletversameling gebruik kan word)		
		1.2 Bepaal leemtes in voorraad		
		1.3 Identifiseer media wat intensief gebruik en gedupliseer kan word		
		1.4 Gebruik jongste uitgawes van Mediagids, kies titels vir aanskaffing en dui pryse aan		
		1.5 Stel prioriteitslys vir herbestelling en aanvulling van voorraad op vir Mediakomiteevergadering in April vir eerste aankope		16 Mrt
		1.6 Gee aandag aan prioriteitslyste vir latere aankope: Oktobervergadering	2 Mei	29 Sept
2. Evaluering van verhale en vakliteratuur vir Tale	2. Senior primêre of junior en senior sekondêre skoolfase: Taalonderwysers	2. Sifting van verhale en relevante vakliteratuur (400 en 800 Dewey-klas) volgens kriteria en hantering soos 1.1 - 1.6 hierbo	16 Feb	30 Junie
3. Uitvoering van die Werkprogram 2/1988: Voorraadbou	3. Alle ander onderwysers	3. Afhandeling van sifting van voorraad volgens Werkprogram 2/1988: ° raadpleeg Mediagids	2 Mrt	16 Mrt
		° stel prioriteitslyste (met pryse) op vir aanvulling van leemtes tydens vakvergaderings		
		° lê lyste voor aan Mediakomiteevergadering in April/Oktober		29 Sept
4. Aanvulling van voorraad deur beplande produksie van programmatuur	4. Alle onderwysers	4. Beplanning vir die produksie van programmatuur vir leemtes in voorraad tydens vakvergaderings: ° stel beplanning, wat beraamde pryse insluit, op skrif	2 Mrt	16 Mrt
		° lê voor aan Mediakomiteevergadering in April/Oktober		29 Sept
		° stel produksieprogram op	3 Mei	30 Okt

(3) WERKPROGRAM 3/1989 : ONTSLUITING VAN INLIGTING IN DIE MEDIASENTRUM (PAR 4.1) SLUIT AAN BY WERKPROGRAM 2/1988

DATUM OPGESTEL : 1989.01.23

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi
1. Analise van sillabusse en opstel van onderwerplyste vir Junior Versameling	1. Junior primêre skoolfase : alle onderwysers	1. Analisering van sillabusse en opstel van onderwerplyste vir ontsluiting van Junior Versameling in katalogus: 1.1 Ken onderwerpe aan boeke toe 1.2 Stel tema- en leeslyste op vir keuse van bloklenings vir mediahoekie 1.3 Beplan uitstallings van nuwe voorraad of volgens tema in sillabusse		
2. Analise van taalsillabusse en opstel van onderwerplys	2. Senior primêre skoolfase of junior en senior sekondêre skoolfase: Taalonderwysers	2. Analisering van taalsillabusse en opstel van onderwerplyste vir ontsluiting in katalogus: 2.1 Ken onderwerpe aan voorraad in 400- en 800-Deweyklasse toe 2.2 Stel leeslys op vir verhale 2.3 Beplan vir uitstallings van nuwe voorraad of volgens tema in mediasentrum en/of klaskamer		
3. Opvolging van Werkprogram 2/1988: Ontsluiting van inligting in mediasentrum	3. Alle ander onderwysers	3. Afhandeling van analise en opstel van onderwerplyste vir ontsluiting in katalogus (Werkprogram 4/1987): 3.1 Stel bronnelyste vir kurrikulêre mediagebruik en werkopdragte op 3.2 Beplan vakuitstallings 3.3 Identifiseer inligtingsbronne in omgewing en elders, bv. museum, geskiedkundige plekke en nywerhede, en voeg by op bronnelyste		

L.W.: 'n Werkprogram kan ook vir slegs een van die doelwitte in voorbeelde (2) en (3) opgestel word.

KYK OOK : Voorbeelde van werkprogramme vir Mediagebruikersleiding (par. 5.1.4), bl 81; Kurrikulêre mediagebruik (par. 5.2.1), bl 84 en Buitekurrikulêre mediagebruik (par. 5.3.1), bl 90.

HOOFSTUK 3

BEPLANNING VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE MEDIASENTRUM

3.1 MEDIAPERSONEEL

3.1.1	Inleiding	16
3.1.2	Voorsiening van mediapersoneel	16
3.1.3	Funksies en pligte van die media-onderwyser	17
3.1.4	Funksies en pligte van assistent-media-onderwysers	19
3.1.5	Hulp van administratiewe personeel	20
3.1.6	Leerlinghelpers	20
3.1.7	Ouerhelpers	21
3.1.8	Evaluering van voorsiening en funksionering van mediapersoneel	21

3.1.1 Inleiding

Die opstel van die skoolmediabeleid en -mediaprogram bied aan die mediakomitee 'n goeie oorsig van wat van die mediapersoneel verwag word. Daar word spesifiek na *mediapersoneel* verwys omdat die mediasentrum en -gebruik alle onderwysers en alle leerlinge raak en die mediakomitee in die uitvoering van sy funksies afhanklik is van doeltreffende personeelvoorsiening.

Dit is 'n bekende feit dat die administrasie en funksionering van die mediasentrum binne 'n kort tydperk sonder die nodige toesig in duie kan stort en met groot moeite weer op peil gebring word. Voorsiening van genoeg mediapersoneel om die mediaprogram van die skool te implementeer en uit te brei is 'n noodsaaklike belegging, vir die hede en vir die toekoms. Dit stel 'n skool in staat om aan onderwysers en leerlinge die voorreg van die gebruik van 'n verskeidenheid onderwysmedia te bied.

3.1.2 Voorsiening van mediapersoneel

3.1.2.1 GS-, SI-, SII-, Spesiale en PI-skole

In hierdie skole word 'n media-onderwyser voltyds vir die mediasentrum verantwoordelik gestel, sonder enige buite-kurrikulêre pligte. Verder word ten minste 2-3 assistent-media-onderwysers (par. 3.1.4), as deel van hulle funksietoewysing, vir bepaalde aspekte van die funksionering van die mediasentrum of voorsiening van mediadienste as buite-kurrikulêre aktiwiteite verantwoordelik gestel. Sodoende kan kontinuïteit behou en standaarde gehandhaaf word.

3.1.2.2 **PII-, PIII- en PIV-skole**

In *PII-skole met 'n inskrywing van 300-549* is 'n voltydse media-onderwyser noodsaaklik en word soortgelyke personeeltoewysing as vir PI-skole aanbeveel. Waar dit in *PII-skole met 'n inskrywing van minder as 300* prakties onmoontlik is om 'n voltydse media-onderwyser af te sonder, is dit noodsaaklik dat 'n media-onderwyser vir $\pm \frac{3}{5} - \frac{4}{5}$ van die weeklikse onderrigperiodes vir die mediasentrum verantwoordelik gestel word. Die oorblywende onderrigperiodes behoort aan 'n vak toegeken te word wat in die mediasentrum onderrig kan word en nie baie nasienwerk behels nie, en buitekurrikulêre pligte behoort tot die minimum beperk te wees. Deur verdere oordeelkundige funksietoewysing behoort 1-2 assistent-media-onderwysers afgesonder te word vir spesifieke aspekte van die mediasentrum, as buitemuurse aktiwiteite, soos die instandhouding van die organisasie van die mediavoorraad en vir die nodige kontinuïteit.

In *PIII- en PIV-skole* word hoofsaaklik op spanwerk staatgemaak waarby die hele personeel in kleiner skole betrokke is. Dit bly egter noodsaaklik dat by funksietoewysing 'n personeellid vir ongeveer $\frac{2}{5}$ van die onderrigperiodes in PIII-skole en vir ten minste een onderrigperiode per groepklas in PIV-skole vir die mediasentrum verantwoordelik gestel word. 'n Assistent-media-onderwyser word benoem vir aspekte van die mediasentrum, bv. oudiovisuele programmatuur en apparatuur as 'n buitemuurse aktiwiteit. Die hoof het 'n oorsig van die algemene funksionering van die mediasentrum sodat kontinuïteit in die voorsiening van mediadienste vir mediagebruik verkry kan word.

3.1.3 **Funksies en pligte van die media-onderwyser**

Die media-onderwyser is aan die hoof verantwoordelik vir alle sake wat die mediasentrum en mediagebruik raak en voer sy opdragte uit. Die media-onderwyser is vir die onderrig van Mediagebruikersleiding verantwoordelik (par. 5.1.3); daarbenewens is hy lid van die mediakomitee en ten nouste betrokke by die implementering van die skoolmediabeleid en -program.

Uit die funksies en pligte wat volg, is dit duidelik dat die media-onderwyser dinamies moet wees en moet beskik oor leierseienskappe, toepaslike kwalifikasies en onderwyservaring, belangstelling, goeie menseverhoudings en aanleg vir administrasie.

3.1.3.1 Beplanning

Die media-onderwyser beplan die volgende:

(1) Die implementering van nuwe ontwikkelings in Mediagebruikersleiding (par. 5.1) as sy vakgebied en die toepassing van mediavaardighede in die vakonderwys (par. 5.2)

(2) Die toepassing van die kursusinhoude van oriënterings- en streekkursusse, asook werksessies vir Mediagebruikersleiding en alle aspekte van mediagebruik vir vakonderwys (par. 4.5, 5.1 en 5.2)

(3) Die implementering van die inhoud van studiegidse vir Mediagebruikersleiding en ander departementele handleidings en prosedures vir die mediasentrum en mediagebruik (par. 5.1)

(4) Die lesinhoude, onderrigmetodes, gebruik van onderwysmedia en oudiovisuele apparatuur vir Mediagebruikersleiding; en in samewerking met onderwysers die vakintegrering van media in 'n les en werkopdragte (par. 5.2)

(5) Deelname aan mediakomitee- en vakvergaderings

3.1.3.2 Organisasie

Die media-onderwyser organiseer die volgende:

(1) Mediasentrumbedrywighede vir die funksionering van die mediasentrum (hfst. 3), die voorsiening van mediadienste aan gebruikers (hfst. 4) en mediagebruik vir kurrikulêre en buitekurrikulêre behoeftes (par. 5.2 en 5.3)

(2) Klaskamerbedrywighede vir die formele en informele onderrig van Mediagebruikersleiding aan klasse, groepe en individuele leerlinge (par. 5.1)

(3) Die mediapersoneel wat vir bepaalde aspekte van die mediasentrum toegewys is (par. 3.1.4 - 3.1.6)

(4) Aspekte van mediakomiteevergaderings soos deur mediakomitee opgedra

3.1.3.3 Leiding

Die media-onderwyser gee leiding:

(1) Aan leerlinge in mediagebruik en die ontwikkeling en toepassing van inligting- en mediavaardighede (par. 5.1 - 5.3)

(2) Deur middel van die onderrig van Mediagebruikersleiding en tydens besoeke van leerlinge vir vakonderrig in die mediasentrum (par. 5.1.3)

(3) Deur inligting- en konsultasiedienste aan leerlinge en onderwysers te voorsien (par. 4.4)

(4) Aan nuwe en/of onervare mediapersoneel ten opsigte van mediasentrumbedrywighede

° aan nuwe onderwysers: oriëntering ten opsigte van die gebruik van die mediasentrum (par. 4.5); mediadienste (hfst. 4) en mediagebruik (hfst. 5)

° aan alle personeel in aspekte van mediagebruik, soos mediaseleksie vir 'n les en opstel en organisering van werkopdragte (par. 5.2.3 en 5.2.4) en die gebruik van oudiovisuele media, volgens 'n voorligtingprogram opgestel deur die mediakomitee (par. 4.5.3)

(5) Aan die personeel oor dienste van die Onderwysmediadiens

3.1.3.4 Beheer

Die media-onderwyser beheer die volgende:

(1) Leerlingwerk en -vordering in die progressiewe ontwikkeling van media-vaardighede, ook in samewerking met onderwysers tydens vakgebruik (par. 5.1 en 5.2)

(2) Die voorraad in die mediasentrum deur instandhouding van die leenstelsel (par. 4.2.2) en opvolging van vermiste boeke en ander mediavoorraad (par. 3.5.10)

(3) Die werk van mediapersoneel toegewys aan die mediasentrum

(4) Die uitvoering van die mediaprogram van die skool: doen verslag aan die mediakomitee oor die funksionering van die mediasentrum, die voorsiening van mediadienste en die gebruik van media

3.1.4 Funksies en pligte van assistent-media-onderwysers

Die assistent-media-onderwysers staan die media-onderwyser by deur vir bepaalde aspekte van die funksionering van die mediasentrum en die voorsiening van mediadienste verantwoordelikheid te neem. Die volgende pligte kan bv. aan 1-3 assistent-media-onderwysers gedelegeer word en op hulle pligstate as buitemuurse aktiwiteite bygevoeg word:

3.1.4.1 Assistent-media-onderwyser (A)

Hy is verantwoordelik vir die volgende:

(1) Die instandhouding van die daaglikse funksionering van die mediasentrum, bv. leendienste, terugpak van boeke op rakke en netheid van lokaal (par. 3.5 en 4.2.2)

(2) Die organisering van en beheer oor die betrokke leerlinghelpers (par. 3.1.6)

(3) Hulp met die ontsluiting van inligting in die mediasentrum (par. 4.1)

(4) Hulp met inligting- en konsultasiedienste (par. 4.4)

Hy is die sekundus vir die media-onderwyser en lid van die mediakomitee om kontinuïteit te verseker.

3.1.4.2 **Assistent-media-onderwyser (B)**

Is verantwoordelik vir die volgende:

(1) Die organisering en instandhouding van oudiovisuele apparatuur, bv. leendienste (par. 3.5.6, 3.5.8 en 3.5.9)

(2) Voorligting in die opvoedkundige gebruik van apparatuur (par. 4.5.3.2)

(3) Hulp met voorligting in mediagebruik bv. produksie van programmatuur (par. 4.5.3.2)

(4) Professionele hantering van leenaanvrae by Nasionale Filmoteek

(5) Die organisering van en beheer oor die betrokke leerlinghelpers (par. 3.1.6)

3.1.4.3 Assistent-media-onderwyser (C)

Hy is verantwoordelik vir die volgende:

(1) Die organisering van oudiovisuele programmatuur (par. 3.5.5)

(2) Die organisering van tydskrifte (par. 3.5.4.2) en pamfletversameling (par. 3.5.4.3)

(3) Die organisering van en beheer oor die betrokke leerlinghelpers (par. 3.1.6)

(4) Die organisering van moontlike ouerhulp (par. 3.1.7)

3.1.5 Hulp van administratiewe personeel

Waar enigsins moontlik, behoort administratiewe dienste ook aan die mediasentrum gelewer te word. Dit sluit tikwerk van lyste vir herbind, afskrywing, beramingsvorm, jaarstaat, bibliografieë/bronnelyste en kataloguskaarte in. Bestellings en hantering van fakture kan gehanteer word, asook administrasie van leenaanvrae by Nasionale Filmoteek.

3.1.6 Leerlinghelpers

Die mediakomitee beplan leerlinghulp wat met die prefekstelsel van die skool geïntegreerd is. Leerlinghelpers in die mediasentrum word reeds in die laer standerds benoem en geleidelik opgelei sodat hulle in die hoër standerds as leerlingleiers in aanmerking kan kom.

Erkenning van dienste wat leerlinghelpers lewer, behoort jaarliks vir hulle verdere motivering gegee te word, bv. deur die bekendstelling van hierdie helpers aan die leerlinge, toekenning van mediasentrum-sertifikate, die dra van kentekens, hul foto's in die jaarblad en erekleure.

3.1.6.1 Funksies

Leerlinge kan die mediapersoneel bystaan met 'n verskeidenheid funksies:

(1) Die funksionering van die mediasentrum (par. 3.5), bv. algemene netheid, rakorde, bekendstelling van voorraad, hulp by katalogusgebruik (par. 4.4.1), hulp met leendiens en hantering van bloklenings (par. 4.2)

(2) Die organisasie van die mediavoorraad: organisering van boeke, programmatuur, tydskrifte en pamfletversameling (par. 3.5)

(3) Die organisering van oudiovisuele apparatuur: instandhouding, leendienste, vervoer na en opstel vir gebruik in klaskamers en vervaardiging van programmatuur (par. 3.5, 4.2 en 4.5)

(4) Hulp met basiese inligtingsdienste aan leerlinge (par. 4.4.2)

3.1.6.2 Beplanning van hulp deur leerlinghelpers

(1) Beplanning van funksies en pligte van leerlinghelpers

'n Deeglike analise van die aard en omvang van funksies moet vooraf gedoen word sodat 'n toewysing van pligte vir spesifieke funksies gemaak kan word en bepaal kan word hoeveel helpers vir vlot funksionering nodig sal wees.

(2) Opstel van diensrooster

Met inagneming van ander aktiwiteite van leerlinge moet 'n diensrooster opgestel word wat gevolg kan word en nie te hoë eise aan leerlinge stel nie.

(3) Pligstaat

'n Kort pligstaat moet vir elke leerlinghelper opgestel word en beheer behoort daaroor uitgeoefen te word. Sodanige pligstate moet gereeld hersien word wanneer helpers wissel en funksietoewysings verander.

3.1.7 Ouerhelpers

Die mediakomitee behoort ook te oorweeg om ouers by die funksionering van die mediasentrum te betrek. Dit is egter belangrik dat spesifieke funksies vir ouerhelpers geïdentifiseer word (par. 3.1.4.3) en dat sterk leiding deur die media-onderwyser en die betrokke assistent geneem word met die oog op doeltreffende benutting van hulp (par. 4.3.3).

3.1.8 Evaluering van voorsiening en funksionering van mediapersoneel

Die mediakomitee evalueer deurlopend of die mediapersoneel voldoende is vir die funksionering van die mediasentrum, die voorsiening van mediadienste en die gebruik van media, hersien die pligstate wanneer nodig en tref die nodige maatreëls om in leemtes te voorsien.

3.2 MEDIABEGROTING

3.2.1	Inleiding	22
3.2.2	Mediavoorraad	22
3.2.3	Oudiovisuele apparatuur	23
3.2.4	Meubels en toerusting vir die mediasentrum	23
3.2.5	Mediafasiliteite	24
3.2.6	Evaluering van mediabegroting	24

3.2.1 Inleiding

Die mediakomitee doen 'n behoeftebepaling van al die aspekte van die mediasentrum en mediagebruik (par. 2.1.4.) sodat volledige gegewens beskikbaar is en behoeftes waarvoor begroot moet word, goed gemotiveer kan word. Die mediakomitee begroot vir mediabehoeftes (mediavoorraad, oudiovisuele apparatuur, toerusting vir die mediasentrum en mediafasiliteite) en sien toe dat die mediabegroting in die begroting van die skool ingesluit word.

Die mediakomitee het ook inspraak by die opstel van die skoolbegroting en die toewysing van fondse. Die komitee doen die beplanning vir die verantwoordbare besteding van fondse en beheer dit.

3.2.2 Mediavoorraad (par. 3.4)

3.2.2.1 Boeke, tydskrifte, ander gedrukte media en oudiovisuele programmatuur

Die mediakomitee dra kennis van al die aspekte van die mediavoorraad (par. 3.4), die opbou van 'n gebalanseerde voorraad (par. 3.4.5) en opvoedkundige voorraadbou (par. 3.4.6).

Die prosedures vir die aanskaffing van boeke, tydskrifte, ander gedrukte media en oudiovisuele programmatuur (par. 3.4.7) word gevolg en prioriteitslyste vir die verskillende vakke en ander behoeftes word by die begrotingsvergadering van die mediakomitee ter tafel gelê.

Die mediakomitee doen 'n kort- en langtermynbeplanning vir insluiting in die mediabegroting en motiveer dit. Hulle beraam wat die per capita-toekenning gaan beloop, bepaal watter bydrae uit die skoolfonds nodig gaan wees om in die behoeftes van die mediasentrum te voorsien (par. 3.4.7.1) en inisieer projekte vir die uitbou van die mediavoorraad.

3.2.2.2 Produksie van programmatuur vir aanvulling van mediavoorraad

Die mediakomitee gaan die aanbevelings van vakverteenwoordigers vir die produksie van programmatuur noukeurig na en stel 'n werkprogram op (par. 2.3.3.3(4)). Hulle maak 'n opname van basiese materiaal (transparante, films, kassette, videobande, ens.) wat nodig sal wees en sluit dit by die beraming in. Goedbeplande opnames van opvoedkundige televisieprogramme kan ook as 'produksie' beskou word en is 'n aanvulling van die mediavoorraad teen 'n redelike prys.

3.2.3 Oudiovisuele apparatuur (par. 3.5.2.2)

3.2.3.1 *Katalogus van die mediasentrum* (TOD-omsendminute 4 van 1988)

Die mediakomitee vergelyk die apparatuur in besit van die skool met dié in die *Katalogus...* en stel vas watter apparatuur kortkom en of die skool reeds oor die goedgekeurde kwota beskik. Items wat nog nodig is of vervang moet word, word ingevul in die *Beramingsvorm : meubels en toerusting vir die mediasentrum en oudiovisuele apparatuur in skole* wat aan die begin van elke jaar aan skole gestuur word. Na goedkeuring van die media-adviseur moet die mediakomitee sorg dra dat die items in die skoolberaming ingesluit en die *Beramingsvorm...* met die aanbeveling van die media-adviseur aangeheg word.

Die mediakomitee is ook verantwoordelik vir die bestelling van die items wat in die skoolbegroting goedgekeur is en volg die prosedures wat in die *Katalogus...* voorgeskryf word.

3.2.3.2 Onderdele vir apparatuur

'n Opname van die onderdele wat nodig is vir die instandhouding van apparatuur moet gemaak word sodat in behoeftes voorsien kan word. (par. 3.5.6).

3.2.3.3 Ander benodigdhede

Die mediakomitee beplan om in behoeftes soos skoonmaakmateriaal, verlengkabels, muurproppe, batterye en gereedskap vir basiese instandhouding te voorsien.

3.2.4 Meubels en toerusting vir die mediasentrum : *Katalogus van die mediasentrum* (par. 3.3.4)

Die mediakomitee bepaal wat die behoeftes aan meubels en toerusting (par. 3.3.4) is, sluit dit in by die *Beramingsvorm...* en hanteer soos uiteengesit in par. 3.2.3.1.

Daar moet ook beplan word vir Afdeling 4 : Voorraadgroep 9 vir voorraad wat op kontrak of ten beste voordeel aangekoop kan word, vir voorraad uit die algemene skooltoewysing en vir skryfbehoeftes vir die mediasentrum.

3.2.5 Mediafasiliteite (par. 3.3)

3.2.5.1 Uitbreiding van bestaande lokale (par. 3.3.3)

Die mediakomitee maak in die begroting ook voorsiening vir beoogde uitbreidings.

3.2.5.2 Beveiliging (par. 3.3.5)

Die mediakomitee identifiseer behoeftes aan beveiliging en lê dit aan die superintendent van onderwys : kring voor.

3.2.5.3 Inrigting van klaslokale vir mediagebruik (par. 3.3.6)

'n Werkprogram vir die stelselmatige inrigting van klaslokale behoort opgestel te word.

3.2.6 Evaluering van mediabegroting

Die mate waarin die begroting en die fondse wat beskikbaar gestel is in die mees aktuele behoeftes voorsien, behoort deurlopend geëvalueer te word. Bevindings moet met die oog op die beplanning vir die volgende jaar se begroting aangeteken word.

3.3 MEDIAFASILITEITE

3.3.1	**Inleiding**	24
3.3.2	**Basiese vereistes vir die funksionele beplanning van mediasentrumlokale**	25
3.3.3	**Riglyne vir beplanning vir uitbreiding van bestaande lokale of vir nuwe mediasentrums**	26
3.3.4	**Meubels en toerusting**	27
3.3.5	**Beveiliging**	28
3.3.6	**Inrigting van klaslokale vir mediagebruik**	28
3.3.7	**Evaluering van mediafasiliteite**	28

3.3.1 Inleiding

Mediafasiliteite sluit in die akkommodasie, meubels en toerusting vir die mediasentrum en die inrigting van onderriglokale vir mediagebruik.

In die meeste skole word die mediasentrum in die vroeëre 'skoolbiblioteeklokale' van wisselende grootte gehuisves, en min skole beskik oor die funksionele mediasentrumlokale wat sedert 1980 opgerig word. Die meeste skole word dus voor die uitdaging gestel om bestaande lokale as mediasentrums te benut deur die volgende:

- Interne veranderings soos verskuiwing van meubels en groepering van aktiwiteite
- Vindingryke gebruik van aangrensende onbenutte ruimtes sonder om groot onkoste aan te gaan
- Benutting van aangrensende klas- en pakkamers(s)
- Omskepping en vergroting van bestaande lokale as volwaardige mediasentrums
- Die bou van nuwe mediasentrums

3.3.2 Basiese vereistes vir die funksionele beplanning van mediasentrumlokale

In die diagram hieronder word die basiese ruimtes wat vir die funksionele beplanning van 'n mediasentrum nodig is en die onderlinge verband met mekaar aangedui.



Basiese ruimtes wat vereis word

1. Ingang- en leenruimte
2. Ruimte vir informele gebruik
3. Ruimte vir groot- en kleingroepwerk
4. Studieruimte
5. Onderrigruimte
6. Ruimte vir keersyprojeksie
7. Ruimte vir huisvesting van mediavoorraad
8. Werkruimte
9. Pakruimte vir apparatuur
10. Kantoorruimte
11. Ruimte vir onderwysersnaslaanversameling en vir voorbereiding

3.3.3 Riglyne vir die beplanning vir uitbreiding van bestaande lokale of vir nuwe mediasentrums

3.3.3.1 Inleiding

Die mediakomitee stel vas hoe bestaande fasiliteite vergelyk met die ruimtes wat as basiese vereistes gestel is. In aansluiting by die omstandighede van die skool bepaal die mediakomitee prioriteite en beplan daarvolgens. Die riglyne wat gegee word, is baie algemeen en word deur die Adviesdiens vir Beplanning van Mediasentrums van die Onderwysmediadiens aangevul.

3.3.3.2 Riglyne in die algemeen

(1) Insluiting van aangrensende onbenutte ruimtes

Kyk of daar in die omgewing van die mediasentrum 'n gang of portaal is wat nie benut word nie en wat by die mediasentrum geïnkorporeer kan word. Alhoewel dit beteken dat party mure uitgebreek en nuwe mure gebou moet word, deure toegebou en daar elders deure ingebreek moet word en addisionele elektrisiteit voorsien moet word, is die onkoste in die praktyk nie uitermate groot nie en maak dit 'n aansienlike verskil in die beskikbare ruimte. Baie primêre skole het die ingangsportaal suksesvol as pakkamer toegebou en 'n ander ingang voorsien.

(2) Omruil van bestaande lokale

Kyk of daar nie ander groot ruimtes in die skool is wat met die mediasentrum omgeruil kan word nie en of dit lonend is om dit te verbreek en tot 'n mediasentrum uit te bou. Kunslokale en meerdoelige klaskamers is al suksesvol met die mediasentrum en aangrensende klaskamer omgeruil.

(3) Gebruikmaking van leë klaskamers as inskrywings daal

Kyk of beplan kan word dat die aangrensende klaskamer(s), wanneer getalle daal, vir permanente inskakeling by die mediasentrum benut kan word. Aanvanklik kan die lokale met deure verbind word en mettertyd kan die mure uitgebreek en 'n doelmatige mediasentrum ingerig word.

(4) Uitbouing van bestaande lokale tot 'n funksionele mediasentrum

Benut bestaande strukture vindingryk om 'n mediasentrum wat op die grondvlak geleë is tot 'n ruim en funksionele mediasentrum uit te bou. Dit is 'n duur projek wat goeie beplanning verg en slegs in vennootskap met die ouergemeenskap aangepak kan word.

(5) Skoolrade en beplanningskomitees

Werk ten nouste saam met die betrokke instansies en maak seker dat goedkeuring vir planne verkry is voordat met die bouprogram begin word.

(6) Media-adviseurs

Stel die media-adviseur wat die skool besoek in kennis van wat beoog word, sodat advies uit praktiese ervaring gegee kan word. Skakel met die media-adviseur voordat met die inrigting van die lokaal, rakke ens. begin word sodat optimale gebruik van alle ruimtes gemaak kan word.

(7) Onderwysmediadiens

Werk nou saam met die Onderwysmediadiens veral wat argiteksplanne betref. Praktiese aanbevelings wat uit ervaring gemaak kon word, het skole al baie onkoste bespaar en die funksionaliteit van die mediasentrum verhoog.

3.3.4 Meubels en toerusting

3.3.4.1 Ingeboude meubels

In standaardlokale is die boekrakke, tydskrifrakke, geslote rakke vir die onderwysersnaslaanversameling en die leentoonbank ingebou. Die media-adviseurs maak dikwels tydens skoolbesoeke aanbevelings oor die inrigting van 'skoolbiblioteeklokale' as mediasentrums deur die verskuiwing van meubels. In die opvolging van die aanbevelings moet die voorgeskrewe prosedures gevolg word. Skole kan ook die media-adviseurs nader vir advies ter plaatse.

Vir die ander meubels en toerusting, soos tafels, stoele en kabinette, moet die *Katalogus van die mediasentrum* geraadpleeg word, behoeftes bepaal en op die *Beramingsvorm...* ingevul word vir goedkeuring deur die media-adviseurs (par. 3.2.3.1).

3.3.4.2 Los meubels

Skole wat nie oor standaardlokale beskik nie moet die *Katalogus...* raadpleeg vir beskikbare rakke, kabinette, ens. As 'n ander lokaal as mediasentrum ingerig word, behoort die hoof 'n grondplan van die lokaal en 'n lys van beskikbare meubels en toerusting aan die adviseur te stuur vir hulp met die begroting, of 'n besoek kan aangevra word. Meubels wat nodig is, moet op die *Beramingsvorm...* ingevul en vir goedkeuring aan die media-adviseur gestuur word (par. 3.2.3.1).

3.3.4.3 Toerusting

Alle goedgekeurde toerusting, insluitende oudiovisuele apparatuur, is in die *Katalogus...* opgeneem. Behoeftes moet bepaal word, op die *Beramingsvorm...* ingevul en vir goedkeuring aan die media-adviseur gestuur word (par. 3.2.3.1). Die aanbevelings van media-adviseurs moet deur die mediakomitee opgevolg en in die skoolbegroting ingesluit word.

3.3.5 Beveiliging

Dit is departementele beleid dat die mediasentrum in sy geheel, insluitende die pakkamers, van diefwering voorsien moet word. Vir beveiliging van standaardlokale moet by die skoolraad aansoek gedoen en in alle opsigte aan die vereistes wat hulle stel, ook vir die berging van apparatuur, voldoen word. Skole behoort self inisiatief vir verdere beveiliging te neem.

3.3.6 Inrigting van klaslokale vir mediagebruik

In standaardplanne van skoolgeboue word nie voorsiening vir mediagebruik in klaslokale gemaak nie, behalwe dat alle klaskamers van muurgemonteerde projeksieskerms voorsien word. Die projeksieskerm behoort so geplaas te word dat lig nie regstreeks daarop val nie. Verdonkering van klaskamers word nie aanbeveel nie.

Die elektriese kontakpunte is dikwels in klaskamers so geplaas dat leerlinge oor die elektriese koord na hulle sitplekke moet loop. Die mediakomitee gee aandag aan die verskuiwing van proppe na die voorkant van die klaskamer, sodat die onderwyser met gerief apparatuur kan gebruik en leerlinge nie met veiligheidsrisiko's oor elektriese koorde hoef te loop nie.

Klaslokale is ook nie toegerus met veilige bergruimte vir apparatuur en bloklenings nie. 'n Mobiele videokabinet vir die veilige huisvesting van apparatuur in klaslokale is in die *Katalogus*... opgeneem.

3.3.7 Evaluering van mediafasiliteite

Dit is noodsaaklik dat die mediakomitee bestaande mediafasiliteite gereeld evalueer sodat betyds beplan en beraam kan word vir uitbreiding om doeltreffend in behoeftes te kan voorsien.

3.4 MEDIAVOORRAAD

3.4.1	Inleiding	28
3.4.2	Die eienskappe van onderwysmedia	30
3.4.3	Die evaluering van die mediavoorraad	31
3.4.4	Die *Mediagids*	41
3.4.5	'n Gebalanseerde voorraad	42
3.4.6	Voorraadbou	44
3.4.7	Aanskaffing van mediavoorraad: gedrukte en oudiovisuele media	45
3.4.8	Aanskaffing van mediavoorraad: oudiovisuele apparatuur	49
3.4.9	Aanskaffing van voorraad vir die onderwysersnaslaanversameling	50
3.4.10	Evaluering van mediavoorraad	50

3.4.1 Inleiding

Die mediavoorraad is die spil waarom die funksionering van die mediasentrum draai en is die bepalende faktor in die gehalte van mediadienste en mediagebruik in 'n skool. Die media in die mediasentrum is ingestel op gebruik in die onderwys en moet geselekteer word om bepaalde onderwysdoelstellings te bereik.

Onderwysmedia beskik oor besondere eienskappe (par. 3.4.2) waarvan die mediakomitee en onderwysers kennis moet dra. Hulle moet ook vertroud wees met die algemene kriteria vir die evaluering van onderwysmedia, asook met die besondere kriteria vir elke medium waarvolgens die mediavoorraad geselekteer moet word (Bylae C). In die *Mediagids* word 'n keur van media wat deur die Onderwysmediadiens geëvalueer is, opgeneem en aan skole bekend gestel, waaruit 'n seleksie vir eie behoeftes gemaak kan word. Dit is belangrik dat die mediasentrum oor 'n gebalanseerde voorraad moet beskik (par. 3.4.5) en dat die beginsels vir opvoedkundige voorraadbou in die aanskaffing van voorraad toegepas word. Alle onderwysmedia word in die voorraad van die mediasentrum opgeneem, ontsluit en vir gebruik beskikbaar gestel.

Klasversamelings is teen die departementele beleid en die boeke en ander media in dié versamelings moet so spoedig moontlik gesif, geëvalueer en in die mediavoorraad opgeneem word.

Die spektrum van onderwysmedia waaruit die mediavoorraad bestaan, word grafies soos volg voorgestel:



3.4.2 Die eienskappe van onderwysmedia

3.4.2.1 Inleiding

Inligting bereik die leerling deur middel van sy sintuie en verskillende soorte inligting word deur verskillende sintuie waargeneem.

Die verantwoordelike onderwyser sal dus in die beplanning van 'n les poog om meer as een sintuig te betrek sodat die leerling sover moontlik die werklikheid kan ervaar. Waar dit nie prakties uitvoerbaar is nie, moet media doeltreffend benut word om as plaasvervanger vir die werklikheid te dien.

3.4.2.2 Algemene oorsig van die eienskappe van onderwysmedia

Elke medium beskik oor verskillende eienskappe wat dit in staat stel om inligting op 'n spesifieke manier oor te dra. Media-eienskappe is die moontlikhede van 'n medium om, byvoorbeeld, voorwerpe in beweging, in kleur, drie-dimensioneel en in klank en beeld tegelyk voor te stel. In sy keuse van media moet die onderwyser dus rekening hou met die eienskappe van onderwysmedia soos die volgende:

(1) Die **wyse** waarop die inligting aangebied word, byvoorbeeld deur *taal* (gesproke en geskrewe), *beeld* (foto's, prente, sketse, diagramme) en *klank* (geluide, musiek)

(2) Die mate van **realisme** waarmee die inhoud aangebied kan word, byvoorbeeld die hoeveelheid detail, lewensgetroue kleur, beweging en klank (Vergelyk byvoorbeeld die aanbieding van inligting oor 'n olifant deur middel van die woord *olifant*, 'n lyntekening, 'n kleurskyfie en 'n rolprent met mekaar en dit is duidelik dat die rolprentweergawe die naaste aan die werklikheid is)

(3) Die mate van **beheer** wat die onderwyser en die leerling kan uitoefen oor die tyd wat blootstelling aan die beeld duur (daar kan lank na 'n beeld op 'n muurkaart gekyk word, terwyl 'n beeld op 'n videoskerm kortstondig verskyn), tempo van aanbieding en volgorde van die inhoud

(4) Die mate van **interaksie** wat tussen die leerling en die medium moontlik is (die rekenaar is baie sterk interaktief)

In die lesbeplanning word die media-eienskappe en dan die medium wat oor daardie eienskappe beskik, geselekteer met inagneming van die lesdoelwitte, leerlingeienskappe, leerinhoud en lestipe (par. 5.2.3.2).

3.4.3 Die evaluering van die mediavoorraad

3.4.3.1 Inleiding

In die onderwys is daar bepaalde waardes en opvoedkundige beginsels wat rigtinggewend is in die evaluering van onderwysmedia en die verantwoordbare seleksie van mediavoorraad vir die mediasentrum. Die departementele beleid vir voorraadbou bepaal derhalwe in die *Handleiding vir algemene skoolorganisasie* (wysiging A16), par. 37.1.3 die volgende:

"(1) Voorraadbou

Slegs mediavoorraad wat deur die Onderwysmediadiens geëvalueer, geselekteer en in die *Mediagids* gepubliseer word, word in die mediasentrum opgeneem..."

"Skole kan items uit die *Mediagids* kies en regstreeks aankoop. Boeke, tydskrifte, oudiovisuele programmatuur en ander voorraad wat nie in die *Mediagids* opgeneem is nie, kan aangekoop word mits 'n kwotasie met motivering vir die gewenste aankope vir deskundige advies aan die Hoof: Onderwysmediadiens voorgelê is en goedkeuring vir die aankope skriftelik ontvang is."

Verder word bepaal:

"Alle ander materiaal wat gratis en ongevraagd aan skole voorsien word, moet met omsigtigheid volgens die riglyne in paragraaf 33.4 gehanteer word."

"33.4 **VERSPREIDING VAN ONGEWENSTE LEKTUUR, PAMFLETTE, MONSTERS, ENS. BY SKOLE**

Dit het aan die lig gekom dat sekere instansies op 'n subtiele manier poog om deur middel van rondskrywes, pamflette, vraelyste en ander publikasies, leerlinge negatief te beïnvloed teen gesagspersone, leiersfigure, patriotisme, die demokrasie en die Christelike beginsels, trouens, teen al die sedes, waardes en norme wat deur skole, kerke en die ouerhuis bevorder word. Die inhoud van sodanige lektuur is dikwels op die oog af heel onskuldig sodat die bedekte doelstelling slegs na 'n sorgvuldige evaluering geïdentifiseer kan word.

Om hierdie rede moet hoofde alle versoeke om die verspreiding van pamflette en ander lektuur (ook van 'n politieke aard) wat nie deur die Departement/Onderwysmediadiens goedgekeur is nie, weier."

Dit is ook beleid dat die beginsel van 'n dinamiese voorraad met hoë gebruiksfrekwensie in die uitbou van die mediavoorraad toegepas moet word (par. 3.4.5.5). Die mediakomitee aanvaar verantwoordelikheid vir die uitbou van die mediavoorraad met inagneming van die geïdentifiseerde waardes, opvoedkundige beginsels en die besonder behoeftes en omstandighede van elke skool.

3.4.3.2 Kriteria vir die evaluering van onderwysmedia

'n Kriterium is 'n maatstaf waarvolgens gemeet en 'n waardebepaling gedoen word. Die evaluering van onderwysmedia is 'n gespesialiseerde funksie waarvoor opvoedkundig-wetenskaplike kriteria in die algemeen en vir elke medium afsonderlik deur die jare heen ontwikkel is.

Die Onderwysmediadiens is verantwoordelik vir die evaluering van onderwysmedia in noue samewerking met vakkomitees, en volledige kriteria is vir elke soort medium opgestel. Die keuse van titels vir opname in die *Mediagids* word volgens dié kriteria gedoen en slegs die beste en bruikbaarste bronne word vir skole aanbeveel.

Onderwysers as gebruikers van die mediavoorraad behoort ook kennis te dra van die kriteria vir die evaluering van onderwysmedia en behoort dit toe te pas by die sifting van vakvoorraad en aanbevelings vir voorraadbou. 'n Kort samevatting van die opvoedkundige kriteria vir die evaluering van die verskillende soorte onderwysmedia word hieronder gegee. Die kriteria vir elke medium behoort op los bladsye aan onderwysers vir evaluering van voorraad beskikbaar gestel te word (kyk Bylae C).

3.4.3.3 **Opvoedkundige kriteria** vir die **evaluering** van **onderwysmedia**

Die basiese uitgangspunt by die evaluering van onderwysmedia deur onderwysers is die moontlike gebruik van die medium vir onderrig en leer. Terwyl evaluering gedoen word, behoort 'n keuse uit die volgende **gebruiksmoontlikhede** van die besondere boek of oudiovisuele program gemaak en aangeteken te word:

- Is nuttig as inleiding tot 'n onderwerp
- Verskaf inligting oor die onderwerp
- Dien as hersiening van afgehandelde werk
- Bevorder kritiese denke en probleemoplossing
- Dra by tot begripsvorming en -verheldering
- Bevorder taalontwikkeling en -vaardigheid
- Motiveer leerlinge
- Dra gesonde lewenswaardes oor
- Stimuleer belangstelling
- Lei tot waardering van wat ervaar is
- Ontwikkel vaardighede
- Vorm gesindhede

Die gebruiksmoontlikhede is op Mediagebruikersleiding (par. 5.1), Kurrikulêre mediagebruik (par. 5.2) en Buitekurrikulêre mediagebruik (par. 5.3) van toepassing.

L.W.: *Slegs die belangrikste kriteria word gegee. Kriteria word verskaf om eenvormige evaluering moontlik te maak. Geen boek of oudiovisuele program beantwoord aan al die kriteria nie.*

(1)

VAKLITERATUUR (insluitende parate naslaanwerke)

Doel: **Teikengroep:**

Inhoud:

- Keuse van stof bevredigend
- Korrekte inligting oorgedra
- Objektiewe inligting en vertolking van feite
- Tersaaklike inligting
- Resente inligting sover moontlik
- Etiese ingesteldheid aanvaarbaar

Aanbieding:

- Beplanning en uitleg, bv. indeling van die stof en voorsiening van opskrifte, slaag om vaslegging te vergemaklik en begrip te bevorder
- Illustrasies soos foto's, tekeninge, kaarte en diagramme doelmatig voorsien by tersaaklike teks
- Illustrasies dra inligting doeltreffend oor
- Kwaliteit van illustrasies bevredigend
- Illustrasies geskik vir ouderdomsgroep
- Lettertipe en spasiëring van drukwerk geskik vir ouderdomsgroep
- Styl en woordeskat geskik vir ouderdomsgroep
- Taalgebruik en skryfwyse op peil
- Skryfstyl vlot, interessant, duidelik en saaklik
- Vertaling bevredigend (indien van toepassing)
- Verklaring van vakterme bevredigend
- Interessant en oorspronklik aangebied
- Inhoudsopgawe bied goeie oorsig van inhoud
- Alfabetiese register vergemaklik die vind van inligting
- Bronnelys nuttig vir vind van bykomende inligting
- Verklarende woordelys dek onbekende woorde/begrippe doeltreffend

Tegniese gehalte:

- Bladuitleg en lettertipe aantreklik en maklik leesbaar
- Formaat geskik vir ouderdomsgroep
- Gehalte van band aanvaarbaar
- Gehalte van papier aanvaarbaar

Medium:

Keuse van medium nie ter sake vir boeke nie

(2)

VERHALE / FIKSIE	
Doel:	**Teikengroep:**
Inhoud en aanbieding: ° Geslaag as 'n bepaalde soort verhaal en voldoen aan literêre vereistes ° Outeur se uitbeelding vanuit die kind/jeugdige se gesigspunt geslaag ° Verhaalverloop, struktuur en eenheid aanvaarbaar ° Intrige goed gehanteer ° Tema oorspronklik aangebied en sluit aan by belangstellings en behoeftes van ouderdomsgroep ° Milieuskildering realisties ° Karakterbeelding interessant en oortuigend ° Oorspronklik en verbeeldingryk geskryf ° Balans tussen positiewe en negatiewe gehandhaaf, met klem op positiewe ° Grondtoon optimisties en lewensbeskouing gesond ° Taalgebruik en skryfwyse op peil ° Skryfstyl vlot en geskik vir tipe verhaal en ouderdomsgroep ° Lettertipe en spasiëring van drukwerk geskik vir ouderdomsgroep ° Illustrasies oorspronklik en esteties bevredigend ° Eenheid van teks en illustrasies in prenteboek	
Tegniese gehalte: ° Formaat geskik vir ouderdomsgroep ° Bladuitleg en lettertipe aantreklik en leesbaar ° Gehalte van band aanvaarbaar ° Gehalte van papier aanvaarbaar	
Medium: Keuse van medium nie ter sake vir boeke nie	

Verhale of fiksie kan vrugbaar gebruik word vir bevordering van interpersoonlike verhoudings, leesmotivering, meelewing, persoonlike verryking, hantering van probleme, taalontwikkeling en -aanvoeling, stimulering van die verbeelding, kreatiwiteit en as agtergrond vir skoolvakke en -aktiwiteite.

(3)

TRANSPARANTE

Doel: **Teikengroep:**

Inhoud:

- Tersaaklik vir vakbehoeftes
- Dekking van onderwerp bevredigend
- Korrekte inligting oorgedra
- Resente inligting sover moontlik
- Hoeveelheid inligting aanvaarbaar

Aanbieding:

- Strukturering van inhoud geslaag
- Uitleg oorspronklik en effektief
- Eenvoudig uiteengesit, nie te veel besonderhede nie
- Letterwerk leesbaar (grootte, spasiëring, eenvoud)
- Illustrasies en kleurgebruik funksioneel
- Visuele aanbieding geslaag
- Tegnieke effektief gebruik
- Interessant en oorspronklik
- Begrippe duidelik oorgedra
- Styl en aanbiedingswyse geskik vir teikengroep
- Ondersteunende materiaal soos onderwysersgids en/of werkkaarte bruikbaar

Tegniese gehalte:

- Illustrasies tegnies goed, oorspronklik en afgerond
- Kwaliteit van transparantmateriaal aanvaarbaar

Medium:

- Keuse van transparant as medium korrek
- Benutting van eienskappe van medium effektief

(4)

SKYFIES / STROOKFILMS

Doel: **Teikengroep:**

Inhoud:

- Tersaaklik vir vakbehoeftes
- Dekking van onderwerp bevredigend
- Korrekte inligting oorgedra
- Resente inligting sover moontlik
- Hoeveelheid inligting aanvaarbaar

Aanbieding:

- Strukturering van inhoud geslaag
- Eenvoudig uiteengesit, nie te veel besonderhede nie
- Letterwerk leesbaar (grootte, spasiëring, eenvoud)
- Visuele aanbieding geslaag
- Illustrasies doelmatig
- Kamerategnieke soos komposisie en nabyfotografie bevredigend gebruik
- Begrippe duidelik oorgedra
- Styl en aanbiedingswyse geskik vir teikengroep
- Ondersteunende materiaal soos onderwysersgids en/of werkkaarte bruikbaar

Tegniese gehalte:

- Beeldskerpte (fokus) bevredigend
- Beeldhelderheid, bv. grootte, beligting en duidelikheid van voorwerpe bevredigend
- Illustrasies tegnies goed en afgerond
- Kleur natuurlik en effektief
- Gehalte van skyfies (film) aanvaarbaar

Medium:

- Keuse van skyfies/strookfilm as medium korrek
- Benutting van eienskappe van medium effektief

(5)

KLANKOPNAMES	
Doel:	**Teikengroep:**

Inhoud:

- Tersaaklik vir vakbehoeftes
- Dekking van onderwerp bevredigend
- Korrekte inligting oorgedra
- Resente inligting sover moontlik
- Hoeveelheid inligting aanvaarbaar

Aanbieding:

- Strukturering van inhoud geslaag
- Tempo bevredigend
- Beperkte inligting, nie te veel besonderhede nie
- Aanbieder/kommentator se stem aangenaam en aanvaarbaar vir teikengroep (nie eentonig, neerbuigend, in leesstem, pedanties nie)
- Akteurs oortuigend
- Taalgebruik aanvaarbaar vir teikengroep
- Musiek/byklanke effektief gebruik
- Interessant met voldoende afwisseling
- Begrippe duidelik oorgedra
- Styl en aanbiedingswyse geskik vir teikengroep
- Ondersteunende materiaal soos onderwysersgids en/of werkkaarte bruikbaar

Tegniese gehalte:

- Klankkwaliteit helder en distorsievry
- Klankbalans bevredigend
- Fisiese kwaliteit van kasset/plaat aanvaarbaar

Medium:

- Keuse van klankopname as medium korrek
- Benutting van eienskappe van medium effektief

(6)

SKYFIEKLANKPROGRAMME

Doel: **Teikengroep:**

Inhoud:

- Tersaaklik vir vakbehoeftes
- Dekking van onderwerp bevredigend
- Korrekte inligting oorgedra
- Resente inligting sover moontlik
- Hoeveelheid inligting aanvaarbaar

Aanbieding:

- Strukturering van inhoud (draaiboek) geslaag
- Beperkte inligting, nie te veel besonderhede nie
- Interessant aangebied
- Visuele aanbieding geslaag
- Illustrasies doelmatig
- Letterwerk leesbaar (grootte, spasiëring, eenvoud)
- Kamerategnieke soos komposisie en nabyfotografie bevredigend gebruik
- Aanbieder/kommentator se stem aangenaam en aanvaarbaar vir teikengroep (nie eentonig, neerbuigend, in leesstem, pedanties nie)
- Taalgebruik aanvaarbaar vir teikengroep
- Effektiewe byklanke/musiek
- Integrering van klank en beeld doeltreffend, vul mekaar aan
- Kontinuïteit deurgaans behou
- Tempo bevredigend
- Begrippe duidelik oorgedra
- Styl en aanbiedingswyse geskik vir teikengroep
- Ondersteunende materiaal soos onderwysersgids en/of werkkaarte bruikbaar

Tegniese gehalte:

- Beeldskerpte (fokus) bevredigend
- Beeldhelderheid, bv. grootte, beligting, duidelikheid van voorwerpe bevredigend
- Illustrasies tegnies goed en afgerond
- Kleur natuurlik en effektief
- Klankkwaliteit helder en distorsievry
- Klankbalans bevredigend
- Pulse korrek aangebring vir skyfiewisseling
- Gehalte van skyfies en kasset aanvaarbaar

Medium:

- Keuse van skyfieklankprogram as medium korrek
- Benutting van eienskappe van medium effektief

(7)

VIDEOPROGRAMME

Doel: **Teikengroep:**

Inhoud:

- Tersaaklik vir vakbehoeftes
- Dekking van onderwerp bevredigend
- Korrekte inligting oorgedra
- Resente inligting sover moontlik
- Hoeveelheid inligting aanvaarbaar

Aanbieding:

- Strukturering van inhoud (draaiboek) geslaag
- Beperkte inligting, nie te veel besonderhede nie
- Interessant aangebied
- Visuele uitbeelding van inhoud geslaag
- Kamerategnieke soos kamerahoek, beweging, nabyfotografie en zoem effektief gebruik
- Illustrasies en opskrifte doelmatig
- Aanbieder/kommentator se stem boeiend, aanneemlik en aanvaarbaar vir teikengroep
- Akteurs tree oortuigend op
- Musiek/byklanke effektief gebruik
- Taalgebruik aanvaarbaar vir teikengroep
- Klank en beeld doeltreffend geïntegreer, vul mekaar aan
- Tempo van aanbieding bevredigend
- Kontinuïteit deurgaans behou
- Begrippe duidelik oorgedra
- Styl en aanbiedingswyse geskik vir teikengroep
- Ondersteunende materiaal soos onderwysersgids en/of werkkaarte bruikbaar

Tegniese gehalte:

- Beeldskerpte (fokus) bevredigend
- Beeldhelderheid, bv. grootte, beligting, duidelikheid van voorwerpe bevredigend
- Illustrasies tegnies goed en afgerond
- Kleur natuurlik en effektief
- Klankkwaliteit helder en distorsievry
- Klankbalans bevredigend
- Gehalte van videoband aanvaarbaar

Medium:

- Keuse van video as medium korrek
- Benutting van eienskappe van medium, veral as nabymedium, effektief

(8)

REKENAARPROGRAMME
Doel: **Teikengroep:**
Inhoud: ° Tersaaklik vir vakbehoeftes en ontwikkeling van rekenaarvaardigheide ° Dekking van onderwerp bevredigend ° Korrekte inligting oorgedra ° Resente inligting sover moontlik ° Hoeveelheid inligting aanvaarbaar
Aanbieding: ° Strukturering van inhoud geslaag ° Skermuitleg duidelik en logies, nie oorlaai nie ° Visuele aanbieding van inhoud soos grafika, kleur en beweging doelmatig ° Teks maklik leesbaar, kwaliteit en grootte van letters aanvaarbaar ° Klankgebruik effektief ° Taalgebruik aanvaarbaar vir teikengroep ° Leerstof interessant en oorspronklik aangebied ° Tempo deurgaans bevredigend ° Kontinuïteit goed gehandhaaf ° Gebruikersvriendelik ° Drukstaat beskikbaar ° Begrippe duidelik oorgedra ° Styl en aanbiedingswyse geskik vir teikengroep ° Moeilikheidsgraad aanpasbaar by gebruiker se vermoëns ° Outomatiese vordering na makliker/moeiliker probleme moontlik ° Motiveer gebruiker en stel uitdagings ° Terugvoer aan gebruiker bevredigend ° Hulpfunksie beskikbaar ° Doeltreffende beheer van program moontlik ° Leerstof met vorige kennis/ervaring geïntegreer ° Ondersteunende materiaal soos onderwysersgids/werkkaarte bruikbaar
Tegniese gehalte ° Program aanpasbaar by bestaande apparatuur ° Program funksioneer bevredigend ° Kwaliteit van disket aanvaarbaar
Medium: ° Keuse van die rekenaar as medium korrek ° Benutting van eienskappe van medium effektief

3.4.3.4 **Kriteria vir evaluering van die onderwysersnaslaanversameling**

Die onderwysersnaslaanversameling bestaan uit 'n geselekteerde en beperkte versameling opvoedkundige boeke, tydskrifte, sillabusse, bibliografieë, kursuslesings, studiegidse en nuusbriewe vir skoolvakke vir die uitsluitlike gebruik deur die onderwysers. Handboeke word nie in die versameling opgeneem nie.

Die mediakomitee behoort kriteria vir die evaluering van die voorraad op te stel, sodat op aktuele behoeftes gekonsentreer kan word. Die beginsel van hoë gebruiksfrekwensie (par. 3.4.5.5) is 'n basiese kriterium wat toegepas behoort te word.

3.4.3.5 Spesifikasies vir oudiovisuele apparatuur

Die Onderwysmediadiens het volledige spesifikasies vir alle soorte apparatuur opgestel en verskaf 'n adviesdiens aan skole. Die spesifikasies is baie tegnies en hoogs gespesialiseerd en word nie aan skole voorsien om self die evaluering van apparatuur te onderneem nie.

3.4.4 **Die *Mediagids***

3.4.4.1 Inleiding

Die *Mediagids* is 'n keuselys van die jongste boeke, tydskrifte en oudiovisuele programmatuur wat vir skoolmediasentrums aanbeveel is en in die handel verkrygbaar is. Die *Mediagids* is bedoel as hulpmiddel by die aankoop van voorraad. Bibliografiese gegewens, pryse en standnommers vir boeke word verstrek.

Om die seleksie van voorraad te vergemaklik, word die volgende bykomende inligting verskaf:

- Gradering volgens skoolfases
- Annotasies wat die inhoud en moontlike gebruik toelig
- Temas vir verhale
- Onderwerpe by vakliteratuur vir boeke, tydskrifte en oudiovisuele programmatuur. 'n Alfabetiese onderwerpregister om die opspoor van vakvoorraad te vergemaklik, verskyn in elke uitgawe.

Alle items in die *Mediagids* is in die gerekenariseerde databasis van die Onderwysmediadiens opgeneem en van Mediagidsvolgnommers voorsien.

3.4.4.2 Uitgawes

Die *Mediagids* verskyn vyf maal per jaar. 'n Kumulatiewe alfabetiese register van inskrywings opgeneem in die aanvullende uitgawes word vyfjaarliks uitgegee. Vir tydskrifte en parate naslaanwerke word aparte uitgawes periodiek gepubliseer om die jongste gegewens onder die aandag te bring. Een eksemplaar van elke uitgawe word aan 'n skool voorsien. Die jaarlikse aanvullende uitgawes (tans 5) word saam met die kumulatiewe alfabetiese register in die werkkamer van die mediasentrum gehuisves.

3.4.4.3 Prosedure vir die gebruik van die *Mediagids*

(1) Die voorraad wat in die *Mediagids* opgeneem is, kan regstreeks aangeskaf word (par. 3.4.4.1).

(2) Die *Mediagids*volgnommers word voorsien vir die items op lyste en fakture en dui aan dat die voorraad geëvalueer en goedgekeur is. Die volgnommers word ook gebruik vir die aanvra van kataloguskaarte en vir die opstel van lyste vir die herbind van boeke.

(3) Titels van bruikbare tydskrifte word in die *Mediagids* opgeneen, maar die gehalte van tydskrifte kan van nommer tot nommer wissel. Daarom is dit noodsaaklik dat skole self elke nommer evalueer voordat dit aan leerlinge beskikbaar gestel word. Dit kan gedoen word deur elke nuwe nommer eerste aan die vakonderwyser te sirkuleer. Tydskrifanalise vir die ontsluiting van inligting kan terselfdertyd gedoen word (par. 4.1.4.3).

3.4.5 'n Gebalanseerde voorraad

3.4.5.1 Inleiding

Die mediakomitee behoort ook aandag te gee aan 'n gebalanseerde voorraad t.o.v. soorte media, vakke, kulturele bedrywighede en persoonlike behoeftes en belangstellings van leerlinge, asook die graad van gevorderdheid.

3.4.5.2 Balans tussen soorte media

Die grootste gedeelte van hierdie voorraad behoort gedrukte media te wees. Boeke bly die kernvoorraad vanweë die maklike beskikbaarheid, bruikbaarheid en relatief lae prys. Vir sillabus- en ander behoeftes behoort daar dus 'n *kernvoorraad van goed geselekteerde boeke* te wees. Hierdie voorraad sluit parate naslaanwerke, vakliteratuur en verhale in.

Die verhouding tussen die soorte gedrukte voorraad behoort by benadering die volgende te wees:

° Parate naslaanwerke - primêre skole : 2%
- sekondêre skole : 2%

° Vakliteratuur - primêre skole : 50%
- sekondêre skole : 68%

° Verhale/fiksie - primêre skole : 48%
- sekondêre skole : 30%

Oudiovisuele programmatuur vul hoofsaaklik die vakliteratuur en in mindere mate die verhale aan en maak deel uit van die voornoemde persentasies. 'n Verteenwoordigende versameling van 'n verskeidenheid programmatuur behoort opgebou te word.

Die mediakomitee sien toe dat 'n goeie balans tussen gedrukte media as basiese voorraad en oudiovisuele programmatuur gehandhaaf word.

3.4.5.3 Balans tussen inhoud en vlak

Die betrokkenheid van die onderwysers by voorraadbou stel die mediakomitee in staat om 'n balans in die mediavoorraad te bewerkstellig t.o.v. die onderwerpe wat gedek moet word, die graad van moeilikheid en die ouderdom, ontwikkelingsvlak en leesvermoë van leerlinge.

3.4.5.4 Balans tussen tale

In beginsel behoort die amptelike landstale billik verteenwoordig te wees met die klem op die taalmedium van die skool. Daar is reeds 'n goeie voorraad boeke in Afrikaans beskikbaar, maar vir funksionaliteit sal in Afrikaanse skole nog ruim geput moet word uit die ryk skat van die Engelse literatuur om die spektrum van vakke en onderwerpe na wense te dek. Ander tale moet volgens die behoeftes van die skool in die mediavoorraad opgeneem word.

3.4.5.5 Balans en die beginsel van hoë gebruiksfrekwensie en oordeelkundige duplisering

Anders as in die geval van 'n biblioteek, het die mediasentrum nie 'n bewaarfunksie wat saamhang met die opbou van 'n kwantitatiewe versameling nie. In die mediasentrum geld die beginsel van 'n dinamiese voorraad wat intensief gebruik word. Voorraad wat nie 'n hoë gebruiksfrekwensie het nie, d.w.s. nooit of selde geleen word (dikwels omdat dit verouderd is of omdat sillabusse verander het), voorsien nie in 'n behoefte nie en moet onttrek word as verouderd en onbruikbaar.

Boeke wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het, voorsien in behoeftes en behoort oordeelkundig en geleidelik gedupliseer te word (nie meer as 5 eksemplare per boek nie, want dan is die verskeidenheid van bronne minder). Die balans soos in par. 3.4.5.2-3.4.5.4 moet deurgaans in gedagte gehou word.

'n Dinamiese voorraad wat kwantitatief ontoereikend is, kan nie funksioneel wees nie, en die opbou van 'n voorraad van ± 10 bronne (boeke en oudiovisuele media) per leerling kan as 'n doelwit gestel word.

3.4.6 Voorraadbou

3.4.6.1 Inleiding

Voorraadbou is een van die belangrikste *funksies van die mediakomitee* en maak 'n wesenlike deel uit van die skoolmediabeleid, die skoolmediaprogram en werkprogramme wat voortdurend aandag moet kry. Die sukses van die program vir voorraadbou hang af van die betrokkenheid van die onderwysers. Onderwysers wat betrokke is, ken die voorraad, maak weldeurdagte aanbevelings vir die uitbou van die voorraad, stel belang in nuwe aanwinste, maak in toenemende mate gebruik van media in die onderrig en motiveer leerlinge om media selfstandig te gebruik.

3.4.6.2 Riglyne vir voorraadbou

(1) Boeke en oudiovisuele programmatuur

(a) Die mediakomitee beplan tydens 'n vergadering 'n werkprogram vir doelgerigte voorraadbou (par. 2.4.3.3 (2)) waarin prioriteite vir onderwerpe wat eerste aandag moet kry, gestel word.

(b) Die departementshoof, as lid van die mediakomitee, beplan tydens 'n vakvergadering die betrokkenheid en aandeel van elke onderwyser by die uitbou van die vakvoorraad.

(c) Vakonderwysers:

° Analiseer die sillabus en maak 'n lys van onderwerpe waaronder die vakvoorraad ontsluit moet word (kyk voorbeeld op bl. 46 en 47).

° Werk al die media wat op die vak betrekking het stelselmatig deur en evalueer dit volgens die kriteria vir die evaluering van onderwysmedia (Bylae C).

° Stel geleidelik bronnelyste van bruikbare voorraad vir onderwerpe op (kyk voorbeeld op bl. 48).

° Onttrek onbruikbare voorraad, stel 'n lys op en bespreek dit by 'n vakvergadering.

- Stel, met inagneming van die beginsel van hoë gebruiksfrekwensie (par. 3.4.5.5) en die kriteria vir evaluering van voorraad, 'n prioriteitslys van boeke en ander media uit die *Mediagids* op vir die uitbou van die vakvoorraad en bespreek dit by 'n vakvergadering sodat die departementshoof die lyste aan die mediakomitee kan voorlê vir insluiting in die mediabegroting (par. 3.2.2.1).
- Doen aanbevelings vir die produksie van programmatuur om in spesifieke behoeftes te voorsien, gee 'n aanduiding van onkoste en bespreek dit met die departementshoof vir insluiting in die mediabegroting (par. 3.2.2.2).

(d) Die lys van onderwerpe uit die sillabus, die bronnelyste, die lys van onbruikbare boeke en prioriteitslyste vir aankope word verder deur die media-onderwyser gehanteer.

(2) Tydskrifanalise

Tydskrifte bevat die jongste inligting op 'n vakgebied en is in die algemeen 'n uiters belangrike aanvulling tot die mediavoorraad indien dit ontsluit word (par. 4.1.4.3). Die analise van tydskrifte maak deel uit van doelgerigte voorraadbou deur vakonderwysers.

(3) Pamfletversameling

Die stelselmatige uitbou van die pamfletversameling is 'n doeltreffende en redelik goedkoop aanvulling van die voorraad waarby vakonderwysers ook betrek moet word (par. 3.5.4.3).

3.4.7 Aanskaffing van mediavoorraad : gedrukte media en oudiovisuele programmatuur

3.4.7.1 Beskikbare fondse

(1) Mediasentrumtoekenning

'n Per capita-toekenning word jaarliks vir voorraadbou in die mediasentrum, soos aangedui in die skoolberamingsvorm, gemaak.

(2) Skoolfonds

Die mediakomitee beplan vir fondse wat nog nodig is om in behoeftes te voorsien (par. 3.2.2.1).

3.4.7.2 Riglyne vir die aanskaffing van gedrukte media en oudiovisuele programmatuur

(1) Seleksie van voorraad en begroting

Met inagneming van die media-eienskappe (par. 3.4.2), kriteria vir evaluering (par. 3.4.3), vereistes vir 'n gebalanseerde voorraad (par. 3.4.5) en die riglyne vir voorraadbou (par. 3.4.6.2) hanteer die mediakomitee prioriteitslyste uit die *Mediagids* (par. 3.4.6.2 (1)), stel 'n kort- en langtermynbeplanning op en begroot vir die nodige fondse (par. 3.2.2.1).

Die mediakomitee is ook verantwoordelik vir die besteding van fondse en oefen beheer daaroor uit.

VOORBEELD VAN 'N SILLABUSONTLEDING EN ONDERWERPLYS VIR DIE PRIMÊRE SKOOL

SILLABUSONTLEDING					ONDERWERPLYS
VAK : AARDRYKSKUNDE - LEERINHOUDE (Uittreksel)	**STANDERDS**				Onderwerpe geselekteer vir ontsluiting van inligting in die alfabetiese onderwerpkatalogus in die mediasentrum
	2	3	4	5	
1. RIGTING	x	x	x	x	RIGTINGS. Aardrykskunde
Breedte- en lengtegraad				x	-
2. WEER	x	x	x	x	WEER
Seisoene	x		x		SEISOENE
Weersomstandighede		x			-
Dag en nag		x			TYD
Klimaatverskynsels			x		KLIMAAT
3. KAARTWERK	x	x	x	x	KAARTLEES
Planne en kaarte, ens.	x	x	x	x	-
Skoolgeboue en -gronde	x				SKOOL
Provinsies, RSA (Plekke, riviere ens.)	x				PLATTEGRONDE
Republiek van Suid-Afrika		x			SUID-AFRIKA. Provinsies
					PROVINSIES. Suid-Afrika
					RSA
					REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
					SUID-AFRIKA. Aardrykskunde
Wêreldkaart			x	x	AARDRYKSKUNDE
					ATLASSE
Transvaal : Plekke, dorpe	x				TRANSVAAL. Aardrykskunde
Riviere	x				SUID-AFRIKA. Aardrykskunde
Veeboerdery	x				SUID-AFRIKA. Landbou
Landbou	x				SUID-AFRIKA. Riviere
Bosbou	x				SUID-AFRIKA. Mynbou
Visvang, vissery	x				SUID-AFRIKA. Bevolking
Mynbou	x				SUID-AFRIKA. Stede en dorpe
Vervaardigingindustrieë	x				RIVIERE
Bevolkingsgroepe in eie omgewing	x				VEEBOERDERY
4. SUID-AFRIKA (RSA) : Ligging		x			LANDBOU. Suid-Afrika
Stede/Dorpe		x			BOSBOU
Bou		x			VISVANG
Riviere		x			VISSERYE
					MYNBOU. Suid-Afrika
(ens.)					BEVOLKING. Suid-Afrika

L.W.: Dit is noodsaaklik dat al die leerinhoudkeuses in die sillabusontleding opgeneem word.

VOORBEELD VAN 'N SILLABUSONTLEDING EN ONDERWERPLYS VIR DIE SEKONDÊRE SKOOL

SILLABUSONTLEDING						ONDERWERPLYS
VAK : GESKIEDENIS - LEERINHOUDE (Uittreksel)	**STANDERDS**					Onderwerpe geselekteer vir ontsluiting van inligting in die alfabetiese onderwerpkatalogus in die mediasentrum
	6	7	8	9	10	
1. ALGEMENE GESKIEDENIS						
DIE RENAISSANCE	x					RENAISSANCE
Petrarca	x					PETRARCA
Shakespeare	x					SHAKESPEARE, WILLIAM
Michelangelo	x					MICHELANGELO
Rembrandt	x					REMBRANDT
Galilei	x					GALILEI, GALILEO
Newton	x					NEWTON, ISAAC
.....						
(ens.)						
2. SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS						
DIE GROOT TREK	x		x			GROOT TREK
Natal	x					SUID-AFRIKA. Geskiedenis 1795-1880
Transoranje	x					SUID-AFRIKA. Geskiedenis 1880-1910
DIAMANTE EN GOUD	x		x			SUID-AFRIKA. Geskiedenis 1910-1960
						SUID-AFRIKA. Geskiedenis 1960-
OOS-TRANSVAALSE GOUDVELDE				x	x	NATAL. Geskiedenis
						SUID-AFRIKA. Mynbou
						MYNBOU. Suid-Afrika
						TRANSVAAL. Geskiedenis
ONDERWYS IN TRANSVAAL				x		TRANSVAAL. Onderwys
						ONDERWYS
UNIEWORDING		x				UNIE VAN SUID-AFRIKA
SUID-AFRIKA 1924-1934		x			x	SUID-AFRIKA. Unie van
Hertzog, Nie-blankebeleid						HERTZOG, JAMES BARRY MUNNIK
Nasionale Party					x	SUID-AFRIKA. Politieke geskiedenis
Rykskonferensie van 1926 en Balfourverklaring		x				SMUTS, JAN CHRISTIAAN
Ekonomiese ontwikkeling					x	SUID-AFRIKA. Nywerhede
.....						SUID-AFRIKA. Ekonomie
(ens.)						NYWERHEDE. Suid-Afrika
						EKONOMIE. Suid-Afrika

157

158

L.W.: Dit is noodsaaklik dat al die leerinhoudkeuses in die sillabus-ontleding opgeneem word.

VOORBEELD VAN 'N BRONNELYS

VAK: GESKIEDENIS **ST:** 3

TEMA/ONDERWERP: DIE HOTTENTOTTE LES 3 en 4

BESONDERHEDE OOR MEDIA			SOORTE MEDIA IN MEDIASENTRUM												MEDIA BUITE SKOOL		
			Boeke	Tydskrifte	Films	Grammofoon-plate	Kassette	Multimedia-pakkette	Pamflette	Prente	Skyfies	Strookfilms	Transparante	Videoprogramme	Onderwysbiblioteek	Nas. Filmoteek	Ander: Museums, ens.
OUTEUR	TITEL	STAND-NOMMER		P	FI	GR	KA	MU	PA	PR	SK	ST	TR	VI			
	Hottentotte (Pamflet)								✓								
	Hottentotte	SK 71									✓						
	Hottentotte	TR 66											✓				
LATEGAN E.H.W.	Die Hottentotte	572 LAT	✓														
	Patrys Jan, 1975 p. 15	P/PAT		✓													
BOYCE A.	Erfenis van die verlede	968 BOY	✓														
BAINES T.	My travels in the interior	PR572.9681BAI													✓		
	Population groups in SA	VD/SO 7148														✓	

Kyk Bylae D vir 'n vorm wat benut kan word.

(2) Aankoop van items op die *Mediagids* (par. 3.4.4.3)

Items kan regstreeks op TOD 68-bestelvorms aangekoop word. Spesifieke prosedures sal gereeld in elke uitgawe van die *Mediagids* opgeneem word.

(3) Aankoop van items nie op die *Mediagids* nie

Vir hierdie items moet vooraf goedkeuring by die Onderwysmediadiens verkry word (par. 3.4.3.1). Spesifieke prosedures word gehanteer soos in (2) hierbo.

3.4.7.3 Aanvangsvoorraad

Departementele beleid *(Handleiding...*, par. 37.1.3 (1) (b))

"Die aanvangsvoorraad vir nuwe skole bestaan uit die basiese parate naslaanwerke, vakliteratuur, verhale en beskikbare oudiovisuele programmatuur. Sodra 'n skool oor die nodige akkommodasie en personeel beskik, vra die hoof die aanvangsvoorraad aan."

Na ontvangs van aanvangsvoorraad reël die hoof vir 'n besoek van die media-adviseur om voorligting te gee.

3.4.7.4 Sentrale Verskaffing van boeke, tydskrifte en oudiovisuele programmatuur

Departementele beleid *(Handleiding...*, par. 37.1.3 (1) (c))

"Daar word jaarliks 'n aantal boeke en/of oudiovisuele programme vir bepaalde vakke aan skole verskaf. Die vakkomitees kies die boeke en programmatuur en die Onderwysmediadiens plaas die bestellings en behartig die versending aan skole.

Staande intekening op tydskrifte, wat deur die vakkomitees gekies word, word ook vir skole gereël. Hierdie titels word vroegtydig bekend gestel, sodat skole se eie tydskrifintekening daarby kan aansluit."

Prosedures vir erkenning van ontvangs en opname in mediavoorraad word by elke besending ingesluit.

3.4.8 Aanskaffing van mediavoorraad : oudiovisuele apparatuur

3.4.8.1 *Katalogus van die mediasentrum*

(1) Oudiovisuele apparatuur wat as buitengewone items (B/E) aan skole voorsien word, is in die *Katalogus van die mediasentrum* opgeneem. Die voorskrifte in die *Katalogus...* moet noukeurig gevolg word.

(2) Prosedure vir beraming en aanskaffing (par. 3.2.3)

(a) Die items wat nodig is, moet op die *Beramingsvorm...* ingevul en vir goedkeuring na die media-adviseurs gestuur word.

(b) Daar word aanbeveel dat skole wat apparatuur uit eie fondse wil aankoop, die Onderwysmediadiens vir advies nader.

3.4.9 Aanskaffing van voorraad vir die onderwysersnaslaanversameling

Fondse word nie spesifiek vir die onderwysersnaslaanversameling voorsien nie. Die hoof en mediakomitee hanteer aanbevelings en beraam vir aankope. Die titels hoef nie vir goedkeuring voorgelê te word nie. Indien daar spesifieke behoeftes is, kan die Onderwysbiblioteek om advies gevra word, of die bronne kan uitgeleen en geëvalueer word voordat finaal op aanskaffing besluit word. In die uitbou van die voorraad van die onderwysersnaslaanversameling moet steeds in gedagte gehou word dat die Onderwysbiblioteek oor 'n ruim mediavoorraad vir onderwysersgebruik beskik en dat slegs boeke wat gereeld nodig is, vir die versameling aangekoop behoort te word.

3.4.10 Evaluering van mediavoorraad

Om te verseker dat die mediavoorraad aan vereiste standaarde voldoen, is dit nodig dat ten minste twee vergaderings van die mediakomitee elke jaar hoofsaaklik gewy word aan die evaluering van die mediavoorraad aan die hand van al die voornoemde aspekte en dat die mediaprogram en werkprogramme dienooreenkomstig aangepas word.

3.5 ORGANISERING VAN DIE MEDIAVOORRAAD

L.W.: Volledige prosedures vir die organisasie van die mediavoorraad is vervat in *Prosedures vir die organisasie van die mediavoorraad*, 'n handleiding vir mediapersoneel.

3.5.1	Inleiding	50
3.5.2	Ontvangs van mediavoorraad	51
3.5.3	Aanwins- en voorraadregisters	52
3.5.4	Organisering van gedrukte media	52
3.5.5	Organisering van oudiovisuele programmatuur	54
3.5.6	Organisering van oudiovisuele apparatuur	55
3.5.7	Organisering van die alfabetiese onderwerpkatalogus	55
3.5.8	Organisering van 'n leenstelsel	55
3.5.9	Instandhouding van mediavoorraad	56
3.5.10	Voorraadbeheer in die mediasentrum	56
3.5.11	Organisering van die onderwysersnaslaanversameling	56
3.5.12	Verslaghouding	56
3.5.13	Evaluering van die organisasie van die mediavoorraad	57

3.5.1 Inleiding

Die organisering van die mediavoorraad bestaan uit 'n reeks prosedures en tegnieke wat hoofsaaklik administratief van aard is. Dit is egter noodsaaklik dat mediapersoneel (par. 3.1.4 - 3.1.7) wat hiermee behulpsaam is, deeglik deur die media-onderwyser in spesifieke aspekte opgelei word en dat daar gereeld leiding gegee en beheer uitgeoefen word.

Die organisasie van die mediavoorraad is 'n omvattende en deurlopende taak wat die mediakomitee goed moet beplan en gereeld moet evalueer, ook t.o.v. voldoende mediapersoneel en die nodige kontinuïteit.

Die kort samevatting wat volg, is vir die gebruik van die hoof en mediakomitee in hulle bestuur-, beplanning-, beheer- en evalueringfunksies. By die implementering in die mediasentrum moet die volledige prosedures, hierbo genoem, gevolg word.

3.5.2 Ontvangs van mediavoorraad

3.5.2.1 Gedrukte media en oudiovisuele programmatuur

Nadat die professionele aspekte vir evaluering (par. 3.4.3), aanskaffing en bestelling (par. 3.4.7) van die mediavoorraad afgehandel is, word beplan vir die administratiewe aspekte.

Dit is raadsaam om te reël dat die mediasentrumvoorraad in die mediasentrum onder toesig van die media-onderwyser ontvang en gekontroleer word. Die boeke word teen die fakture en bestellys gekontroleer en albei word afgemerk. Die media-onderwyser kyk of die regte titels volgens *Mediagids*volgnommers gelewer is en volg ongerymdhede op. Twee afskrifte van die faktuur word na die administratiewe kantoor (par. 3.1.5) vir afhandeling gestuur. Die ander afskrif word saam met die bestellys in die organisasieléer geliasseer.

Tydskrifte waarop die skool inteken, word soos boeke gehanteer.

3.5.2.2 Oudiovisuele apparatuur

Oudiovisuele apparatuur voorsien deur die Transvaalse Onderwysdepartement word in die mediasentrum deur die onderwyser verantwoordelik vir voorraad in die skool en die assistent-media-onderwyser verantwoordelik vir apparatuur (par. 3.1.4.2) ontvang. Voordat vir ontvangs geteken word, moet seker gemaak word dat die aflewering volledig is en dat handleidings ingesluit is.

Apparatuur wat die skool self bestel, moet ook noukeurig gekontroleer word. Die leweransier kan ook gevra word om die apparatuur uit te pak, aanmekaar te sit en 'n demonstrasie te gee sodat dit gereed is vir gebruik.

3.5.3 Aanwins- en voorraadregisters

3.5.3.1 Aanwinsregister vir boeke (TOD 357)

Boeke word in die aanwinsregister opgeneem en aan elke boek word 'n aanwinsnommer vir die betrokke jaar, bv. 89/63, toegeken. Die aanwinsregister is 'n permanente rekord van die mediavoorraad waarin afskrywings aangedui en jaarlikse opsommings van die voorraad gemaak word. Dit dien as rekord en word vir die invul van die *Jaarstaat...* (TOD 162) gebruik.

3.5.3.2 Tydskrifregisterkaart (TOD 359)

'n Tydskrifregisterkaart word vir elke tydskrif, dié wat die skool self bestel en dié wat volgens sentrale intekening ontvang word, ingevul en ontvangs van nuwe nommers gereeld aangeteken. Die registerkaarte is 'n permanente rekord van tydskrifte wat die skool ontvang en moet sorgvuldig bygehou word.

3.5.3.3 Voorraadregisters vir oudiovisuele programmatuur en basiese materiaal

Oudiovisuele programmatuur word volgens soort in 'n voorraadregister opgeneem namate dit ontvang word. Die simbool vir die soort programmatuur en die aanwinsnommer vorm die standnommer vir huisvesting, bv. SK/19 vir die skyfieversameling, die 19de stel wat in die voorraadregister opgeneem is. Die voorraadregister is 'n permanente rekord waarin afskrywings aangedui en 'n jaarlikse opsomming gemaak word. 'n Voorraadregister moet ook vir verbruikbare basiese materiaal as rekord bygehou word.

3.5.3.4 Voorraadrekord vir oudiovisuele apparatuur

Die voorraadregister wat in die verlede gebruik is, word deur TOD 58-vorms vervang. TOD 4-voorraadkaarte word soos vir ander voorraad in die skool ingevul.

3.5.4 Organisering van gedrukte media

3.5.4.1 Boeke

(1) Fisiese voorbereiding

Die aanwinsnommer word volgens voorgeskrewe prosedures in die boek geskryf, die datumblad en sakkie ingeplak, die uitleenkaart ingevul en die letterwerk op die rug geskryf. Aspekte van die fisiese voorbereiding, soos die letterwerk, moet gereeld in stand gehou word.

(2) Katalogisering

Na ontvangs van die kataloguskaarte (aangevra op TOD 219) word die voorgeskrewe prosedures vir katalogisering gevolg; die media-onderwyser gee leiding en kontroleer. Kataloguskaarte vir outeur, titel en onderwerpe, asook vir voorraadopname, word voorberei vir die kaartkatalogus. Vir boeke wat nie in die *Mediagids* verskyn nie, is kataloguskaarte nie beskikbaar nie en die kaarte moet volgens katalogiseringsreëls self geskryf of getik word.

Die katalogisering van die mediavoorraad vir ontsluiting van inligting (par. 4.1) is 'n omvangryke en verantwoordelike taak wat ten alle koste in stand en op peil gehou moet word.

Indien daar enige twyfel bestaan oor die doelmatigheid van die katalogus, moet 'n adviseursbesoek aangevra word.

(3) Huisvesting

Boeke word in afdelings vir parate naslaanwerke, vakliteratuur, verhale, junior versameling en folioboeke op die toepaslike rakke volgens onderwerp (Deweynommer) vir vakliteratuur en alfabeties vir verhale gerangskik.

3.5.4.2 Tydskrifte

(1) Fisiese voorbereiding

Na aantekening op die tydskrifregisterkaart, word die tydskrif gestempel en vir gebruik beskikbaar gestel.

(2) Katalogisering

Kataloguskaarte word soos vir boeke aangevra. Katalogisering vir die outeur-, titel- en onderwerplaai word eenmalig gedoen. Tydskrifartikels word volgens voorgeskrewe prosedure in die onderwerpvolgorde ontsluit (par. 4.1.4.3).

(3) Sirkulering

Tydskrifte behoort na ontvangs vir 'n beperkte tyd vir kennisname aan vakonderwysers gesirkuleer te word en vir die merk van artikels wat in die onderwerpvolgorde vir aanvulling van die vakvoorraad opgeneem kan word.

(4) Huisvesting

Die jongste tydskrifnommers word alfabeties op die tydskrifrak vir gebruik uitgestal en ouer uitgawes word volgens jaargange in pamfletdose op boekrakke gehuisves.

3.5.4.3 Pamfletversameling

(1) Fisiese voorbereiding

Dit is belangrik dat die bron waaruit die pamflet of knipsel verkry is, volledig aangedui word. Pamflette, artikels, knipsels, kleiner prente, brosjures,ens. word in hanglêers volgens onderwerpe gerangskik. 'n Uitleenkaart word vir 'n hanglêer gemaak en dit word as 'n eenheid geleen.

(2) Katalogisering

Die pamfletversameling word deur skole self opgebou en verskil in 'n groot mate van skool tot skool. Kataloguskaarte word nie voorsien nie en die onderwerp van 'n hanglêer word volgens voorgeskrewe prosedures deur 'n onderwerpkaart in die katalogus ontsluit.

(3) Huisvesting

Die hanglêers vir die onderwerpe in die pamfletversameling word alfabeties in 'n vierlaai-liasseerkabinet vir gebruik gerangskik.

3.5.4.4 Koerante

Koerante word by ontvangs gestempel en artikels van waarde vir die pamfletversameling word met 'n regmerkie aangedui.

Koerante word op die koerantrak vir gebruik uitgestal vir 'n tydperk deur die skool bepaal. Voordat ou koerante vernietig word, moet gemerkte artikels uitgeknip en die naam van die koerant, datum van uitgawe en pagina aangedui word vir opname in die pamfletversameling.

3.5.5 Organisering van oudiovisuele programmatuur

3.5.5.1 Dekkende beginsels

Die meeste van die oudiovisuele programmatuur word nie individueel, bv. skyfie-vir-skyfie, georganiseer nie, maar volgens onderwerpe in stelle gegroepeer en daarvolgens georganiseer. Programmatuur soos grammofoonplate en videokassette word individueel georganiseer.

3.5.5.2 Organisering van soorte programmatuur

Die verskillende soorte media hieronder word fisies volgens voorgeskrewe prosedures voorberei, gekatalogiseer en in hanglêers, plastiekhouers, plastieksakke, ens. in kabinette gehuisves.

Die organisering van die oudiovisuele versameling verg baie tyd weens die groot verskeidenheid versamelings en die eiesoortige hantering van elk:

(1) Prente
(2) Transparante
(3) Strookfilms
(4) Skyfieklankprogramme
(5) Klankkassette
(6) Grammofoonplate
(7) Videokassette
(8) Films
(9) Rekenaarprogramme
(10) Multimediapakkette

Dit is dan ook die rede waarom 'n assistent-media-onderwyser vir dié aspek verantwoordelik gestel moet word (par. 3.1.4.3) en ook van leerling- en ouerhelpers gebruik gemaak behoort te word (par. 3.1.6 en 3.1.7).

3.5.5.3 **Basiese produksiemateriaal en ander benodigdhede**

Na behoeftebepaling, beraming en bestelling van basiese produksiemateriaal op die *Katalogus van die mediasentrum* (par. 3.2.2.2 en 3.2.4), word die voorraad in die mediasentrum ontvang, gekontroleer, volgens prosedures georganiseer en vir gebruik beskikbaar gestel.

Dieselfde prosedure geld ook vir ander benodigdhede soos skoonmaakmateriaal, verlengkabels, muurproppe, ens. (par. 3.2.3.3).

3.5.6 **Organisering van oudiovisuele apparatuur**

Apparatuur word na opname op voorraadkaarte fisies voorberei deur die skool se identifikasie daarop aan te bring en die standnommer, bv. die simbool en aanwinsnommer TP 1 vir truprojektor en 1 vir eerste een in die voorraad, daarop te skryf. Op die rak word dieselfde standnommer aangebring vir die huisvesting van die bepaalde truprojektor. Handleidings vir apparatuur word in ringlêers by die apparatuur gehuisves.

'n Register van onderdele wat aangekoop word, moet vir rekorddoeleindes bygehou word (par. 3.2.3.2).

3.5.7 **Organisering van die alfabetiese onderwerpkatalogus**

Die alfabetiese onderwerpkatalogus word saamgestel uit ingevulde kataloguskaarte vir alle gedrukte media en oudiovisuele programmatuur. Die katalogus bestaan uit outeur-, titel- en onderwerpvolgordes en stel die gebruiker in staat om verlangde inligting te vind. 'n Leeslys word ook vir verhale saamgestel.

Die voorraadopnamekaarte word in laaie in die werkkamer gehuisves.

3.5.8 **Organisering van 'n leenstelsel**

Die beskikbaarstelling van voorraad (par. 4.2) sluit in die gebruik van media in die mediasentrum onder toesig asook 'n goed georganiseerde leenstelsel. Prosedures en algemene riglyne vir toesig, leentye, leentydperke, aantal items en beperkings op lenings moet opgestel word (par. 2.3.3.4 (2)).

'n Eenvormige leenstelsel volgens voorgeskrewe prosedure moet gevolg en sirkulasiestatistiek bygehou word.

3.5.9 Instandhouding van mediavoorraad

In Mediagebruikersleiding en tydens ander opvoedingsgeleenthede moet leerlinge leiding ontvang in die korrekte hantering van boeke en ander media, sodat hulle dit met respek sal hanteer en goed sal versorg terwyl dit gebruik word. Die huisvesting moet skoon en stofvry wees, omdat stof die grootste vyand van die mediavoorraad in die mediasentrum is.

Boeke kan ingestuur word vir herbind of ook betyds versterk word nadat dit vir 'n tydperk gebruik is. Leerlinghelpers moet opgelei word om die boeke te kontroleer as dit weggepak word en dié te onttrek wat versorging nodig het.

Oudiovisuele programmatuur moet veral vry van stof, hitte en klammigheid gehuisves word en moet gereeld gekontroleer en in stand gehou word. Oudiovisuele apparatuur moet van stofomhulsels voorsien word, gereeld skoongemaak en volgens inligting aangedui op die TOD 58-vorms betyds versien word.

3.5.10 Voorraadbeheer in die mediasentrum

Daar moet doeltreffende beheer oor die mediasentrumvoorraad wees, bv. geen toegang sonder toesig nie. Die leenstelsel moet nie ruimte vir uitsonderings laat nie en vermiste voorraad moet onverwyld opgespoor word.

Voorraadopname moet jaarliks volgens departementele prosedures gedoen word.

3.5.11 Organisering van die onderwysersnaslaanversameling

'n Afsonderlike aanwinsregister word gebruik en die fisiese voorbereiding en organisering word volgens vasgestelde prosedures gedoen.

3.5.12 Verslaghouding

'n Organisasieliêer word saamgestel waarin verslag van die vordering in die verskillende aspekte van die organisasie van die mediavoorraad gehou word. Daar moet ook gereeld by mediakomiteevergaderings verslag van vordering met werkprogramme vir die organisasie van die mediavoorraad gedoen word.

3.5.13 Evaluering van die organisasie van die mediavoorraad

Vir doeltreffende beplanning van die organisasie van die mediavoorraad is gereelde evaluering van die peil wat gehandhaaf en vordering wat gemaak word, nodig. Die doelwitte wat vir werkprogramme vir die organisasie van die mediavoorraad gestel word, kan as evalueringskriteria dien. Alle aspekte van die organisasie behoort ook teen die vereistes hierbo gestel geëvalueer te word, sodat 'n geheelindruk van die stand van die organisasie verkry en aspekte vir opvolging geïdentifiseer kan word.

oooOooo

HOOFSTUK 4

BEPLANNING VIR DIE VOORSIENING VAN MEDIADIENSTE

4.1 ONTSLUITING VAN INLIGTING IN DIE MEDIASENTRUM

4.1.1	Inleiding	58
4.1.2	Klassifisering en katalogisering vir alfabetiese onderwerpkatalogus	58
4.1.3	Onderwysmediadiens : Gesentraliseerde inligtingontsluitingdienste aan mediasentrums	60
4.1.4	Inligtingontsluiting in die mediasentrum	61
4.1.5	Evaluering van inligtingontsluiting in die mediasentrum	63

4.1.1 Inleiding

'n Gebalanseerde en funksionele mediavoorraad kan eers werklik gebruik word as die inligting in die bronne vir die gebruiker toeganklik is. Die ontsluiting van inligting is die belangrikste, mees omvattende en gespesialiseerde mediadiens wat die mediasentrum moet voorsien, en wat deur die mediakomitee ingesluit moet word in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.4 (1)) en die mediaprogram (par. 2.4.3.2) en waarvoor werkprogramme (par. 2.4.3.3 (3)) opgestel en die *Prosedures vir die organisasie van die mediavoorraad* gevolg moet word.

Die ontsluiting van inligting behoort deeglik deur die mediakomitee beplan en beheer te word en die media-onderwyser moet daarvoor verantwoordelik gestel word. Die voorraad in die mediasentrum word toeganklik gemaak vir gebruik deur die alfabetiese onderwerpkatalogus, 'n leeslys vir verhale, bronnelyste vir bepaalde onderwerpe en uitstallings. Die mediakomitee beplan ook die betrokkenheid van die klas-/vakonderwysers in die toekenning van onderwerpe vir spesifieke klasse/vakke, die opstel van 'n leeslys vir verhale (taalonderwysers), die opstel van bronnelyste vir werkopdragte en hulp met vakuitstallings.

4.1.2 Klassifisering en katalogisering vir alfabetiese onderwerpkatalogus maak inligting beskikbaar vir gebruiker

4.1.2.1 Klassifisering

Die klassifisering van mediasentrumvoorraad verseker dat voorraad wat bymekaar hoort, saamgegroepeer word. Klassifisering word soos volg gedoen:

(1) In *groot groepe*, bv. gedrukte media en oudiovisuele programmatuur

(2) Volgens *soort voorraad*, bv. boeke, tydskrifte, oudiovisuele programmatuur en apparatuur

(3) Volgens 'n *spesifieke soort* medium, bv. parate naslaanwerke, vaklitteratuur, verhale, tydskrifte, pamflette, prente, transparante, kassette, strookfilms, skyfieklank-, video- en ander oudiovisuele programme

(4) Volgens die *Dewey-klassifikasiestelsel* wat inligting in 10 klasse met verdere onderafdelings van 10 verdeel sodat 'n spesifieke klassifikasienommer aan 'n onderwerp toegeken kan word. Sodoende word *boeke* wat oor dieselfde onderwerp handel by dieselfde nommer geklassifiseer en daarvolgens op die rakke gerangskik vir die gerief van die gebruiker

(5) Deur die *onderwerpe* waaroor die inhoud van 'n bron handel te bepaal vir ontsluiting op kataloguskaarte. Die onderwerpe word in die alfabetiese onderwerpkatalogus agter 'n *gidskaart* vir 'n *onderwerp saamgegroepeer* sodat alle soorte media wat inligting oor 'n onderwerp bevat, regstreeks vir die gebruiker toeganklik is.

Die klassifisering volgens die *Dewey-klassifikasiestelsel* word deur die Onderwysmediadiens in die *Mediagids* of op versoek van skole gedoen en 'n beperkte getal onderwerpe word aan 'n bron toegeken.

4.1.2.2 Katalogisering

Katalogisering is die proses waardeur 'n geordende lys van al die media in die mediasentrum opgestel en individuele bronne van inligting bekend gestel word. Katalogisering word soos volg gedoen:

(1) 'n *Kataloguskaart* met bibliografiese gegewens (outeur, titel, publikasiedatum, ens.) en onderwerpe of temas wat die inhoud aandui, vir elke item in die voorraad word voorsien

(2) Voldoende *duplikate van dié kataloguskaart* (ook bekend as 'n *eenheidskaart*) word gemaak en die *outeur* op die eerste kaart, die *titel* op die tweede kaart, die *onderwerpe* respektiewelik op die volgende kaarte *onderstreep*, en die *standnommer* op die voorraadkaarte

(3) Die kataloguskaarte word in *afsonderlike volgordes* volgens onderstreping van *outeur*, *titel* en *onderwerp* agter die betrokke *gidskaart* in die kataloguslaaie gerangskik, sodat die gebruiker volgens behoefte inligting kan bekom.

4.1.2.3 Die alfabetiese onderwerpkatalogus en 'n onderwerplys

Deur die alfabetiese onderwerpkatalogus word soveel inligting moontlik in die mediasentrum regstreeks toeganklik gemaak vir die gebruiker. Om dit te kan doen moet 'n *alfabetiese onderwerplys* opgestel en gereeld bygehou word. Dié *onderwerplys* bevat onderwerpe uit al die vaksillabusse, die buitekurrikulêre aktiwiteite en die persoonlike behoeftes en belangstellings van die leerlinge.

Vir die doeltreffende ontsluiting van inligting in bronne in die mediasentrum moet slegs onderwerpe wat in die onderwerplys opgeneem is, gebruik word.

Daar word in die vooruitsig gestel om mettertyd 'n *gestandaardiseerde onderwerplys vir skoolmediasentrums* op te stel vir gebruik by onderwysmediadienste en in skole.

4.1.3 Onderwysmediadiens : Gesentraliseerde inligtingontsluitingsdienste aan mediasentrums

4.1.3.1 Die *Mediagids* (par. 3.4.4)

Die *Mediagids* word deur mediakundiges wat spesialiseer in skoolvakke, ander vakgebiede, klassifisering en katalogisering, opgestel. In die *Mediagids* word die korrekte bibliografiese gegewens vir elke item opgeneem, klassifikasienommers voorsien en die inhoud deur 'n annotasie en onderwerpe ontsluit. 'n Volgnommer word aan elke inskrywing in die *Mediagids* toegeken (par. 3.4.4.1).

4.1.3.2 Sentrale Katalogiseringsdiens

(1) Mediagidsvoorraad

Stelle kataloguskaarte word slegs vir voorraad in die *Mediagids* opgeneem, verskaf en word op TOD 219 van die Onderwysmediadiens aangevra.

Na ontvangs van nuwe voorraad en die kontrole van die fakture, moet die kataloguskaarte regstreeks bestel word sodat die nuwe voorraad so spoedig moontlik vir gebruik beskikbaar is (par. 3.5.4 en 3.5.5).

(2) Voorraad nie in die *Mediagids* nie

Katalogisering van voorraad nie in die *Mediagids* nie, moet deur die media-onderwyser self gedoen word volgens die riglyne in die *Prosedures vir die organisasie van die mediasentrum*. Dit geld ook vir oudiovisuele programme wat die skool self vervaardig.

4.1.3.3 Bibliografieë en geleentheidslyste

(1) Mediagidsvoorraad vir leerlinggebruik

Vakbibliografieë en geleentheidslyste word gereeld aan skole gestuur om vakvoorraad doelgerig uit te bou en betyds bronne vir spesiale geleenthede aan te skaf bv. vir jaartemas.

(2) Onderwysbiblioteekvoorraad vir onderwysergebruik

Vakbibliografieë om onderwysers bekend te stel aan beskikbare voorraad in die Onderwysbiblioteek word vir indiensopleidingkursusse opgestel en uitstallings gehou.

Bibliografieë vir onderwerpe, bv oudiovisuele programmatuur en jaartemas word ook opgestel. Die vakbibliografieë en geleentheidslyste word aan skole gestuur en behoort by ontvangs in die onderwysersnaslaanversameling opgeneem te word. Daarna moet dit aan die betrokke onderwysers gesirkuleer word sodat kennis geneem kan word van die ryk verskeidenheid onderwysmedia wat beskikbaar is.

4.1.4 Inligtingontsluiting in die mediasentrum

4.1.4.1 Onderwerplys (par. 4.1.2.3)

Die mediakomitee maak in die skoolmediabeleid voorsiening vir die analise van sillabusse en die saamstel van 'n onderwerplys, asook vir die opstel van 'n werkprogram (par. 2.4.3.3 (3)) vir die ontsluiting van inligting in die mediasentrum as deel van die mediaprogram (par. 2.4.3.2). Die media-onderwyser konsolideer die lyste van vakonderwerpe uit die sillabusse in een alfabetiese volgorde en vul dit aan met onderwerpe oor buitekurrikulêre aktiwiteite en onderwerpe waarin leerlinge persoonlik belangstel. Nuwe onderwerpe word bygevoeg volgens behoefte.

4.1.4.2 Die alfabetiese onderwerpkatalogus

Die kataloguskaarte wat van die Sentrale Katalogiseringsdiens bestel word, word na ontvangs voorberei vir opname in die alfabetiese onderwerpkatalogus.

Nadat die aanwinsnommer van die skool op al die kaarte geskryf is, word die outeur en titel respektiewelik op afsonderlike kaarte onderstreep en in die outeur- en titelvolgorde opgeneem. Daarna word die onderwerpe wat reeds toegeken is, onderstreep op afsonderlike kaarte en in die onderwerpvolgorde gerangskik. Die voordeel van onderwerpontsluiting is dat die media-onderwyser 'n bron verder volgens die behoeftes van die skool kan ontsluit. Nog onderwerpe uit die onderwerplys kan toegeken en op al die bestaande kaarte en addisionele kaarte wat geskryf word, bygevoeg word. Na die nodige onderstreping van onderwerpe word die kaarte in die alfabetiese onderwerpkatalogus opgeneem.

Vakonderwysers kan behulpsaam wees met die toekenning van onderwerpe vir nuwe voorraad volgens sillabusbehoeftes as die voorraad regstreeks na ontvangs aan hulle gesirkuleer word.

4.1.4.3 Tydskrifte

Tydskrifte word ontleed en bruikbare artikels vir opname in die onderwerpkatalogus geselekteer. Onderwerpe uit die *onderwerplys* word aan die artikels toegeken. Die onderwerpe word op die kataloguskaarte vir 'n spesifieke nommer van die tydskrif geskryf en in die onderwerpkatalogus agter die betrokke gidskaarte gerangskik.

4.1.4.4 Pamfletversameling

'n Onderwerpkaart word vir elke hanglêer gemaak en in die onderwerpkatalogus agter die betrokke gidskaart gerangskik.

4.1.4.5 'n Leeslys vir verhale

Leerlinge ontvang leesleiding in die mediasentrum en word gemotiveer om te lees vir genot en ontspanning. 'n Leeslys op kaarte volgens die genre (bv. prenteboek, familieverhaal) en temas van die boek moet opgestel word in samewerking met die taalonderwysers om leesleiding te vergemaklik. Die gretige leser kan self boeke uit die leeslys kies wat hy wil lees. Die kaarte vir die leeslys word volgens onderwerpe agter die betrokke gidskaarte gerangskik.

4.1.4.6 Bronnelyste

(1) Mediasentrumvoorraad

Inligting word verder ontsluit deur bronnelyste vir 'n bepaalde onderwerp en/of werkopdrag wat die klas-/vakonderwyser in samewerking met die media-onderwyser opstel (par. 5.2.2.3). Die bronnelyste moet in lêers bewaar word sodat dit weer gebruik en bygewerk kan word.

(2) Ander inligtingbronne

Gegewens van bronne wat elders geleen is, bv. die Onderwysbiblioteek en/of die Nasionale Filmoteek, moet ook in die bronnelys opgeneem word om later weer te gebruik.

Dit is ook nuttig om inligtingbronne in eie omgewing in die bronnelys op te neem, bv. in die openbare biblioteek, museum, geskiedkundige plekke, feeste, skoue, uitstallings, natuurreservate, nywerhede en interessante persoonlikhede. Dié inligting moet voortdurend gekontroleer en vir doeltreffende inligtingontsluiting bygewerk word.

4.1.4.7 Uitstallings

(1) In die mediasentrum

Gereelde uitstallings van nuwe aanwinste, of vir vakke, jaartemas, stokperdjies (wat leerlinge self uitstal), ens. stel die voorraad in die mediasentrum op 'n ander wyse bekend en bring die gebruiker by die bron self. 'n Bronnelys van die media wat uitgestal is, moet geskikbaar wees sodat bronne van belang gemerk kan word vir latere gebruik.

(2) In die klaskamer

Uitstallings in die klaskamer gee die onderwyser geleentheid om die verskillende soorte media en die gebruik daarvan aan die leerlinge bekend te stel en hulle te motiveer om oor die vak te lees of inligting in te win, ook wyer as dit wat die sillabusse dek. Bronnelyste behoort beskikbaar te wees, sodat aantekeninge gemaak en prioriteite vir latere gebruik gestel kan word.

4.1.5 Evaluering van inligtingontsluiting in die mediasentrum

Die mediakomitee beplan vir die gereelde evaluering van die doeltreffendheid van inligtingontsluiting in die mediasentrum. 'n Vraelys oor die vind van inligting in die mediasentrum kan opgestel en deur van die onderwysers en leerlinge in rotasie beantwoord word. Behoeftes wat nog bestaan, kan sodoende geïdentifiseer en in verdere beplanning ingesluit word.

4.2 BESKIKBAARSTELLING VAN MEDIAVOORRAAD AAN GEBRUIKERS

4.2.1	Inleiding	63
4.2.2	Leenbeleid	63
4.2.3	Mediapersoneel en leerlinghelpers	63
4.2.4	Rooster vir die mediasentrum en mediagebruik	63
4.2.5	Leenstelsel en -prosedures	64
4.2.6	Evaluering van beskikbaarstelling van voorraad aan gebruikers	65

4.2.1 Inleiding

Dit is noodsaaklik dat die gebruikers van die mediasentrum moet weet dat die voorraad op bepaalde tye vir gebruik beskikbaar is. Die mediakomitee maak voorsiening vir die beskikbaarstelling in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.4 (2)) en die mediaprogram (par. 2.4.3.2), formuleer die leenbeleid en stel leenprosedures op.

4.2.2 Leenbeleid

In die leenbeleid word bepaal wanneer die mediasentrum oop is vir gebruik, vir watter aktiwiteite voorsiening gemaak moet word, bv. leentye en -prosedures; verskaffing van mediadienste en wie daarvoor verantwoordelik is; en diens en toesig in die mediasentrum voor skool, gedurende pouses en na skool.

4.2.3 Mediapersoneel en leerlinghelpers (par. 3.1)

Die media-onderwyser is verantwoordelik vir die voorsiening van mediadienste en oefen beheer uit oor *beskikbaarstelling van voorraad* wat deur 'n assistent-media-onderwyser (par. 3.1.4.1) en leerlinghelpers gehanteer word. Die nodige opleiding moet gedoen en gereelde kontrole uitgeoefen word. Aandag moet ook gegee word aan die wyse waarop en gesindheid waarin dienste gelewer word: vriendelik, geduldig, hulpvaardig,ens.

4.2.4 Rooster vir die mediasentrum en mediagebruik

Die beplanning vir die voorsiening van mediadienste en die gebruik van media konfronteer die mediakomitee met die feit dat die mediasentrum *'n belangrike infrastruktuur vir mediagebruik* bied waarvoor tyd in die skoolrooster ingeruim moet word.

Die mediakomitee doen die beplanning van die tydtafel in sy geheel sodat alle aspekte ingepas en oorvleueling voorkom kan word.

Vir die beskikbaarstelling van media behoort die tydtafel vir die volgende voorsiening te maak:

- Tye wanneer die mediasentrum vir gebruik oop is: voor skool, gedurende skooltyd, pouses en in die namiddag
- Leentye vir alle gebruikers: leerlinge, onderwysers en bepaalde klasse, bv. junior primêre en hulpklasse

Die tye word aan alle gebruikers op die kennisgewingborde van die mediasentrum, klaskamers, personeelkamer, ens. bekend gestel.

4.2.5 Leenstelsel en -prosedures

4.2.5.1 Leenstelsel

Die mediakomitee beplan vir die implementering van die leenstelsel *(Prosedure vir die organisasie van die mediasentrum)* volgens eie behoeftes en omstandighede en bepaal die leentydperke vir bepaalde soorte voorraad, bv.:

- Alle vakliteratuur en verhale mag geleen word; nie meer as 'n bepaalde getal op 'n keer nie.
- Parate naslaanwerke mag slegs vir 'n spesifieke les(se) vir klaskamergebruik geleen word en oornag vir spesiale behoeftes.
- Programmatuur word vir klaskamergebruik geleen vir integrering met lesse, maar behoort daarna weer beskikbaar te wees vir gebruik in die mediasentrum.

Verder moet die getal bronne en leentydperk vir 'n bloklening vir die mediahoekie in die junior primêre klasse en vir bloklenings vir mediagebruik in die ander klasse bepaal word. Die leenstelsel vir apparatuur moet voorsiening maak vir langtermyngebruik (bv. oorhoofse projektors) en vir korttermyngebruik, afhangende van beskikbare voorraad.

Daar moet ook beplan word vir verlenging van die leentydperk, bespreking van boeke deur individuele gebruikers en die reservering van mediabronne in die mediasentrum vir die duur van bepaalde werkopdragte.

4.2.5.2 Leenprosedure

Vir die vlot funksionering van die leendiens moet 'n leenprosedure vir die skool, gebaseer op die departementele leenprosedure, opgestel word vir gebruik deur die betrokke mediapersoneel en onderwysers. Die leenprosedure behoort te bepaal hoe:

- Uitleenkaarte ingevul word
- Leerlinghelpers die kaarte en datumbladsy stempel
- Boeke terugbesorg word

- Die fisiese toestand by terugbesorging gekontroleer word
- 'n Lening verleng of 'n bron bespreek word
- Uitleenkaarte gerangskik word
- Uitstaande lenings gehanteer word
- Bloklenings uitgesoek en geleen word en wat die verantwoordelikhede van die betrokke onderwysers is
- Sirkulasiestatistiek gehou word
- Apparatuur geleen word en wat die verantwoordelikheid van die onderwyser is

4.2.6 Evaluering van beskikbaarstelling van voorraad aan gebruikers

Die beskikbaarstelling van voorraad is 'n mediadiens wat deurlopend geevalueer en aangepas moet word, bv. 'n toename in mediagebruik beïnvloed die voorsiening van mediapersoneel, die rooster, die leenbeleid en -prosedures.

4.3 BEKENDSTELLING VAN DIE MEDIASENTRUM, MEDIAVOORRAAD EN MEDIADIENSTE

4.3.1	Inleiding	65
4.3.2	Behoeftebepaling	66
4.3.3	Teikengroepe	66
4.3.4	Doelstellings en moontlike strategieë en tegnieke	66
4.3.5	Evaluering van die bekendstelling van die mediasentrum, mediavoorraad en mediadienste	69

4.3.1 Inleiding

'n Minder bekende maar noodsaaklike mediadiens is die bekendstelling van en reklame vir die mediasentrum en mediagebruik. Die mediakomitee maak in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.4 (3)) en die mediaprogram (par. 2.4.3.2) vir die bekendstelling voorsiening en beplan 'n werkprogram wat met die skoolprogram geïntegreer kan word.

Die beplanning vir die bekendstelling van die mediasentrum, mediavoorraad en mediadienste sluit in behoeftebepaling, doelstellings en moontlike strategieë en tegnieke wat gebruik kan word. 'n Subkomitee (par. 2.2.2.3), bestaande uit onderwysers en leerlinge wat die aanleg en belangstelling het, kan benoem word om onder leiding van 'n lid van die mediakomitee vir dié mediadiens verantwoordelik te wees. Die subkomitee stel werkprogramme op vir voorlegging aan die mediakomitee, sien toe dat die mediasentrum, -voorraad en -dienste by die verskillende skoolaktiwiteite geïntegreer word en is behulpsaam met die gebruik van media vir spesifieke skoolprojekte, vir groter trefkrag en vir doeltreffendheid.

4.3.2 Behoeftebepaling

Vraelyste of kompetisies oor die mediasentrum, -voorraad en -gebruik, waarby leerlinge, onderwysers en ouers gesamentlik en afsonderlik betrek word, is 'n vertrekpunt vir die identifisering van die behoeftes waarin voorsien moet word. Ander metodes is onderhoude op steekproefgrondslag; fyn waarneming van leerlinge, onderwysers en ouers as mediagebruik ter sprake is; opnames van die aard, omvang en frekwensie van mediasentrum- en mediagebruik; toets van gesindhede van onderwysers, ens.

4.3.3 Teikengroepe

Leerlinge, onderwysers, ouers en in 'n mindere mate die gemeenskap is die teikengroepe vir die bekendstellingprogramme. Dit is belangrik dat die behoeftes van die onderskeie groepe ontleed en by die beplanning van werkprogramme in ag geneem word, en dat bepaal word watter strategieë en tegnieke vir bepaalde teikengroepe aangewend kan word.

Daar kan ook gedifferensieer word binne 'n teikengroep, bv. 'n spesifieke standerd, vak, belangstelling en gebeurtenis. Algemene en deurlopende programme is ingestel op al die teikengroepe, en spesifieke programme soos bv. fondsinsameling op die ouers, maar met betrokkenheid van leerlinge en onderwysers. Oudervereniginge kan betrek word deur 'n *Komitee vir die Mediasentrum*, wat uit belangstellende ouers saamgestel is, en in vennootskap met die subkomitee en mediakomitee funksioneer.

4.3.4 Doelstellings en moontlike strategieë en tegnieke

4.3.4.1 Doelstellings

Die algemene doelstelling is die aktiewe bekendstelling van die mediasentrum, -voorraad en -dienste. Spesifieke doelwitte om in geïdentifiseerde behoeftes te voorsien, kan gestel word en bepaalde strategieë en tegnieke kan gebruik word om die doelwitte te bereik.

'n Belangrike vertrekpunt in die beplanning is 'n 'bekendstellingsveldtog' waarin beklemtoon word dat die doelstellings van die mediasentrum, die kurrikulum en die skool ooreenkom en onderling komplementêr is. Die 'veldtog' kan ook benut word om die ouers en die gemeenskap in te lig en aansluiting te vind. So 'n bekendstellingsaksie kan lei tot begrip, betrokkenheid en 'n mate van media-verantwoordelikheid.

4.3.4.2 Strategieë en tegnieke

Vir agtergrond is dit nodig om navorsing te doen oor strategieë en tegnieke wat moontlik toegepas kan word. Die mediakomitee kan bv. aan die subkomitee of 'n lid van die mediakomitee en leerlinge opdrag gee om te gaan kyk watter strategieë en tegnieke in die handel gebruik word vir reklame en verkope en om voorstelle vir die praktiese toepassing daarvan in die bekendstelling van die mediasentrum, -voorraad en -gebruik voor te lê.

4.3.4.3 Moontlike doelstellings, strategieë en tegnieke

(1) Om die deurlopende aandag op die mediasentrum as wesenlike deel van die funksionering van die skool te vestig deur middel van die volgende:

- Duidelike en kleurvolle wegwysers na en in die mediasentrum om gebruikers se belangstelling te wek, hulle welkom te laat voel en uit te nooi tot gebruik - oordeelkundige afwisseling van wegwysers kan die aandag weer opnuut vestig
- Plakkate, biljette en advertensies op strategiese plekke en tye

(2) Om die mediasentrum, -voorraad en -dienste te 'verkoop' of te 'bemark' deur middel van die volgende:

- Kort stimulerende tekendstellingprogramme aan nuwe media, bv. 'n slagspreuk en kort oorsig van gebruiksmoontlikhede vir elke soort medium of van media in die algemeen as inleiding tot die bekendstelling aan nuwe voorraad
- Vaste geleenthede, bv. skoolopening vir kort reklame vir die verskillende aspekte van mediagebruik - variasie en vindingrykheid is noodsaaklik om te kan slaag
- Uitstallings om temas en vakke, vir aktuele gebeure en vir spesifieke geleenthede, bv. oueraande en skoolfunksies

(3) Om bepaalde mediadienste om die beurt bekend te stel deur middel van die volgende:

- Kennisgewings, plakkate, advertensies
- Skyfieklankprogramme, kassetopnames en grafiese voorstellings
- Demonstrasies

(4) Om die funksionering van die mediasentrum te verduidelik en gebruik te bevorder deur middel van die volgende:

- Skyfieklankprogramme - resente skyfies behoort gebruik te word sodat met bekende leerlinge en onderwysers geassosieer kan word

° Vloeidiagramme op kennisgewingborde, transparante, ens.

° Kennisgewings: program vir die week, spesiale geleenthede/programme

(5) Om die mediavoorraad stelselmatig bekend te stel en gebruikers bewus te maak van die nodige vaardighede om dit te kan gebruik bv. deur middel van die volgende:

° Vasvrawedstryde en kompetisies gebaseer op die gebruik van parate naslaanwerke of ander voorraad

° Boekvoorlesings, skyfieklank- en videovertonings, luisterprogramme vir verhale, leeskringe, musiek, ens.

° Temadae, -weke, -aande, bv. temas uit sillabusse, sport- en ander aktiwiteite, soorte voorraad of aspekte daarvan soos koerante, tydskrifte, advertensies

° Demonstrasies van gebruik van media, bv. oudiovisuele apparatuur en programmatuur

° Aankondigings van en reklame vir bogenoemde moontlikhede

(6) Om die gebruikers te stimuleer en te motiveer en mediagebruik te bevorder deur die volgende:

° Suksesvolle gebruik van media in 'n les of 'n geslaagde werkopdrag te deel

- met onderwysers by vak- en/of personeelvergaderings en
- met leerlinge in ander standerds, klasse en vakke deur bv. 'n uitstalling in die mediasentrum of 'n klasbespreking daaroor

° Opname in 'n nuusbrief of rubriek van skoolkoerant om voordele van mediagebruik te illustreer en ook onder die aandag van die ouers te bring

(7) Om die mediasentrum, -voorraad en -gebruik by skoolfunksies en toepaslike gemeenskapsaktiwiteite pertinent onder die aandag te bring deur demonstrasies, uitstallings en vindingryke programme en projekte.

(8) Om maandeliks of kwartaalliks 'n medianuusbrief uit te gee waarin van die voornoemde doelstellings gestel word en waarin 'n verskeidenheid strategieë en tegnieke gebruik word vir die bekendstelling daarvan.

4.3.4.4 Samevatting

Die doelstellings, strategieë en tegnieke wat genoem is, dien slegs as voorbeelde. Strategieë en tegnieke wat by een doelstelling genoem is, kan ook suksesvol vir die bereiking van ander doelstellings gebruik word en is dus geensins aan 'n bepaalde doelwit gekoppel nie. Daar is nog baie ander doelstellings wat gestel en strategieë en tegnieke wat aangewend kan word in die beplanning van werkprogramme, en die moontlikhede moet verder ontgin word.

4.3.5 Evaluering van die bekendstelling van die mediasentrum, mediavoorraad en mediadienste

Dit is noodsaaklik dat die mediakomitee op hoogte bly van die vordering met die werkprogramme vir die bekendstelling van die mediasentrum, mediavoorraad en mediadienste en die nodige beheer uitoefen.

Die mediakomitee evalueer elke werkprogram na afhandeling en gee wenke vir verbetering en/of verdere uitbouing.

4.4 INLIGTING- EN KONSULTASIEDIENSTE

4.4.1	Inleiding	69
4.4.2	Inligting- en konsultasiedienste aan leerlinge	70
4.4.3	Inligting- en konsultasiedienste aan onderwysers	71
4.4.4	Evaluering van inligting- en konsultasiedienste	71

4.4.1 Inleiding

Mediadienste word nie in isolasie voorsien nie en is onderling afhanklik van en aanvullend tot mekaar. Inligting- en konsultasiedienste leun swaar op die mediadienste in par. 4.1 - 4.3 genoem en word deurlopend aan individuele en kleingroepgebruikers voorsien in die tye wanneer die mediasentrum vir gebruik oop is.

Dit is 'n veeleisende taak en verg

- 'n grondige kennis van die funksionering van die mediasentrum, -voorraad en -gebruik;
- goeie menseverhoudings; en
- die vermoë om onderbrekings te hanteer.

Bogenoemde is onontbeerlik vir suksesvolle mediagebruik.

Inligting- en konsultasiedienste sluit aan by Mediagebruikersleiding (par. 5.1) en bied belangrike opvoedingsgeleenthede aan die media-onderwyser en assistent-media-onderwyser wat behulpsaam is. Leerlinghelpers word verder opgelei om met basiese inligtingsdienste (katalogusgebruik, vind van bronne, ens.) behulpsaam te wees.

Die aard en omvang van inligting- en konsultasiedienste sal afhang van die omstandighede en behoeftes van elke skool. Aanvanklik kan die dienste tot die noodsaaklikste beperk word, en namate mediagebruik toeneem en behoeftes uitbrei, kan dit uitgebou word tot gevorderde en omvangryke inligting- en konsultasiedienste.

Die mediakomitee maak in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.4 (4)) en -mediaprogram (par. 2.4.3.2) voorsiening vir inligting- en konsultasiedienste, stel 'n werkprogram vir deurlopende dienste, en waar nodig, spesifieke werkprogram(me) vir uitbreiding of nuwe projekte op. In die beplanning van die werkprogram moet veral aandag gegee word aan voldoende personeel en tyd vir die voorsiening van hierdie professionele dienste as voorvereiste vir doeltreffende mediagebruik.

4.4.2 Inligting- en konsultasiedienste aan leerlinge

Hierdie dienste sluit die volgende in:

4.4.2.1 Die skepping van 'n gesellige atmosfeer in die mediasentrum waar gebruikers welkom voel, gesindhede gevorm, kontak gemaak en vertroue gewen kan word, en waar die media-onderwyser kan uitreik na die gebruikers

4.4.2.2 Informele bekendstelling van die funksionering van die mediasentrum, die soorte voorraad, waar dit gehuisves word en hoe media uitgeleen kan word

4.4.2.3 Praktiese hulp met gebruik van die onderwerpkatalogus, die simbole vir die verskillende soorte media en die vind daarvan op die rakke en in kabinette

4.4.2.4 Gereelde inskerping van inligting- en mediavaardighede terwyl dit toegepas word op die vind en benutting van inligting, leesopdragte en die gebruik van oudiovisuele apparatuur

4.4.2.5 Praktiese leiding in die keuse van media vir 'n bepaalde doel, bv. vir die vind van inligting, naslaanwerk, lees, kyk en luister

4.4.2.6 Skepping van geleenthede om media alleen te gebruik, saam met maats of saam met onderwysers, volgens behoefte

4.4.2.7 Leiding om te vorder van 'n afhanklike tot 'n onafhanklike gebruiker wat weet hoe om bronne op te spoor, inligting te lokaliseer, te verwerk en aan te bied

4.4.2.8 Bespreking van inligting- en leesbehoeftes met individuele gebruikers, analise van behoefte/probleem, identifisering van onderwerp vir 'n inligtingsoektog, beplanning van soektog, die vind, verwerking en benutting vir aanbieding van inligting; opstel van bronnelyste

4.4.2.9 Bystand met vervaardiging van programmatuur, vir werkopdragte, seleksie van medium (media) en die aanwending daarvan

4.4.3 Inligting- en konsultasiedienste aan onderwysers

Hierdie dienste sluit die volgende in:

4.4.3.1 Die skepping van 'n atmosfeer waar kollegas welkom voel, hulle vertroue gewen, in hulle inligting- en ander behoeftes voorsien word en die grondslag vir spanwerk in mediagebruik gelê kan word

4.4.3.2 Samewerking in die gereelde sifting en uitbou van vakvoorraad en ontsluiting daarvan

4.4.3.3 Bystand in die seleksie van media vir 'n bepaalde les, voorskou, evaluering, opstel van bronnelys, saamstel van mediabloklening en beskikbaarstelling van apparatuur

4.4.3.4 Samewerking in die ontwikkeling van inligting- en mediavaardighede in die mediasentrum en in die klaskamer; oorlegpleging oor gemotiveerde toepassing van vaardighede

4.4.3.5 Professionele leiding om media effektief in die onderrig te gebruik sodat die gebruiksmoontlikhede van onderwysmedia ontgin kan word

4.4.3.6 Voorsiening van geleenthede vir kreatiewe werk in die beplanning van mediagebruik in 'n les, mediaseleksie, differensiëring (werkkaarte) en vervaardiging van programmatuur om nuwe leergeleenthede en -ervaring aan leerlinge te bied

4.4.3.7 Samewerking in die beplanning van werkopdragte, die opstel van werkkaarte en die produksie van onderrigmedia waarvoor die mediavoorraad benut kan word

4.4.3.8 Skepping van geleenthede om met kollegas gedagtes te wissel oor resultate wat bereik is, en om suksesse wat behaal is en ervarings met mekaar te deel (vennootskap) ter bevordering van mediagebruik

4.4.3.9 Benutting van mediavakgroepvergaderings om ervarings te deel, selfvervaardigde programme te evalueer en uit te ruil en skaars bronne in 'n komprehensiewe eenheid te deel

4.4.4 Evaluering van inligting- en konsultasiedienste

Die evaluering van inligting- en konsultasiedienste kan deurlopend deur die mediakomitee gedoen word, bv. by terugrapportering oor mediagebruik in die les of vir werkopdragte kan die dienste telkens geëvalueer word. Tydens informele mediagebruik behoort evaluering van die dienste ook plaas te vind.

4.5 INDIENSOPLEIDING EN VOORLIGTING IN MEDIAGEBRUIK

4.5.1	Inleiding	72
4.5.2	Indiensopleiding	72
4.5.3	Voorligting	73
4.5.4	Evaluering van indiensopleiding en voorligting in mediagebruik	74

4.5.1 Inleiding

Indiensopleiding en voorligting verskil van die ander mediadienste omdat dit ten doel het om voorsiening te maak vir die beplande bywoning en benutting van indiensopleidingkursusse en ander -geleenthede sodat 'n voorligtingprogram vir opvolging en implementering van die inhoude van kursusse, ens. beplan kan word.

Die mediakomitee sorg derhalwe dat indiensopleiding en voorligting in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.4 (5) en die -mediaprogram (par. 2.4.3.2) ingesluit is, en dat 'n voorligtingsprogram(me) opgestel en met die jaarprogram van die skool geïntegreer word.

4.5.2 Indiensopleiding

4.5.2.1 Jaarlikse program vir oriëntering- en streekkursusse en hoofdesimposia

(1) Media in die onderwys

Die mediakomitee neem kennis van kursusse oor media in die onderwys wat aangebied word, benoem 'n verteenwoordiger wat die kursus moet bywoon en gee leiding in die terugrapportering wat verlang word. Na afloop van die kursus word verslag gedoen aan die mediakomitee wat dan reël vir die oordrag van die kursusinhoud aan die res van die personeel en vir die insluiting van tersaaklike aspekte in die voorligtingprogram.

(2) Skoolvakke

Die mediakomitee versoek die betrokke departemenshoof om te reël dat die kursusganger na afloop van die kursus terugrapporteer oor lesings wat oor mediagebruik gehandel het, sodat beplanning vir verdere implementering, indien nodig, gedoen kan word.

Die mediakomitee neem kennis van vakbibliografieë en uitstallings tydens kursusse en sluit dit in by die werkprogram vir voorraadbou vir die betrokke vak. Die media-onderwyser stel die mediakomitee in kennis sodra die finale stel kursuslesings en vakbibliografieë vir opname in die Onderwysersnaslaanversameling ontvang is, sodat die betrokke departementshoof kan beplan vir die gebruik daarvan vir onder andere die indiensopleiding van die vakonderwysers.

(3) Hoofdesimposia

Die hoof, as voorsitter van die mediakomitee, stel die lesings oor die professionele bestuur van mediasentrums en mediagebruik en ander aspekte bekend sodat 'n werkprogram vir implementering opgestel kan word.

4.5.2.2 Ander indiensopleidinggeleenthede

(1) Die superintendent van onderwys: akademies gee indiensopleiding in vak-mediagebruik en die departementshoofde dra die inligting oor aan die mediakomitee vir verdere implementering, indien nodig.

(2) Die superintendent van onderwys: kring gee indiensopleiding op makro-vlak oor mediasentrums en mediagebruik aan die hoof en media-onderwyser, wat terugrapporteer aan die mediakomitee vir kennisname en beplanning vir verdere implementering.

(3) Die media-adviseurs gee indiensopleiding oor alle aspekte van die media-sentrum en mediagebruik op mikrovlak tydens skoolbesoeke, by mediavakgroepe en by werksessies, en doen aanbevelings vir opvolging deur die media-komitee. Hulle is die media-onderwyser ook behulpsaam met die beplan-ning en implementering van 'n voorligtingprogram in die mediasentrum.

(4) By onderwysersentrums word volgens geïdentifiseerde behoeftes indiens-opleiding in mediagebruik gegee. Die mediakomitee neem kennis van die geleenthede en versoek personeellede om die byeenkomste by te woon en terugvoering te gee vir moontlike opvolging.

4.5.3 Voorligting

4.5.3.1 Voorligtingprogram vir nuwe onderwysers

Die mediakomitee beplan 'n voorligtingprogram vir nuwe onderwysers wat oor die belangrikste aspekte van die mediasentrum en -gebruik handel bv. die mediabeleid, -program en werkprogramme, die integrering van media in 'n les en werkopdragte. Die mediakomitee besluit watter lede van die komitee die voorligting gee, wanneer en hoe lank dit gaan duur.

4.5.3.2 Voorligtingprogram vir onderwysers in die verskillende aspekte van mediagebruik

Die mediakomitee versoek die komiteelede om te bepaal wat die behoeftes van die onderwysers is en om daarvolgens prioriteite te stel vir die beplanning van 'n voorligtingprogram wat gereeld (bv. maandeliks) aan-gebied kan word. Onderwerpe soos die integrering van media in 'n les, die beplanning en evaluering van werkopdragte, die ontwikkeling van media- en inligtingvaardighede, die hantering en gebruik van oudiovisuele apparatuur en die produksie van programmatuur behoort deurlopend aandag te kry.

Die mediakomitee besluit wie die voorligtingprogram aanbied, sorg vir rotasie en oefen beheer uit. Die voorligtingprogram behoort gedifferensieerd aangebied te word om vir elementêre en meer gevorderde behoeftes voorsiening te maak. Die Onderwysmediadiens kan genader word om werksessies op bv. die meer gevorderde vlak in komprehensiewe eenhede aan te bied.

4.5.4 Evaluering van indiensopleiding en voorligting in mediagebruik

Die voorligtingprogram moet deurlopend geëvalueer word sodat die nodige aanpassings gemaak kan word, ook vir opvolging van kursusse of werksessies wat bygewoon is.

oooOoooo

HOOFSTUK 5

BEPLANNING VIR MEDIAGEBRUIK

5.1 MEDIAGEBRUIKERSLEIDING

5.1.1	Inleiding	75
5.1.2	Die *Program vir Mediagebruikersleiding*	75
5.1.3	Die onderrig van Mediagebruikersleiding	78
5.1.4	Toepassing van media- en inligtingvaardighede	80
5.1.5	Indiensopleiding	80
5.1.6	Evaluering van onderrig van Mediagebruikersleiding	80

5.1.1 Inleiding

Die gebruik van 'n verskeidenheid media vir onderrig en leer verg doelgerigte en progressiewe leiding in die ontwikkeling van die nodige media- en inligtingvaardighede by leerlinge, d.w.s. Mediagebruikersleiding. Dit is dus nodig dat die mediakomitee 'n duidelike begrip sal hê van die doelstellings, inhoud en praktiese benadering van die *Program vir Mediagebruikersleiding* en oortuig sal wees van die belangrike en onontbeerlike lewenstoerusting wat dit aan leerlinge bied.

Teen dié agtergrond beplan die mediakomitee vir die onderrig van Mediagebruikersleiding in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.5 (1)) en die mediaprogram (par. 2.4.3.2). Werkprogramme en prosedures vir die implementering van die mediabeleid en -program vir Mediagebruikersleiding in die skool moet opgestel word met die oog op die volle betrokkenheid van alle onderwysers sodat aan alle leerlinge die voorreg van mediagebruik gebied kan word.

'n Kort samevatting van die doelstellings van die *Program vir Mediagebruikersleiding*, die inhoud, die basiese media- en inligtingvaardighede en die onderlinge verband tussen die komponente word as riglyne vir die beplanning deur die mediakomitee gegee.

5.1.2 Die *Program vir Mediagebruikersleiding*

5.1.2.1 Die plek van die *Program*... of 'sillabus' in die skoolkurrikulum Mediagebruikersleiding is nie 'n eksamenvak nie en word weens sy eiesoortige inhoud en aanbieding dikwels in isolasie onderrig en nie met die kurrikulum van die skool geïntegreer nie. Die mediakomitee moet dus in die beplanning vir die onderrig van Mediagebruikersleiding ook voorsiening maak om die noodsaaklikheid van leiding in mediagebruik in die mediasentrum en in die klaskamer aan die onderwysers oor te dra sodat hulle gemotiveerd aan werkprogramme kan deelneem.

5.1.2.2 Doelstellings

Die *Program vir Mediagebruikersleiding* gee uitvoering aan die doelstellings van die mediasentrum en -gebruik. Die besondere doelstellings van die *Program...* is die volgende:

(1) Om die leerlinge in die mediasentrum te oriënteer en hulle bekend te stel met die soorte media en die dienste wat die mediasentrum bied

(2) Om leiding aan die leerlinge te gee in die persoonlike hantering en gebruik van die media in die mediasentrum

(3) Om deur planmatige gebruik van 'n verskeidenheid media die leerlinge toe te rus met die vaardighede om inligting in die mediasentrum, in boeke en in ander media te vind

(4) Om deur gemotiveerde mediagebruik die leerlinge gaandeweg te lei om die vaardighede van luister, waarneem, lees, vertolk en weergee te bemeester en toe te pas, in die skool en tuis

(5) Om in samewerking met die vakonderwysers leesleiding te gee aan klasse, groepe en individuele leerlinge met die oog op lees vir genot en vir inligting

(6) Om in noue samewerking met die vakonderwysers die vakonderrig te ondersteun en te verryk met 'n verskeidenheid media

(7) Om die grondslag te lê vir die doeltreffende gebruik van media vir onderrig en leer in die klaskamers

(8) Om die leerlinge toe te rus om die mediasentrum, media tuis, openbare biblioteke, museums, ens. met vrug te gebruik vir leer en ontspanning (Verwys ook bl. 5, 10, 22, 34 en 42 van die *Program...* vir die doelstellings met Mediagebruikersleiding in die onderskeie skoolfases en vir spesiale skole en klasse)

Mediagebruikersleiding moet progressief in die verskillende skoolfases en standerds onderrig word en aanpas by die ontwikkeling en vermoëns van die leerlinge.

Die betrokkenheid van en samewerking met die vakonderwysers maak deel uit van die doelstellings en is 'n voorvereiste vir die suksesvolle onderrig en toepassing van Mediagebruikersleiding wat ook in die vakbeleid vir alle vakke ingesluit behoort te wees.

5.1.2.3 Inhoud

(1) Die *Program vir Mediagebruikersleiding* bestaan uit drie komponente met besondere klem op die ontwikkeling van media- en inligtingvaardighede en die toepassing daarvan:

"A. **ORIËNTERING VAN DIE GEBRUIKER IN DIE MEDIASENTRUM**

A1. Bekendstelling met die soorte bronne: gedrukte en oudiovisuele media

A2. Oriëntering in die huisvesting, ordening en gebruik van media

B. **ONTWIKKELING VAN GEBRUIKERSVAARDIGHEDE**

B1. Vaardigheid in die vind van bronne deur die gebruik van die kaartkatalogus, bronnelyste, leeslyste, bibliografieë en uitstallings

B2. Vaardigheid in die gebruik van die hulpmiddels in 'n bron vir die vind van inligting: bibliografiese hulpmiddels; ordening van inhoud: inhoudsopgawes, woordelyste, registers, gidswoorde en grafiese materiaal

B3. Vaardigheid in die gebruik van die media:

B3.1 Vaardigheid om media te gebruik deur te luister, waar te neem en te lees

B3.2 Vaardigheid om sinvol te vertolk as geluister, gekyk, gelees en beleef word

B3.3 Vaardigheid om te selekteer en te sistematiseer

B3.4 Vaardigheid om inligting, gedagtes, ervarings, ens. aan te bied

B3.5 Vaardigheid om die bronne wat gebruik is, te dokumenteer

C. **TOEPASSING VAN VAARDIGHEDE**

C1. In die mediasentrum word die vaardighede toegepas tydens die periodes vir Mediagebruikersleiding en wanneer die media selfstandig deur die leerlinge gebruik word

C2. In die vakonderrig word die vaardighede toegepas tydens die gebruik van die media deur die onderwyser en leerlinge in die onderrig- en leergebeure

C3. Die vaardighede word ook toegepas in die persoonlike gebruik van media deur die leerlinge, d.w.s. in nie-kurrikulêre aktiwiteite, tydens mediagebruik tuis en wanneer openbare biblioteke, museums, ens. besoek word". *(Program...*, bl. 4)

(2) Die *basiese* media- en inligtingvaardighede is vervat in komponent B3 en sluit in die vaardighede van luister, kyk en lees vir die vind van inligting; die vertolking, selektering, sistematisering en aanbieding van inligting en die dokumentering van bronne.

Dié *basiese* media- en inligtingvaardighede kan slegs ontwikkel word as die leerlinge bekendgestel word aan die soorte voorraad in die mediasentrum (komponent A1), georiënteer word in die huisvesting, hantering en uitleen van mediavoorraad (komponent A2), oor die vaardighede beskik om bronne wat die inligting bevat, te vind (komponent B1) en vertroud is met die hulpmiddels beskikbaar om die inligting in die bronne te vind (komponent B2).



Basiese media- en inligtingvaardighede en die gebruik van die mediasentrum en -voorraad

5.1.3 Die onderrig van Mediagebruikersleiding

5.1.3.1 In die mediasentrum

Die mediakomitee maak in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.5 (1)) voorsiening vir onderrigperiodes vir Mediagebruikersleiding volgens die riglyne in die handleidings vir primêre, sekondêre en spesiale onderwys. Die media-onderwyser is verantwoordelik vir die onderrig van Mediagebruikersleiding gedurende die weeklikse periodes in die mediasentrum vir die *senior primêre* en *junior sekondêre skoolfase* (par. 3.1.3).

Die media-onderwyser beheer en koördineer die onderrig van Mediagebruikersleiding in die *junior primêre* en *senior sekondêre skoolfase* en gee leiding aan die onderwysers in die ontwikkeling van media- en inligtingvaardighede en die integrering van dié vaardighede met die klasonderrig.

5.1.3.2 In die klaskamer

- Mediagebruikersleiding in die *junior primêre skoolfase* is met die klasonderrig geïntegreer. 'n Aantreklike en kleurvolle mediahoekie moet in elke klaskamer ingerig word vir die huisvesting van 'n bloklening wat deur die klasonderwyser in samewerking met die media-onderwyser geselekteer is om by die werkskemas aan te sluit. Die leerlinge besoek die mediasentrum weeklikse, tweeweeklikse of maandelikse, volgens roosterbeplanning, saam met die klasonderwyser vir oriëntering in die mediasentrum. Die klasonderwyser in samewerking met die media-onderwyser gee leiding aan die leerlinge om boeke te kies en te leen om tuis te lees.
- Die onderwysers in die *senior primêre* en *junior sekondêre skoolfase* stel by die media-onderwyser vas oor watter mediavaardighede die leerlinge beskik en hoe dit verder ontwikkel kan word. In die beplanning vir die gebruik van media in 'n les en vir werkopdragte, asook in die seleksie van die media vir die bronnelys in samewerking met die media-onderwyser, word die vaardighede waaroor die leerlinge beskik, in ag geneem.
- Vir die voortgesette onderrig van Mediagebruikersleiding in die *senior sekondêre skoolfase* word ten nouste met die media-onderwyser saamgewerk en leseenhede beplan vir die gereelde inskerping van media- en inligtingvaardighede tydens mediagebruik in 'n les en vir werkopdragte. Die leerlinge behoort die mediasentrum gedurende vakperiodes een of meer keer per kwartaal, volgens roosterbeplanning saam met die vakonderwyser, te besoek vir die bekendstelling aan meer gevorderde voorraad en die konsolidasie van media- en inligtingvaardighede onder leiding van die media-onderwyser (par. 4.4.2 en 4.4.3).

5.1.3.3 Vakbeleid, werkskema, voorbereiding en verslag

In die *Handleiding vir algemene skoolorganisasie* (1986), hoofstuk 6, word riglyne vir vakbeleid, werkskema, voorbereiding en verslag gegee. Die werkskema vir die onderrig van Mediagebruikersleiding bestaan uit 'n reeks leseenhede vir 'n jaar vir die progressiewe ontwikkeling van bepaalde media- en inligtingvaardighede in die verskillende standerds. Die getal lesperiodes wat aan 'n leseenheid gewy word, sal afhang van die vordering wat gemaak word en moet in die verslag van die mediaonderwyser aangedui word.

5.1.4 Toepassing van media- en inligtingvaardighede

Die ontwikkeling van media- en inligtingvaardighede en leiding in mediagebruik het slegs betekenis as dit gemotiveerd toegepas word (par. 5.1.2.3 (1), komponent C van *Program...*).

Die mediakomitee maak in werkprogramme (kyk voorbeeld op bl. 81en 82) vir die formele onderrig van Mediagebruikersleiding voorsiening, asook vir die informele onderrig deur gereelde leiding in mediagebruik en die toepassing van media- en inligtingvaardighede, kurrikulêr en buitekurrikulêr.

5.1.5 Indiensopleiding

Oriënterings- en streekkursusse vir die onderrig van Mediagebruikersleiding word gereeld aangebied en die volledige stelle kursuslesings is beskikbaar in die onderwysersnaslaanversameling.

Die media-adviseurs gee pertinente aandag aan die onderrig van Mediagebruikersleiding tydens skoolbesoeke en gee indiensopleiding in opvolging van die kursusse wat aangebied is.

Verder word indiensopleiding ook gegee by werksessies, mediasaamtrekke en mediavakgroepvergaderings.

5.1.6 Evaluering van onderrig van Mediagebruikersleiding

Tydens vergaderings van die mediakomitee word gereeld verslag gedoen van die vordering met Mediagebruikersleiding en die toepassing daarvan in die opvoedkundige program van die skool. Die werkprogramme word deurlopend geëvalueer sodat doeltreffendheid bepaal kan word en daar beplan kan word om in leemtes te voorsien.

VOORBEELD VAN 'N WERKPROGRAM

WERKPROGRAM 4/1989 : MEDIAGEBRUIKERSLEIDING

DATUM OPGESTEL : 1989.02.27

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi
1. Om die Program vir Mediagebruikersleiding doeltreffend in al die klasse te implementeer	Mediakomitee	1. Program vir Mediagebruikersleiding		
		1.1 Bespreek die doelstellings en inhoud van die program, bepaal prioriteite en reël vir die nodige onderrigperiodes.		
	Mediaonderwyser	1.2 Stel 'n vakbeleid op vir bekendstelling tydens 'n personeelvergadering.		
		1.3 Stel 'n opsomming op van die mediavaardighede wat die leerlinge in die onderskeie standerds behoort te bemeester of met die oog op aansluiting by vakmediagebruik.		
	Departementshoofde Vakverteenwoordigers Mediakomitee	1.4 Reël om tydens vakvergaderings die integrering van mediagebruik met die vakbeleid te bespreek.		
		1.5 Bespreek ontwikkeling en toepassing van mediavaardighede in die verskillende vakke.		
		1.6 Evalueer die vordering met Mediagebruikersleiding aan die einde van elke termyn.		
2. Om die Program vir Mediagebruikersleiding in die junior primêre en senior sekondêre skoolfase te implementeer	Departementshoofde Onderwysers	2.1 Junior primêre skoolfase		
		2.1.1 Beplan in samewerking met die mediaonderwyser hoe Mediagebruikersleiding met die sillabusse geïntegreer kan word.		
		2.1.2 Beplan besoeke aan die mediasentrum saam met die klasonderwyser en teken aan op die rooster van die mediasentrum.		
	Departementshoofde Vakonderwysers Media-onderwyser	2.2 Senior sekondêre skoolfase Beplan in samewerking met die media-onderwyser hoe Mediagebruikersleiding verder ingeskerp en gevorderde bronne bekend gestel kan word.		
	Mediakomitee	2.3 Evalueer vordering aan die einde van elke termyn saam met 1.6.		

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi
3. Om Mediagebruikersleiding in die senior primêre en junior sekondêre skoolfase in gereelde periodes te onderrig	Media-onderwyser	3.1 <u>Senior primêre en junior sekondêre skoolfase</u> 3.1.1 Werkskema en voorbereiding Beplan werkskema en leseenhede vir onderrig van Mediagebruikersleiding sodat mediavaardighede progressief en opeenvolgend ontwikkel kan word.		
	Departementshoofde Vakonderwysers	3.1.2 Toepassing van mediavaardighede Beplan saam met media-onderwyser hoe mediavaardighede in die klasonderrig toegepas kan word, stel 'n algemene prosedure op en doen verslag aan mediakomitee. 3.2 Evalueer verslae wat ontvang is en koördineer met 1.6 en 2.3.		
4. Om leiding in informele mediagebruik volgens behoeftes aan leerlinge en onderwysers te gee (par. 4.3)	Mediakomitee	4.1 <u>Informele mediagebruik</u> 4.1.1 Bepaal die aard en omvang van die behoeftes aan informele leiding in mediagebruik by onderwysers en leerlinge.		
	Mediakomitee Mediaonderwyser Assistent-mediaonderwyser	4.1.2 Beplan leiding in mediagebruik aan individuele onderwysers/leerlinge of aan groepe gebruikers, gedurende skoolure en daarna, en stel 'n diensrooster op.		
	Mediakomitee	4.2 Evalueer en koördineer saam met 1.6, 2.3 en 3.3.		

5.2 KURRIKULÊRE MEDIAGEBRUIK

5.2.1	**Inleiding**	83
5.2.2	**Riglyne vir beplanning van kurrikulêre mediagebruik**	83
5.2.3	**Riglyne vir integrering van media in 'n les**	85
5.2.4	**Riglyne vir werkopdragte aan leerlinge**	87
5.2.5	**Indiensopleiding**	88
5.2.6	**Evaluering van kurrikulêre mediagebruik**	88

5.2.1 Inleiding

Deur die professionele bestuur van die mediasentrum en mediagebruik in die skool (hfst. 2), die beplanning vir die funksionering van die mediasentrum (hfst. 3), die voorsiening van mediadienste (hfst. 4) en die onderrig van Mediagebruikersleiding (par. 5.1) is 'n infrastruktuur vir effektiewe kurrikulêre mediagebruik geskep. Die mediakomitee maak in die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.5 (2)) en mediaprogram (par. 2.4.3.2) spesifiek vir kurrikulêre mediagebruik voorsiening nadat aan al bogenoemde komponente aandag gegee is. Vir die implementering van die mediaprogram kan 'n algemene werkprogram vir kurrikulêre mediagebruik (kyk voorbeeld op bl. 84) en spesifieke werkprogramme vir fases en vakke volgens eiesoortige behoeftes opgestel word.

5.2.2 Riglyne vir beplanning van kurrikulêre mediagebruik

In die beplanning van kurrikulêre mediagebruik kan ten nouste aangesluit word by die verskillende komponente van die skoolmediabeleid (par. 2.3.2) met beklemtoning van die toepaslike aspekte.

5.2.2.1 Vakbeleid

Volgens die *Handleiding vir algemene skoolorganisasie*, hoofstuk 6, (par. 6.2.4 (8)) moet in elke vakbeleid voorsiening gemaak word vir die gebruik van die mediasentrum. Elke vakbeleid moet 'n verklaring van voorneme bevat om

- media doelgerig met die onderrig te integreer in ooreenstemming met die skoolmediabeleid;
- mediagebruik in die onderrigprogram in te sluit in aansluiting by die mediaprogram; en
- om 'n werkprogram vir die besondere behoeftes van die sillabus op te stel.

VOORBEELD VAN WERKPROGRAM

WERKPROGRAM 5/1989 : KURRIKULÊRE MEDIAGEBRUIK

DATUM OPGESTEL : 1989.03.06

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi
1. Om media doelgerig met lesse te integreer	Departementshoofde Vakverteenwoordigers	1.1 Vakbeleid Analiseer bestaande vakbeleid tydens vakvergaderings en bepaal by watter aspekte mediagebruik ingepas kan word; beplan toepassing.		
	Onderwysers	1.2 Integrering van media in 'n les Bespreek die beplanning vir die integrering van media in 'n les en die gebruik daarvan in een of meer fases van 'n les tydens vakvergaderings; beplan toepassing.		
	Mediakomitee	1.3 Evaluering en koördinering Evalueer vordering wat gemaak is, reël dat resultate met kollegas gedeel word (vak- en/of personeelvergaderings) en beplan hoe kurrikulêre mediagebruik gekoördineer en uitgebou word.		
2. Om mediavaardighede in 'n spesifieke vak/fase te ontwikkel en toe te pas	Onderwysers	2.1 Vakmediavaardighede 2.1.1 Identifiseer mediavaardighede wat veral op die vak van toepassing is.		
	Mediaonderwyser	2.1.2 Stel vas watter mediavaardighede leerlinge reeds deur die onderrig van Mediagebruikersleiding bemeester het.		
	Albei	2.1.3 Selekteer die medium/media met die oog op ontwikkeling en toepassing van vaardighede, bv. vir differensiasie (groepwerk) in die klaskamer en werkopdragte.		
	Departementshoofde	2.1.4 Gee deurgaans leiding by vakvergaderings en individueel en doen verslag aan mediakomitee.		
	Mediakomitee	2.2 Koördinering en evaluering Neem kennis van verslae, evalueer en koördineer saam met 1.3 hierbo.		

5.2.2.2 Vakvoorraad

Vir doelgerigte gebruik van media in die verskillende vakke is 'n voldoende en funksionele vakvoorraad (par. 3.4) 'n voorvereiste. Volgens die skoolmediabeleid (par. 2.3.3.3 (4)), die mediaprogram (par. 2.4.3.2) en die werkprogramme, is die onderwysers betrokke by die uitbou van die vakvoorraad (par. 2.4.3.3 (2)) en die ontsluiting van inligting in die mediasentrum (par. 2.4.3.3 (3)).

Die departementshoof- en vakverteenwoordigers beplan tydens vakvergaderings die betrokkenheid van die onderwyser by die daarstel en ontsluiting van vakvoorraad wat in die vakbehoeftes voorsien (par. 3.4.6.2). In die proses leer die onderwyser die voorraad ken en kan die beplanning vir die integrering van media in 'n les en vir werkopdragte op die beskikbare media gebaseer word.

5.2.2.3 Gebruik van beskikbare mediadienste

Die onderwyser maak gebruik van die alfabetiese onderwerpkatalogus om vas te stel watter bronne beskikbaar is vir bepaalde onderwerpe, stel bronnelyste op (par. 3.4.6.2 (c) en 4.1.4.6) en reël vir beskikbaarstelling van die voorraad (par. 4.2.5.1) nadat van die inligting- en konsultasiedienste wat die media-onderwyser bied (par. 4.4.3.3 - 4.4.3.7), gebruik gemaak is.

5.2.2.4 Aansluiting by die *Program vir Mediagebruikersleiding*

Die onderwyser stel vas oor watter media- en inligtingvaardighede die leerlinge in 'n bepaalde standerd reeds beskik en beplan in noue samewerking met die media-onderwyser hoe aansluiting gevind kan word tydens mediagebruik in die klaskamer (par. 5.1.3.2 en 5.1.4).

5.2.3 Riglyne vir integrering van media in 'n les

5.2.3.1 Wanneer die onderwyser besig is om lesdoelwitte te formuleer en leerinhoude te selekteer, hou hy beide die leerling se vermoëns en die onderwysmedia wat hy sal nodig kry om sy doelwitte te bereik, in gedagte.

5.2.3.2 Hy selekteer die media wat hy wil gebruik uit die *bronnelys* (par. 3.4.6.2 (c)) volgens hul *eienskappe* (par. 3.4.2), *gebruiksmoontlikhede* (par. 3.4.3.3) en die *media- en inligtingvaardighede* waaroor die leerlinge beskik (par. 5.1.3.2 en 5.1.4).

5.2.3.3 Die onderwyser besluit wanneer media gebruik gaan word, bv.:

- As inleiding tot 'n les
- Om feitlike inligting oor te dra
- Vir ontwikkeling van bepaalde mediavaardighede (visuele, ouditiewe, oudiovisuele, of verwerking, sistematisering en aanbieding van inligting)
- Vir differensiasie (bv. groepwerk)
- Vir konsolidering van 'n les
- As aanvulling of verryking van die sillabus
- Vir kreatiewe selfwerksaamheid
- Om met ander vakke te korreleer

5.2.3.4 Die onderwyser beplan hoe media in die les gebruik gaan word, bv.:

- Om belangstelling te wek
- Deur aansluiting by vorige kennis, vaardigheid en leerervarings te vind
- Deur probleemstelling
- Deur nuwe inhoude te ontsluit: kognitief, affektief of psigomotories
- Deur kennis in te oefen en toe te pas
- Om houdings en gesindhede te vorm
- Om vaardighede te ontwikkel
- Om kritiese denke te bevorder
- Om selfstandig inligting te vind, te verwerk en aan te bied (par. 5.2.4)
- Om insig te kontroleer
- Om deur die gebruik van 'n verskeidenheid media, waarby soveel moontlik sintuie betrek word, dié leergeleenthede en -ervarings te bied wat die leerlinge toerus vir die eise wat die hantering van massa-inligting en tegnologiese ontwikkeling aan hulle stel

5.2.3.5 Die onderwyser evalueer die les deurlopend en na afloop daarvan deur bv. die volgende vrae te stel:

- Is die lesdoelwitte bereik?
- Het die media wat gebruik is, hiertoe bygedra?
- Is die regte media geselekteer?
- Is die media korrek gebruik en in die regte stadium?
- Het die media voorsiening vir leerlingdeelname gemaak?
- Is die doelwitte met werkopdragte (par. 5.2.4) bereik?
- Is terugvoering aan leerlinge oor hulle prestasie verskaf?

5.2.4 Riglyne vir werkopdragte aan leerlinge

5.2.4.1 Wanneer die onderwyser besig is met die beplanning vir die integrering van media in 'n les, beplan hy ook tersaaklike werkopdragte aan leerlinge.

5.2.4.2 Die onderwyser besluit wat die aard en omvang van die werkopdrag gaan wees, bv.:

- Vraag en antwoord vir vind van feite
- 'n Enkelvoudige opdrag oor 'n spesifieke onderwerp vir bv. groep- en klasbesprekings, kernagtige aantekeninge vir mondelinge werk, skriftelike of ander weergawe van feite
- Kort betekenisvolle opdragte, toegespits op die ontwikkeling van spesifieke media- en inligtingvaardighede
- Opdragte toegespits op die gebruik van 'n verskeidenheid media, met inagneming van die vaardighede waaroor leerlinge reeds beskik
- Meer omvattende opdragte oor 'n breë onderwerp, onderverdeel in aspekte met die oog op ontwikkeling van vaardighede om met begrip te lees, te luister en waar te neem; inligting te sistematiseer en in 'n gegewe vorm aan te bied (bv. skriftelik, mondeling, grafies, op band, skyfies of skyfieklankprogram) of volgens eie keuse
- Gedifferensieerde opdragte om 'n bepaalde onderwerp of aspek van die sillabus deur selfstudie te dek en met klasmaats te deel
- Leesopdragte wat handboeke aanvul om vrugbare klas- en groepbesprekings te stimuleer
- Opdragte gerig op gebruik van spesifieke naslaanbronne, bv. verskillende soorte woordeboeke, atlasse, konkordansies, ens. - elementêr tot gevorderd

5.2.4.3 Die onderwyser stel die werkopdrag, bronnelys en volledige instruksies op skrif sodat die leerlinge presies weet wat om te doen, wat die omvang moet wees en wanneer dit afgehandel moet word (kort werkopdragte geïntegreer met die klaskamerwerk behoort voorkeur te kry).

5.2.4.4 Die onderwyser gee deurgaans leiding aan leerlinge in samewerking met die media-onderwyser en gee voldoende tyd aan leerlinge om die opdrag in die mediasentrum en/of tuis te voltooi.

5.2.4.5 Die onderwyser evalueer die werkopdragte, gee konstruktiewe leiding aan leerlinge en motiveer hulle om selfstandig inligting te vind, te bemeester, krities te beoordeel en 'n eie standpunt in te neem.

5.2.5 Indiensopleiding

In sillabusse word die gebruik van die mediasentrum en onderwysmedia pertinent genoem of geïmpliseer. Tydens oriënterings- en streekkursusse word onderwysmedia in die aanbieding van referate gebruik en word ook leiding in die integrering van media in die onderrig van die vak gegee.

Deur uitstallings van beskikbare onderwysmedia vir onderwysers en leerlinge en die beskikbaarstelling van bibliografieë en geleentheidslyste tydens kursusse, word onderwysers op hoogte gehou van bruikbare vakvoorraad.

Superintendente van onderwys: akademies evalueer die gebruik van media tydens professionele besoeke en gee leiding volgens behoefte.

5.2.6 Evaluering van kurrikulêre mediagebruik

Tydens vakvergaderings word resultate met mediagebruik geëvalueer en beplanning vir verdere implementering gedoen. Departementshoofde en vakverteenwoordigers doen aan die mediakomitee verslag, wat reël vir terugrapportering by personeelvergaderings. Die algemene werkprogram en prosedures vir mediagebruik word ook geëvalueer en aangepas, waar nodig.

5.3 BUITEKURRIKULÊRE MEDIAGEBRUIK

5.3.1	Inleiding	88
5.3.2	Riglyne vir beplanning vir buitekurrikulêre mediagebruik	89
5.3.3	Evaluering van buitekurrikulêre mediagebruik	91

5.3.1 Inleiding

Die doelstelling met die mediasentrum en mediagebruik 'om die leerlinge toe te rus met die vaardighede en motivering om media produktief en sinvol te gebruik in die skool, tuis en later as volwassenes' (par. 1.1.2.3) kan nie verwesenlik word as met kurrikulêre mediagebruik volstaan word nie. Trouens, as die leerling deur kurrikulêre mediagebruik gestimuleer en toegerus word om selfstandig media te kan gebruik, behoort buitekurrikulêre en persoonlike gebruik vir eie behoeftes spontaan daaruit voort te vloei.

In die infrastruktuur wat vir mediagebruik voorsien is (par. 5.2.1), word ook voorsiening gemaak vir die buitekurrikulêre behoeftes van die leerlinge deur die betrokkenheid van die onderwysers wat vir dié aktiwiteite verantwoordelik is. Buitekurrikulêre mediagebruik vind in die besonder aansluiting by die bekendstelling van die mediasentrum, mediavoorraad en mediadienste (par. 4.3). Die media-onderwyser bied verder inligting- en konsultasiedienste aan leerlinge (par. 4.4.2) wat media vir eie behoeftes en belangstellings wil gebruik.

Om te verseker dat daar aandag gegee word aan die buitekurrikulêre en persoonlike behoeftes van leerlinge, maak die mediakomitee in die skoolmediabeleid daarvoor voorsiening (par. 2.3.3.5 (3)), word dit ingepas in die mediaprogram (par. 2.4.3.2) en word 'n werkprogram (kyk voorbeeld op bl. 90) vir implementering opgestel.

5.3.2 Riglyne vir beplanning van buitekurrikulêre mediagebruik

5.3.2.1 Buitekurrikulêre aktiwiteite : georganiseerde sport- en kulturele aktiwiteite

(1) Maak 'n lys van bogenoemde aktiwiteite en die verantwoordelike onderwysers.

(2) Formuleer die doelstellings met mediagebruik vir spesifieke aktiwiteite, bv.:

- Sport : om bepaalde tegnieke te demonstreer / om leerlinge te motiveer deur te lees oor en te kyk na die prestasies van bekende sportpersoonlikhede
- Redevoering/wiskunde-olimpiade/vasvrakompetisies oor die radio, ens. om die nodige bronne vir naslaanwerk en voorbereiding te voorsien
- Kulturele aktiwiteite : om te lees oor of te kyk na of om self media te vervaardig vir spesifieke programme wat aangebied word

(3) Stel 'n prioriteitslys op van die aktiwiteite wat in die werkprogram vir buitekurrikulêre mediagebruik ingesluit moet word.

(4) Maak seker dat daar bronne beskikbaar is vir die onderwerpe waaraan prioriteit gegee is.

(5) Maak gemotiveerde aanbevelings vir die stelselmatige aanvulling van die mediavoorraad om in die buitekurrikulêre behoeftes te voorsien.

(6) Beplan hoe mediagebruik gaan plaasvind en tref die nodige reëlings met die media-onderwyser, bv. die vertoning van 'n videoprogram; lees- of naslaanopdragte; vervaardiging van transparante/klankkassette/skyfieklankprogramme; uitstallings.

VOORBEELD VAN WERKPROGRAM

WERKPROGRAM 6/1989 : BUITEKURRIKULÊRE MEDIAGEBRUIK

DATUM OPGESTEL : 1989.05.29

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi
1. Om in die behoeftes vir buitekurrikulêre mediagebruik van leerlinge te voorsien	Mediakomitee	1.1 Bespreek noodsaaklikheid vir en moontlikhede van buitekurrikulêre mediagebruik deur leerlinge.		
	Onderwysers verantwoordelik vir sport en kulturele aktiwiteite	1.2 Identifiseer behoeftes en beplan buitekurrikulêre mediagebruik stelselmatig (verwys na Riglyne... par. 5.3.2); besluit op een of meer sportsoorte en/of kulturele aktiwiteite.		
	Media-onderwyser Assistent-media-onderwyser	1.3 Betrokke onderwysers en media-onderwysers ontgin moontlikhede vir bepaalde aktiwiteite en doen verslag.		
2. Om in die persoonlike behoeftes en belangstellings t.o.v. mediagebruik te voorsien	Mediakomitee	2.1 Identifiseer persoonlike behoeftes en belangstellings van leerlinge t.o.v. mediagebruik, bespreek hoe leerlinge gemotiveer kan word om media selfstandig vir eie behoeftes te gebruik en maak voorstelle om stelselmatig in behoeftes te voorsien.		
	Alle onderwysers Media-onderwyser Assistent-media-onderwyser	2.2 Bespreek voorstelle tydens personeelvergadering en bepaal prioriteite.		
	Mediakomitee	2.3 Stel riglyne op vir voorsiening in persoonlike mediabehoeftes van leerlinge. Evalueer vordering en koördineer waar nodig.		

5.3.2.2 Persoonlike behoeftes en belangstellings van leerlinge

(1) Moedig onderwysers aan om die leerlinge te motiveer om media selfstandig te gebruik om in persoonlike behoeftes en belangstellings te voorsien, en om raad en leiding aan individuele leerlinge te gee.

(2) Hou die media-onderwyser op hoogte van die behoeftes van die leerlinge sodat die nodige inligting- en konsultasiedienste gebied kan word.

(3) Maak seker dat die media-onderwyser in die onderrig van Mediagebruikersleiding die leerlinge motiveer om media te selekteer en te gebruik om in persoonlike behoeftes te voorsien.

(4) Staan die media-onderwyser by in die reël van besoeke aan die plaaslike openbare biblioteek en ander inligtingsentra as deel van die opvoedkundige uitstappies in die skoolprogram.

(5) Reël dat die media-onderwyser en/of die betrokke onderwysers aan die mediakomitee verslag doen oor leerlinge wat gretige mediagebruikers is en/of wat presteer het, vir moontlike bekendstelling aan klasmaats of alle leerlinge om selfstandige mediagebruik vir eie belangstelling te bevorder.

(6) Betrek ouers by die motivering van leerlinge deur die belangrikheid van selfstandige mediagebruik tuis, tydens oueraande of individuele gesprekke te beklemtoon.

5.3.3 Evaluering van buitekurrikulêre mediagebruik

Die mediakomitee evalueer of die doelstellings met beplande buitekurrikulêre mediagebruik bereik is en neem kennis van die aard en omvang van spontane buitekurrikulêre en persoonlike mediagebruik. Indien die resultate onbevredigend is, behoort die mediakomitee by die evaluering van die onderrig van Mediagebruikersleiding en kurrikulêre mediagebruik te let op moontlike leemtes in die ontwikkeling van media- en inligtingvaardighede en gebrek aan belangstelling wat buitekurrikulêre en persoonlike mediagebruik aan bande lê.

oooOooo

BYLAE A - D

BYLAE A : VORM VIR BEPLANNING VAN MEDIAPROGRAM

SKOOLMEDIABELEID		SKOOLMEDIAPROGRAM	
KOMPONENT	ONDERAFDELING	DOELWITTE VIR OPSTEL VAN WERKPROGRAMME	DATUM
1. Professionele bestuur van die mediasentrum	1.1 Mediakomitee		
	1.2 Mediabeleid		
	1.3 Mediaprogram		
2. Beplanning vir die funksionering van die mediasentrum	2.1 Mediapersoneel		
	2.2 Mediabegroting		
	2.3 Mediafasiliteite		
	2.4 Mediavoorraad		
	2.5 Organisering van die mediavoorraad		
3. Beplanning vir die voorsiening van mediadienste vir mediagebruik	3.1 Ontsluiting van inligting		
	3.2 Beskikbaarstelling van mediavoorraad		
	3.3 Bekendstelling van die mediasentrum		
	3.4 Inligting-en konsultasiedienste		
	3.5 Indiensopleiding en voorligting		
4. Beplanning vir mediagebruik	4.1 Mediagebruikersleiding		
	4.2 Kurrikulêre mediagebruik		
	4.3 Buitekurrikulêre mediagebruik		

BYLAE B : VORM VIR BEPLANNING VAN WERKPROGRAM

DOELWIT	ONDERWYSERS BETROKKE	WERKPROSEDURE	DATUM	
			Begin	Voltooi

BYLAE C : VOORBEELD VAN BESKIKBAARSTELLING VAN KRITERIA AAN ONDERWYSERS VIR EVALUERING VAN VOORRAAD

1. Maak fotokopieë van bl. 33 - 40.

2. Pas aan vir 'n evalueringsvorm volgens voorbeeld vir vakliteratuur op bl 95.

2.1 Voorsien ruimte vir outeur, titel en prys bo-aan.

2.2 Voorsien 'n kolom regs vir evaluering deur **Ja** of **Nee** by elke onderafdeling in te vul.

2.3 Voorsien 'n ruimte vir gebruiksmoontlikhede (bl. 32) onderaan.

2.4 Voeg naam, datum en aanbeveling onderaan bladsy by.

3. Pas die kriteria van die ander soorte media aan vir evalueringsvorms.

VOORBEELD VAN EVALUERINGSVORM VIR VAKLITERATUUR

2.1

Outeur:
Titel: **Prys:**

VAKLITERATUUR (insluitende parate naslaanwerke)

Doel: **Teikengroep:**

2.2

Inhoud:

- Keuse van stof bevredigend
- Korrekte inligting oorgedra
- Objektiewe inligting en vertolking van feite
- Tersaaklike inligting
- Resente inligting sover moontlik
- Etiese ingesteldheid aanvaarbaar

Aanbieding:

- Beplanning en uitleg bv. indeling van die stof en voorsiening van opskrifte slaag om vaslegging te vergemaklik en begrip te bevorder.
- Illustrasies soos foto's, tekeninge, kaarte en diagramme doelmatig voorsien by tersaaklike teks.
- Illustrasies dra inligting doeltreffend oor.
- Illustrasies geskik vir ouderdomsgroep.
- Lettertipe en spasiëring van drukwerk geskik vir ouderdomsgroep.
- Styl en woordeskat geskik vir ouderdomsgroep.
- Taalgebruik en skryfwyse op peil.
- Skryfstyl vlot, interessant, duidelik en saaklik.
- Vertaling (indien van toepassing) bevredigend.
- Verklaring van vakterme bevredigend.
- Interessant en oorspronklik aangebied.
- Inhoudsopgawe bied goeie oorsig van inhoud.
- Alfabetiese register vergemaklik vind van inligting.
- Bronnelys nuttig vir vind van bykomende inligting.
- Verklarende woordelys dek onbekende woorde/begrippe doeltreffend

Tegniese versorging

- Bladuitleg en lettertipe aantreklik en maklik leesbaar
- Formaat geskik vir ouderdomsgroep
- Gehalte van band aanvaarbaar
- Gehalte van papier aanvaarbaar

Medium:

Keuse van medium nie ter sake vir boeke nie

2.3 **Gebruiksmoontlikhede**

2.4 **Naam:** **Aanbeveling:**

Datum:

BYLAE D : VORM VIR OPSTEL VAN BRONNELYS

VAK: ..... ST: .....

TEMA/ONDERWERP: .....

BESONDERHEDE OOR MEDIA			SOORTE MEDIA IN MEDIASENTRUM												MEDIA BUITE SKOOL		
OUTEUR	TITEL	STAND-NOMMER	Boeke	Tydskrifte	Films	Grammofoon-plate	Kassette	Multi-mediapakette	Pamflette	Prente	Skyfies	Strookfilms	Transparante	Videoprogram-me	Onderwysbiblioteek	Nas. Filmteek	Ander: Museums, ens.
				P	FI	GR	KA	MU	PA	PR	SK	ST	TR	VI			

LYS VAN TOD-PUBLIKASIES

1. Handleiding vir die beheer van voorraad en uitrusting vir hoofde van onderwysinrigtings
2. Handleiding vir algemene skoolorganisasie
3. Handleiding vir preprimêre onderwys
4. Handleiding vir primêre onderwys
5. Handleiding vir gespesialiseerde onderwys
6. Handleiding vir roosterbeplanning in die sekondêre skool
7. Handleiding vir roosterkonstruksie in die primêre skool
8. Handleiding vir sekondêre onderwys
9. Inligtingstuk nr. 8 : Die administrasie van die mediasentrum, 1980
10. Katalogus van die mediasentrum, 1988
11. Mediagids (5 uitgawes jaarliks)
12. Program vir Mediagebruikersleiding in die skoolmediasentrum, 1979
13. Oriënteringskursus in onderwysmedia : Preprimêre skole, 1986
14. Oriënteringskursus in onderwysmedia : Primêre skole, 1984
15. Oriënteringskursus in onderwysmedia : Sekondêre skole, 1984
16. Video en die rekenaar in die onderwys, 1986

REGISTER

A
Aanskaffing
mediavoorraad 45, 49-50
meubels en toerusting 23, 27
oudiovisuele apparaat 23, 49
Aanvangsvoorraad 49
Aanwinsregister 52, 56
Adjunk-hoof 1, 4, 6, 13
Administratiewe personeel 7, 20
Alfabetiese onderwerpkatalogus 46, 47, 55, 58-60, 61
Apparatuur 23, 29, 41, 49, 51, 52, 55, 56, 58, 64, 65, 73
Assistent-media-onderwysers 4, 7, 16, 17, 19-20, 51, 55, 63, 69, 82, 90

B
Basiese produksiemateriaal 23, 55
Begroting, media ... 3, 7, 12, 22-24, 45
Bekendstelling van die mediasentrum .. 3, 8, 12, 65-69
Beramingsvorm 23, 27, 49
Bestuur van mediasentrums en mediagebruik 3-15
Beskikbaarstelling van voorraad aan gebruikers 3, 8, 12, 63-65
Beveiliging 24, 28
Bibliografieë 41, 60, 72
Bloklenings 9, 15, 64-65, 79
Boeke 14, 22, 29, 31, 41, 42-44, 49, 52-53, 56, 58-59
Bronnelyste 15, 44, 48, 58, 62, 85, 96
Buitekurrikulêre mediagebruik 4, 9, 12, 88-91
Buitekurrikulêre pligte ... 16, 88-91

D
Departementele beleid 1, 6, 28, 29, 31, 49
Departementshoofde 4, 6, 9, 13, 44, 72, 73, 81, 82, 84, 85
Dewey-klassifikasiestelsel 59

E
Evaluering van
funksionering van mediasentrum 21, 28, 50, 57
mediadienste .. 63, 65, 69, 71, 74
mediagebruik 80, 88, 91
professionele bestuur 10, 11
Evaluering, mediavoorraad 14, 31-41, 94-95

F
Fasiliteite, media ... 3, 7, 12, 24-28
Fiksie 29, 34, 41, 42-43, 59, 64
Fisiese voorbereiding 52-55
Funksionering van die mediasentrum 3, 7-8, 12, 16-57

G
Gedrukte media 22, 29, 33-34, 42-44, 45, 49, 51, 52-54, 58-59
Geleentheidslyste 60

H
Hoof 1, 4, 6, 13, 49, 51, 73
Hoofdesimposia 73
Huisvesting van mediavoorraad 53 54, 55, 56

I
Indiensopleiding .. 3, 8-9 , 12, 72-74, 80, 88
Inligtingdienste 3, 8, 12, 69-71
Inligtingontsluiting ... 3, 8, 12, 15, 46-47, 58-63, 85
Inligtingvaardighede 9, 10, 11, 12, 70, 73, 75-78, 79, 80, 81-82, 84, 85, 86, 87, 91
Integrering van media 4, 73, 79, 83, 84, 85-87, 88

J
Junior primêre skoolfase ... 4, 8, 9, 14, 15, 79, 81
Junior sekondêre skoolfase 4, 9, 14, 15, 78, 82

K
Katalogisering 52-53, 54, 58-60
Klankopnames 37
Klaslokale en mediagebruik 24, 28
Klassifisering 58-59
Klasversamelings 29
Koerante 29, 54
Konsultasiedienste 3, 8, 12, 69-71
Kriteria vir evaluering van onderwysmedia 29, 31-41, 94-95
Kurrikulêre mediagebruik .. 9, 12, 80, 83-88

L
Leenbeleid 63
Leenprosedures 64-65
Leenstelsel 55, 64
Leerlinge ... 1, 7, 8, 9, 11, 16, 30, 56, 66, 76, 85-87, 90, 91
Leerlinghelpers 7, 8, 20-21, 55, 56, 63, 64, 69
Leerlingleiers 7, 20-21
Leesleiding 62, 76
Leeslys vir verhale 8, 15, 55, 58, 62

M
Media-adviseurs 12, 23, 27, 49, 73, 80
Mediabeleid...3, 5, 6-10, 11, 12, 13, 16, 17, 44, 58, 61, 63, 65, 70, 72, 73, 75, 78, 83, 85, 89
Mediabegroting 3, 7, 12, 22-24, 45
Mediadienste 3, 8, 12, 17, 58-74
Media-eienskappe 30
Mediafasiliteite..3, 7, 12, 24-28
Mediagebruik...1, 4, 9-10, 12, 28, 63-64, 75-91
Mediagebruikersleiding 4, 9, 10, 12, 17-18, 75-82, 84, 85, 91
Mediahoekie, junior primêre skoolfase 9, 15, 64, 79
Mediakomitee 1, 4-5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 18, 20, 21, 22, 23, 24, 26, 27, 28, 29, 31, 41, 42, 44, 45, 50, 51, 56, 58, 61, 63, 64, 65, 66, 69, 71, 72, 73, 74, 75, 78, 80, 81-82, 83, 84, 88, 89, 90, 91
Mediakundiges 60
Media-onderwyser 4, 7, 9, 11, 12, 13, 16-19, 45, 50, 51, 52, 58, 61, 62, 69, 73, 78, 79, 81-82, 84, 85, 87, 89, 90, 91
Mediapersoneel 3, 7, 11, 12, 16-21, 50, 63, 64
Mediaprogram 2, 3, 5, 7, 9, 10-12, 13, 16, 17, 44, 50, 58, 63, 65, 70, 72, 73, 75, 83, 85, 89, 92
Mediasentrumtoekenning ... 22, 45
Mediavaardighede 9, 10, 11, 12, 70, 73, 75-78, 79, 80, 81-82, 84, 85, 86, 87, 91
Mediavoorraad 3, 7, 12, 17, 21, 22-23, 28-50, 51, 56, 57, 65-69
Meubels en toerusting 23, 24, 27

N
Nasionale Filmoteek 7, 20, 62

O
Onderwerpkatalogus 46, 47, 55, 58-60, 61
Onderwerplys 15, 46-47, 59-60, 61
Onderwysbiblioteek 7, 50, 60, 62
Onderwysmedia 1, 29, 30-32
Onderwysersnaslaanversameling 8, 41, 50, 56, 61, 72, 80
Ontsluiting van inligting 3, 8, 12, 15, 46-47, 58-63, 85
Organisasie van die mediavoorraad 3, 8, 12, 16, 21, 50-57
Oriënteringskursusse 72, 80, 88
Oudiovisuele apparatuur 23, 29, 41, 49, 51, 52, 55, 56, 58, 64, 65, 73
Oudiovisuele media 29
Oudiovisuele programmatuur 35-40, 51, 52, 54-55, 56, 58, 64
Ouerhelpers 21, 55
Ouerverenigings 66

P
Pamflette 29, 31
Pamfletversameling 45, 53-54
Parate naslaanwerke 29, 33, 42, 43, 59, 64
Pligstate 7, 16-21
Professionele bestuur van die mediasentrum en mediagebruik .. 1, 2-16
Programmatuur 35-40, 51, 52, 54-55, 56, 58, 64
Prosedures, administratiewe 50-57
Prosedures, interne 6, 8, 10, 63, 64, 75, 82, 88

R
Rekenaarprogramme 29, 40
Rooster 9, 63, 65, 79

S
Senior primêre skoolfase 4, 9, 14, 15, 78, 82
Senior sekondêre skoolfase 4, 9, 14, 15, 79, 81
Sentrale Katalogiseringsdienste 60-61
Sentrale verskaffing 49
Sifting van voorraad 14, 32
Sillabusontledings 15, 44, 46-47, 61
Sillabusse 15, 41, 42, 44, 59, 61, 81, 83, 87, 88
Sirkulasiestatistiek 55, 65
Skoolbeleid 3, 5, 6
Skoolbegroting 7, 22, 27

Skoolfonds 22, 45
Skoolmediabeleid 2, 3, 5, 6-10, 11, 12, 13, 16, 17, 44, 58, 61, 63, 65, 70, 72, 73, 75, 78, 83, 85, 89
Skoolmediaprogram 2, 3, 5, 7, 9, 10-12, 13, 16, 17, 44, 50, 58, 63, 65, 70, 72, 73, 75, 83, 85, 89, 92
Skoolprogram 5, 7, 8, 10, 12, 13, 65, 72, 91
Skyfieklankprogramme 38
Skyfies 36
Streekkursusse 72, 80, 88
Strookfilms 36
Subkomitees 4, 6, 13, 65, 67
Superintendent van onderwys: akademies 73, 88
Superintendent van onderwys: kring 24, 73

T
Taalonderwysers 15, 58, 62
Toekenning, mediasentrum .. 22, 45
Transparante 35
Tydskrifte 22, 29, 31, 41, 42, 45, 49, 51, 52, 53, 61

U
Uitstallings 8, 15, 58, 60, 62, 72, 88, 89

V
Vakbeleid, Mediagebruikersleiding 79, 81
Vakbeleid 4, 79, 81, 83, 84
Vakbibliografieë 41, 60, 72
Vakkomitees 49
Vakliteratuur 33, 41, 42, 59, 64, 94-95
Vakmediavaardighede 84
Vakvergaderings 9, 81, 84, 85
Vakverteenwoordigers 4, 6, 23, 85
Verhale 29, 34, 41, 42-43, 59, 64
Verslaghouding 56
Videoprogramme 39
Voorligting in mediagebruik ... 3, 8-9, 12, 72-74, 88
Voorraad
  beheer 56
  opname 56
  kaarte 52, 55, 59
Voorraadbou 3, 14, 29, 31, 32, 43, 44-45, 72
Voorraadregisters 52

W
Werkopdragte 4, 9, 11, 12, 58, 62, 64, 73, 79, 84, 85, 86, 87
Werkprogramme 2, 5, 7, 10-11, 12, 13-15, 23, 24, 44, 50, 56, 57, 58, 61, 65, 66, 69, 73, 75, 80, 81-82, 83, 84, 85, 88, 89, 90